Downloaded from Stanmorephysics.com

# AFRIKAANSE TAALBOEK

# GRAAD 8-12




Saamgestel deur: Ettie CRONJE

Downloaded from Stanmorephysics.com




NELSON MANDELA SE WOORDE TYDENS ’N BESOEK AAN DIE ATKV IN 1995.

“Afrikaans is ’n taal wat uit die bodem van Suid-Afrika gegroei en ontwikkel het, gevoed deur die verskeidenheid van tale en kulture in ons land, gewortel in die soeke na eie identiteit en vryheid. Sy krag en hoop op die toekoms was nog nooit spesiale bevoorregting nie, maar as een van die tale van Suid-Afrika wat skouer aan skouer tesame met ander tale met respek en gelyke regte die toekoms tegemoet moet gaan.”

**“AFRIKAANS JY ’S MEER AS ‘N TAAL JY ’S WAT ONS LAAT SIN MAAK.”**

**“Ons almal smag na eenheid in ons land. Wat jy soek sal jy kry. Afrikaans sal bly.”**

(Bron: Elandré Schwartz)

Downloaded from Stanmorephysics.com

# 'N KORT GESKIEDENIS VAN AFRIKAANS AS TAAL

Afrikaans is 'n taal wat uit verskillende tale en dialekte ontstaan het. Die Afrikaanse spreektaal lyk dikwels anders as Standaardafrikaans. Die verskillende vorme van die Afrikaanse omgangstaal is baie ouer as Standaardafrikaans, omdat Afrikaans tot na die helfte van die negentiende eeu net 'n spreektaal was.

Prof. Christo van Rensburg bewys in sy navorsing dat Afrikaans reeds sy ontstaan in 1595 gehad het toe Khoi-Afrikaans ontstaan het, toe die Khoi-Khoin met die seevaarders begin handel dryf het. Vanaf 1595 het Nederlandse skepe die Kaap besoek en tussen 1610 en 1650 het daar nie minder nie as 363 skepe, uit Nederland, aan die Kaap anker gegooi. Die Khoi-Khoin het vee aan die bemanning van die besoekende skepe verskaf. Die seelui het Khoi-woorde aangeleer, en die Khoi-Khoin het die Nederlands van die seemanne probeer napraat.

Met die stigting, in 1652 van die VOC se verversingspos aan die Kaap, het hierdie ruilhandel verander en moes die Khoi-Khoin die beheer wat hulle voor 1652 oor die veeruiltransaksies gehad het, prysgee. Die vee-eienaars het in 'n kort rukkie se tyd die veewagters geword. Met 'n kennis van Khoi-Afrikaans was dit moontlik om plaasarbeiders te word (op die buitewyke), transportryers, smouse, gidse, huishulpe, ensovoorts, oor 'n al groterwordende gebied, mettertyd tot diep in die binneland in. Hierdie aanleerstaal wat hulle geleer het, het 'n deel van hulle daaglikse bestaan geword. Nederlands was, in die tyd van die VOC, die enigste amptelike taal.

Hierdie Khoi-Afrikaans vind ook aanklank by die slawe en koloniste aan die Kaap en elkeen het sy invloed en bydra tot die ontstaan van 'n nuwe taal. Hierdie taal se hooffunksie is kommunikasie. Ander tale, soos Maleise woorde soos bv. *baie* en *piering*, vind ook hulle weg tot, en blyplek, in hierdie nuwe aanleerstaal.

In die 18de eeu het twee groepe oor die Hottentots-Holland-berge getrek. Die Khoi-Khion wat Khoin-Afrikaans, gepraat het en die Veeboere wat Veeboerafrikaans gepraat het. Hulle het mekaar se dialekte van Afrikaans beïnvloed, en teen die middel van die 18de eeu, was Afrikaans op die voorposte 'n nuwe taal met 'n eie identiteit.

Na 1806 het Engeland die Kaap vir die tweede keer oorgeneem en daarop aangedring dat Engels die voertaal word, maar omdat die boere en die slawe nie in dieselfde sosiale lae as die Engelse geval het nie, het dit nie juis gewerk nie. Die slawe en die veeboere het maar aangehou om die nuwe taal te praat.




Die meeste van die slawe was van Moslem afkoms en ons sien dan ook dat die eerste boek *Bayab-al Din,* wat in 1877 in Afrikaans gepubliseer is, deur Abu Bakr in Arabiese skrif geskryf is. Die eerste Afrikaanse skool was in Dorpstraat 37 in die Bo-Kaap en die Moslem-kinders het hulle godsdiensonderrig in dié nuwe taal ontvang. In 1807 was daar ongeveer 375 leerders aan hierdie skool en een van hulle take was om hulle lesse oor

Downloaded from Stanmorephysics.com

die Koran in Afrikaans in Arabiese skrif oor te skryf. Van al die heilige boeke was die Koran dus die eerste om in Afrikaans geskryf te word.

‘n Paarlse predikant, ds. Van der Lingen, het in 1858 ’n private skool met Nederlands as voertaal gestig om kinders te onderrig. Die skool was De Gimnasium en een van die onderwysers was Arnoldus Pannevis, ’n Nederlander, wat in 1866 in die Paarl aangekom het. Die Nederlands wat hy kom onderrig het en die taal wat die mense gepraat het was so ver verwyderd van mekaar dat daar nie van hierdie taal as ’n dialek van Nederlands gepraat kon word nie. Arnoldus Pannevis was die eerste om hierdie nuwe taal Afrikaans te noem.

Die wens van die gemeenskap was dat ’n Bybel in Afrikaans moet verskyn. Die Genootskap van Regte Afrikaners wat Afrikaanse eers as skryftaal sou ontwikkel om dit ’n volwaardige taal te kan maak sodat werk in Afrikaans gepubliseer kan word, word gestig. Kort hierna volg die eerste koerant ‘Die Afrikaanse Patriot’(1876) en dan ook die tweede Afrikaanse skool op die plaas Kleinbosch (1882).

Baie mense was nie met hierdie verheffing van Afrikaans as taal tevrede nie en wou Nederlands as onderrig taal behou. Volgens hulle het Afrikaans nie literêre waarde gehad nie. Gedigte soos “Winternag “ deur Eugene Marais en “Die Vlakte” deur JF Celliers het gou die teendeel bewys. Die spelreëls en taalreëls word in 1917 opgestel en baie van die Nederlandse aspekte word behou en sekere Afrikaanse woorde moes in die slag bly ten koste van die Nederlands wat voorkeur geniet het (Die begin van Standaardafrikaans).


DIE

Afrikaanse Patriot.

"Eert uwen vader en uwe moeder, opdat uwen dagen verlengd worden in het land dat u de Heere uw God geeft."
— Het vijfde Gebod.

DEEL 1.] SATERDAG, 15 JANUARY, 1876. [No. 1.

"DIE AFRIKAANSE PATRIOT."

Een Afrikaanse koerant! Wie het dit ooit gedroom! Ja, Afrikaanders! een koerant in ons ei'e taal! Dit het baiang moeite gekos om so vêr te kom; dit kan ek julle verseker, want die meeste Afrikaanders is nes steeks pêrde, hulle wil mos nie glo dat ons een ei'e taal het nie. Die ou'e Patriotte hou vas, en klou vas, an die *Hollans* taal; die jong mense vind die *Engelse* taal weer so danig mooi, en o'ertui'e gaat net so moeilik, as om steeks pêrde te leer pronk in dié voortuig. Ons wil nou met ons "Patriot" an die wereld wys, dat ons wel de'entlik een taal het waarin ons kan sê net wat ons wil.

Die eerste Afrikaanse tydskrif “DIE BRANDWAG” word in 1910 gepubliseer,die eerste Kinderbybel in 1912 en Afrikaans word die eerste keer as amptelike skooltaal in 1914 erken. In 1916 verskyn die tydskrif “Die Huisgenoot” vir die eerste keer. In 1925 word Afrikaans aanvaar as een van die amptelike tale in die plek van Nederlands.

Prof Kwasi Prah van Ghana het in 2010 die Afrikaanse taal vereer deur dit te loof deurdat dit in 50 jaar vanaf ’n kombuistaal tot ‘n wetenskaplike- en ekonomiese-taal ontwikkel het.




Vandag word daar steeds oor en in Afrikaans gestry en praat meer as 7 miljoen mense die taal as moedertaal. Afrikaans bly as ‘n taal ontwikkel en het ook al sy stempel op ander tale begin afgedruk.

Afrikaans het in Afrika ontstaan en sal altyd deel van Afrika wees.

(verwerk uit: Afrikaans.comOorsprong van Afrikaans)

Downloaded from Stanmorephysics.com

# TAALBOEK: INHOUDSOPGAWE:


| ONDERWERP | BLADSY NO |
|---|---|
| 1. BEGRIPSTOETS | |
| Hoe benader ek 'n begripstoets:Algemene wenke | 9-12 |
| Vraagwoorde en Bevel/Instruksiewoorde | 13 |
| Voorbeelde: Hemelbesem | 14-16 |
| As die reën wegbly | 17-19 |
| 2. VISUELE TEKSTE | |
| Inleiding: Algemene aspekte | 20-22 |
| Belangrike Begrippe | 23-24 |
| Oefeninge: Advertensies | 25-26 |
| Spotprente | 27-29 |
| Grafieke | 30-31 |
| 3. OPSOMMING | |
| Algemene wenke: | 32 |
| Oefeninge: Wenke vir verliefdes wat 'n suksesvolle verhouding wil verseker | 33 |
| Maak 'n goeie indruk tydens jou onderhoud | 34 |
| Wenke vir matrieks: Doen dit voor die eksamen | 35 |
| Wenke vir Suksesvolle gebak | 36 |
| Help die aarde | 37 |
| 4. TAALKONSEPTE | |
| 4.1. Klanke: | |
| Kort Klanke | 38 |
| Lang Klanke | 38 |
| Tweeklanke en diftonge | 38 |
| Lettergrepe | 39 |
| Oefeninge | 39-40 |
| 4.2. Skryftekens: | |
| Verskillende Skryftekens | 41-47 |
| Oefening: Skryftekens | 48 |
| 4.3. Leestekens: | |
| Verskillende Leestekens | 49-53 |
| Oefening: Leestekens | 54 |
| 4.4. Sinsoorte: | |
| Tipe sinsoorte | 55-56 |
| Vraagwoorde | 57 |
| Oefening om sinsoorte te identifiseer | 58 |
| Oefeninge om stelsinne oor te skryf in vraagsinne. | 58-59 |
| 4.5. Woordorde: | |
| STOMPI | 60-65 |
| Oefeninge: Korrekte woordorde | 66-67 |







Downloaded from Stanmorephysics.com


| | | |
|---|---|---|
| 4.6 | Tye: | |
| | Algemene aspekte | 68-70 |
| | Verskillende Werkwoorde | 71-74 |
| | Opsomming van Tye | 75-76 |
| | Oefeninge | 77 |
| 47. | Negatief/Ontkennende vorm: | |
| | Algemene aspekte | 78-80 |
| | Oefeninge | 81-84 |
| 4.8. | Voegwoorde: | |
| | Groep 1 voegwoorde | 85-86 |
| | Groep 2 voegwoorde | 86-87 |
| | Groep 3 voegwoorde | 87-88 |
| | Oefeninge | 89 |






| | | |
|---|---|---|
| 4.9. | Direk en Indirekte Rede: Algemene aspekte | 90-91 |
| | Tydwoorde wat verander | 92 |
| | Uitroepwoorde wat verander | 92 |
| | Bevelsinne | 93 |
| | Oefeninge | 94-95 |
| 4.10. | Lydende en Bedrywende vorm: | 96-99 |
| | Algemene aspekte | 99 |
| | Oefeninge: | 100 |
| 5. | WOORDSOORTE | 101-102 |
| 5.1. | Selfstandige Naamwoorde: | 103 |
| 5.1.1. | Meervoude: | |
| | Reëls oor vorming van Meervoude | 104-106 |
| | Oefening: Vorm meervoude | 106 |
| 5.1.2. | Verkleinwoorde: | |
| | Reëls oor vorming van Verkleining | 107-109 |
| | Oefening : Vorm verkleinwoorde | 109 |
| 5.1.3. | Geslag (Manlik en Vroulik) | |
| | Reëls oor die vorming van geslag | 110-112 |
| | Oefening: Blokkiesraaisel | 113 |
| 5.1.4 | Versamelname: | 114-115 |
| 5.2. | Byvoeglike naamwoorde: | 116-117 |
| 5.2.1. | Trappe van vergelyking: | |
| | Reëls om trappe van vergelyking te vorm | 118-122 |
| | Oefening | 122-123 |




Downloaded from Stanmorephysics.com


| | |
|---|---|
| 5.2.2. Intensiewe vorm:<br>Algemene aspekte<br>Oefeninge | 124-125<br>126 |
| 5.3. Voornaamwoorde: Soorte | 127-128 |
| 5.3.1. Persoonlike Voornaamwoorde: | 129 |
| 5.3.2. Besitlike Voornaamwoorde:<br>Oefeninge | 130<br>131 |
| 5.3.3. Betreklike Voornaamwoorde:<br>Oefeninge | 132-134<br>135 |
| 5.4. Werkwoorde:Soorte | 136-138 |
| 5.4.1. Infinitief:<br>Oefeninge | 139<br>140 |
| 5.5. Bywoorde:<br>Oefeninge | 141-143<br>144 |
| 5.6. Telwoorde:<br>Oefeninge | 145-146<br>147-148 |
| 5.7. Lidwoorde: | 149 |
| 5.8. Voorsetsels: | 150-152 |
| 5.9. Tussenwerpsels: | 153 |
| 6. DEELWOORDE | 154 |
| 6.1. Teenwoordige Deelwoorde | 155 |
| 6.2. Verlede Deelwoorde<br>a) Swak verlede deelwoorde<br>b) Sterk verlede deelwoorde | 156<br>156<br>157 |
| Oefeninge | 157 |
| 7. WOORDVORMING | 158 |
| 7.1. Simpleks: | 158 |
| 7.2. Kompleks:<br>Afleidings<br>Samestellings<br>Samestellende afleidings | 158<br>159<br>160-161<br>162 |
| Oefening: | 163 |
| | |







Downloaded from Stanmorephysics.com



| 8. BETEKENISLEER | |
|---|---|
| 8.1 Paronieme | 164 |
| 8.2 Sinonieme | 165-166 |
| 8.3 Antonieme | 167-168 |
| 8.4 Homofone | 169-170 |
| 8.5. Homonieme | 171- 175 |
| Oefeninge vir Betekenisleer | 176- 177 |
| 9. Afkortings. | 178 |
| 10. WERKSVELLE: | 179-192 |
| 11. BIBLIOGRAFIE: | 193 |





Downloaded from Stanmorephysics.com

# 1. BEGRIPSTOETS:

## BEGRIPSTOETS

*Om te verstaan (begryp) wat 'n mens lees, vorm die basis van effektiewe studie. Deur jou leesbegrip te verbeter, sal jy dus nie net jou eksamenpunte verbeter nie, maar ook jou kanse op sukses in die lewe. Ons hoop dat die volgende wenke sal help.*

### ALGEMENE WENKE

**1. Wanneer jy 'n leesbegripstoets moet beantwoord, is dit raadsaam om die volgende <u>stappe</u> te volg:**

✏ Bestudeer die titel van die leesstuk en kyk of jy kan aflei waaroor die leesstuk gaan. Die titel gee gewoonlik 'n leidraad waaroor die teks se inhoud gaan.

✏ Bestudeer die visuele prikkels wat in die leesbegrip voorkom en hou dit in gedagte wanneer jy die leesstuk lees.

✏ Lees eers net die eerste paragraaf (inleiding), die eerste sin van elke daaropvolgende paragraaf en die laaste paragraaf (slot), as die leesstuk taamlik lank is. Dit gaan vinnig en gee jou 'n idee waaroor die stuk gaan.

✏ Daarna lees jy die hele stuk, maar dié keer versigtig en aandagtig, want jy moet nou die hele inhoud inneem om vrae daaroor te kan beantwoord en die hooftema te identifiseer. Gee aandag aan elke woord en onderstreep of merk belangrike gedeeltes in die teks. Maak aantekeninge langs die paragraaf. Skryf 'n kernwoord waaroor die paragraaf gaan, in die kantlyn neer.

✏ Lees nou al die vrae deur sodat jy weet wat om in die teks te soek.Omring die kernwoorde van die vrae bv. *identifiseer; bespreek*.

✏ Daarna neem jy die vrae een vir een en soek die antwoorde in die teks. Jy ignoreer nou alles wat niks met die spesifieke vraag waarmee jy besig is, te doen het nie. (Ons noem dit soeklees.)

✏ Nadat jy al die antwoorde neergeskryf het, kan jy hulle weer oorlees en onverskillige taal-, spel- en leestekenfoute regmaak.

**2. Daar is verskillende maniere waarop leesbegripsvrae gestel en beantwoord kan word. Die volgende <u>soort antwoorde</u> word gewoonlik vereis:**

✑ volsinantwoorde

✑ eenwoord – antwoorde

✑ antwoorde waarin 'n woord of 'n paar woorde (sinsdeel) uit die teks aangehaal moet word

Downloaded from Stanmorephysics.com

# 1. BEGRIPSTOETS:

- ’n antwoord wat uit vier gegewe moontlikhede gekies word
- antwoorde waarin jy slegs waar of onwaar moet beantwoord, en dit motiveer

**3. Wenke by die beantwoording van die verskillende soorte vrae:**

**Volsinantwoorde:**

- Probeer om so korrek moontlik te skryf, sodat jy nie punte verloor vir taal-, spel- en leestekenfoute nie.

- Kyk na die punte wat vir elke onderafdeling toegeken word (bv. 2,3,4). Dit gee jou ’n aanduiding van hoeveel feite jy moet gee.

- As jy gevra word om in een enkele volsin te antwoord, kan jy punte verloor as jou antwoord **uit meer as een sin** bestaan, of **as dit nie ’n volsin is nie**.

- As jy in ’n volsin moet beantwoord op die vraag: *Hoekom het hy deur die rooi lig gejaag?* moet jy, bv. nie sê: *“Omdat hy ’n roekelose bestuurder is”* nie, want dis nie ’n volsin nie. Om dit ’n volsin te maak, moet nog woorde bygevoeg word, bv.: *“Omdat hy ’n roekelose bestuurder is, het hy deur die rooi lig gejaag.”*

- Dis egter glad nie nodig om, soos hierbo, die vraag in jou antwoord te herhaal nie. Dis genoeg as jy net sê: *“Hy is ’n roekelose bestuurder.”* Dit is mos ’n volsin.

- Hier volg nog ’n voorbeeld: *Hoekom was Patrick nie by die werk nie?*
  *Patrick was nie by die werk nie, omdat hy sy ma hospitaal toe moes neem.*
  (Onnodig, want die vraag word in die antwoord herhaal.)
  *Hy moes sy ma hospitaal toe neem.* (Korrek, want dit is ’n volsin.)

- Moenie aanhalings gee as dit nie gevra word nie, want jy sal nie daarvoor punte kry nie.

**Eenwoord – antwoorde:**

♦ Moenie in ’n sin antwoord wanneer jy slegs ’n woord moet gee nie, want dit wys jy het nie die instruksie verstaan of korrek uitgevoer nie.

♦ As een woord gevra word, moenie skryf: *“Die woord is ...........”* nie. Skryf net die woord neer.

**Aanhalings uit die teks:**

Plaas die aangehaalde gedeelte tussen aanhalingstekens. In Afrikaans word dubbele aanhalingstekens ( “...” ) meestal gebruik.

Downloaded from Stanmorephysics.com

# 1. BEGRIPSTOETS:

**Meerkeusevrae:**

Lees die instruksie en bewoording van die vraag baie goed deur. Soms moet jy die korrekte antwoord kies (die een wat pas) en soms die een wat nie pas nie. As jy nie goed konsentreer nie, kan jy maklik deurmekaar raak. Die afleiers (moontlike antwoorde) verskil soms baie min; dus moet jy hier goed dink voordat jy antwoord. Daar is dikwels vangplekke.

**Waar of Onwaar:**

Gewoonlik moet jy hierdie antwoorde kan motiveer. ’n Punt word slegs vir die motivering van jou antwoord gegee. Geen punte word vir die Waar of Onwaar toegeken nie. Onthou dat jou motivering wel by jou Waar of Onwaar antwoord moet aansluit om ’n punt te verdien.

**Feit of Mening:**

Feit: Dit is iets wat werklik bestaan. Dit kan deur navorsing, eksperimente of waarnemings bewys word (datums, statistieke, ens. word gegee).

Mening: Dit is ’n persoon se siening. Woorde soos *dink, voel, is oortuig, die meeste mense sê, almal*, word gebruik.




**4. Ander faktore wat ’n rol speel by die leesbegrip:**

- Jou leesbegrip sal net verbeter as jy dit oefen (en dit kan ’n mens nie doen terwyl jy TV kyk nie.) Lees dus soveel as wat jy kan.
- Deur te lees, word jou woordeskat uitgebrei. Woorde is die boustene van ’n taal; dus lei ’n goeie kennis van die betekenis van woorde vanselfsprekend tot goeie begrip.
- Dis egter nie absoluut noodsaaklik dat ’n mens weet wat elke woord in ’n stuk beteken, om te verstaan waaroor dit gaan, nie. Moenie ontsteld raak as jy op ’n woord afkom wat jy nie ken nie. Probeer om so ’n woord se betekenis uit die teks self agter te kom en soek in die sin voor en na die woord, of op ander plekke in die leesstuk of daar nie dalk dinge is wat vir jou kan sê wat die woord beteken nie, byvoorbeeld:
    - Soek ek ’n positiewe of negatiewe woord?
    - Soek ek ’n woord wat sê wat gedoen word (werkwoord)?
    - Soek ek ’n woord wat die naam is van iets of iemand (naamwoord)?
    - Ander leidrade soos bv. ’n dubbelpunt na die woord wat jy nie ken nie, beteken dat daar ’n verdere verduideliking gaan volg wat jou kan help.

Downloaded from Stanmorephysics.com

# 1. BEGRIPSTOETS:

- As jy baie lees, sal jou leesspoed ook verbeter. Hoe vinniger jy lees, hoe beter sal jou begrip wees. 'n Mens moet probeer om soveel moontlik van die bladsy te sien terwyl jy lees, want hoe meer woorde jy sien, hoe meer woorde is daar wat jou brein kan opspoor om goed te werk.

- Ook jou algemene kennis sal uitbrei as jy meer lees. Jy sal leesstukke beter verstaan as jy voor die tyd iets van die saak waaroor geskryf word, weet.

- Dis onwaarskynlik dat jy in die skool genoeg oefening in die beantwoording van leesbegripstoetse sal kry. Gebruik dus elke geleentheid wat jy kry om te oefen.

**5. Die volgende <u>wenke</u> kan ook help om jou punte vir leesbegrip te verbeter:**

- Moenie in die eksamen oorhaastig met die beantwoording van jou leesbegripsvrae wees nie. Daar is genoeg tyd, veral omdat baie van die vrae eenwoord - antwoorde is.

- Moenie antwoorde met "want" begin nie.

- Let op dat 'n sin wat met "omdat" begin word, 'n komma in die middel moet hê (tussen werkwoorde), want daar is 'n pouse in die sin op daardie plek.

- Die woordorde ná "omdat" is ook iets waarop jy in die eksamen moet konsentreer as jy gewoond is aan die Engelse woordorde, want die werkwoord(e) skuif na die einde van die sin ná 'n "dat-woord":
  - Almal was baie laat *omdat* die treine nie geloop het nie.
  - *Omdat* die treine nie geloop het nie, was almal baie laat.

  As jy bang is jy gaan die woordorde na omdat verkeerd kry, moet jy liewer glad nie *omdat* in antwoorde gebruik nie. Dis nie nodig nie.

- Laat reëls tussen jou begripstoetsantwoorde oop. Dit lyk netjieser en maak jou antwoorde makliker om na te sien.



Downloaded from Stanmorephysics.com



# 1. BEGRIPSTOETS:

## VRAAGWOORDE

| | | |
|---|---|---|
| **Wie** | **Wie** het die boek gelees? | Who |
| **Wie se** | **Wie se** hand hou jy vas? | Whose |
| **Wat** | **Wat** is in jou skooltas? | What |
| **Watter** | **Watter** trein het jy gehaal? | Which |
| **Waarom** | **Waarom** kom jy nou eers? | Why |
| **Hoekom** | **Hoekom** het jy my nie vertel nie? | Why |
| **Hoe** | **Hoe** het die man ingekom? | How |
| **Hoeveel** | **Hoeveel** geld het die nuwe rok gekos? | How many |
| **Hoe laat** | **Hoe laat** begin die konsert? | What time |
| **Wanneer** | **Wanneer** kom jy vir my kuier? | When |
| **Waar** | **Waar** gaan julle speel? | Where |
| **Waarin** | **Waarin** stel die kind belang? | In what |
| **Waarop** | **Waarop** staan die atleet? | On what |
| **Waaruit** | **Waaruit** bestaan die gereg? | Out of what |
| **Waarmee** | **Waarmee** kom jy skooltoe? | With what |
| **Waarvandaan** | **Waarvandaan** kom julle? | From where |
| **Waarheen** | **Waarheen** gaan die kinders? | To where |
| **Waarna** | **Waarna** verlang jy die meeste? | What do |
| **Waarnatoe** | **Waarnatoe** het hy gegaan? | To where |
| **Het** | **Het** jy die boek gelees? | Did |
| **Het jy** | **Het jy** vir my die antwoord? | Do you have |

## BEVELWOORDE



| | | |
|---|---|---|
| **Beskryf** | **Beskryf** hoe dit gebeur het. | Describe |
| **Voltooi** | **Voltooi** die volgende sin ... | Complete |
| **Verbind** | **Verbind** die twee sinne ... | Join |
| **Beantwoord** | **Beantwoord** die vraag ... | Answer |
| **Onderstreep** | **Onderstreep** die korrekte antwoord. | Underline |
| **Waarom dink jy** | **Waarom** dink jy dat ... | Why do you think |
| **Verduidelik** | **Verduidelik** hoekom ... | Explain why |
| **Vertel van** | **Vertel** vir my van jou ervaring ... | Tell about |
| **Kies** | **Kies** die regte antwoord | Choose |
| **Vergelyk** | **Vergelyk** die twee seuns met mekaar | Compare |
| **Skryf in jou eie woorde** | | Write in your own words |
| **(Be)antwoord in 'n volsin** | | Answer in full sentences |
| **Lees aandagtig deur die volgende** | | Read through the following |
| **Haal opeenvolgende woorde aan** | | Quote consecutive words |

Downloaded from Stanmorephysics.com

# 1. BEGRIPSTOETS: Oefeninge

**TEKS A:TYDSKRIFARTIKEL** **PUNTE: 11 (Opgestel deur : R Toyer)**


Lees die onderstaande artikel noukeurig deur en beantwoord die vrae wat volg, in volsinne, tensy anders gevra.

## Hemelbesem: "Afrikaans se arms wyd oop"

Deur Laetitia Pople 04 Maart 2017

1. Afrikaans is sy hart se punt. Dit kan jy maar weet van Simon Witbooi – of dan Hemelbesem, soos sy aanhangers hom ken.

2. Dié "straatpredikant" en bekroonde hiphop-kunstenaar met nege albums op die rakke, het gister by die US Woordfees in Stellenbosch met die digter Danie Marais gepraat oor sy pas verskene boek, *God praat Afrikaans*.




3. Die gesprek het 'n paar draaie gemaak, maar altyd teruggekeer na die fokus van Hemelbesem se ywer, sy hartstaal Afrikaans, 'n taal wat groei en 'n taal met wyd oopgestrekte arms, aldus dié brugbouer.

4. Hy is 'n vurige Blou Bul-ondersteuner, hy beskou Steve Hofmeyr as een van sy vriende en hy is gek na die rolprent *Braveheart*. En dus ook William Wallace, die Skotse vryheidsvegter op wie se lewe *Braveheart* gegrond is. Hy het 'n tatoeëermerk van hom.

5. Hy het 'n hele paar ander tjappies ook. Tatoeëermerke is 'n deel van die emosionele reis wat hy onderneem het. Hendrik Witbooi, een van sy voorgeslagte, is ook op sy lyf aangebring. Hofmeyr het nie geglo daar is 'n groter Blou Bul-ondersteuner as hy nie, maar hy moes besgee toe hy Hemelbesem se Blou Bul-tatoeëermerk sien.

6. Hemelbesem se *God praat Afrikaans* is 'n soort motiveringswoordeboek en hy wil glo dat dit 'n bydrae lewer tot die woordeskat van Afrikaans. Hy het wel by Willem Botha, hoofredakteur van die Woordeboek van die Afrikaanse Taal (WAT), aangeklop omdat die woord "aweh" nie daarin opgeneem is nie. "Dit is 'n diep geestelike woord wat van Jahweh af kom."

Downloaded from Stanmorephysics.com



7. Sodra iets geboekstaaf word, "beklemtoon jy opnuut die waardigheid daarvan."

8. Elke hoofstuk in sy boek word afgesluit met die lirieke van een van sy liedjies.Mense moet dit tog lees met die hiphop-ritme in gedagte, vra hy.

9. Die boek huldig al die mense wat oor sy pad gekom en hom gehelp het, want hy het in haglike omstandighede grootgeword.

10. "Ek wil teruggee aan elkeen van die mense, ek wil gee wat ek ontvang het. Dit is vir my baie belangrik om hulle te onderstreep en 'n aksent op hulle te plaas."

11. "Ons verloor ons aanraking met mense, ons leef agter glas en metaal. As jy liefde en vergifnis in jou lewe ervaar het, dan wil jy dit teruggee soos ek met die boek".

12. Danksy die Kaapse hiphop-groep *Prophets of da City* het hy 'n hiphopper geword. Dit het sy lewe verander. Hy het besef hulle vra dieselfde vrae as hy in hul liedjies. "Hiphop is nie gewortel in haat nie. My liefde vir die een ding is nie haat vir iets anders nie."

13. As hy deelneem aan die program *Rymklets Oos-Wes op die Klein Karoo Nasionale Kunstefees*, sing mense sy lirieke saam. "Hulle ken dit – van kindertjies tot oumense ken die diepste metafore van my liedjies." Die programme trek jaarliks tot 5000 mense.

14. Terug by die titel van sy boek. "Ek besig nie religie met die titel nie, maar my taal is vir my 'n geestelike ervaring. Ek is in my murg en been Afrikaans. Dit is die taal waarin ek vloek en bid.

(516 woorde) (Verwerk uit: Netwerk 24, 4 Maart 2017)

1.1. Haal 'n gepaste sin in paragrawe 1 en 2 aan wat aandui dat Simon Witbooi baie lief vir Afrikaans is. (1)

1.2. Voltooi die volgende sin: Simon Witbooi is ook onder sy aanhangers bekend as ……………… (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com



1.3. Waarom is die woord “straatpredikant” tussen aanhalingstekens geskryf? (1)

1.4. Noem een tjappie wat Simon Witbooi met trots op sy liggaam dra. (1)

1.5. Waarom is dit vir Simon Witbooi belangrik dat die woord “aweh” in ’n woordeboek moet verskyn? (1)

1.6. Dink jy Simon Witbooi het ’n moeilike lewe gehad?
Motiveer jou antwoord deur vier agtereenvolgende woorde aan te haal. (1)

1.7. Wat is kenmerkend van elke hoofstuk in die boek, *God praat Afrikaans*? (1)

1.8. Noem een karaktereienskap van Simon Witbooi wat in paragraaf 11 voorkom. (1)

1.9. Wat het *Prophets of da City* en Simon Witbooi se liedjies in gemeen? (1)

1.10. Watter boodskap dink jy wil hierdie artikel vir die leser oor taal oordra? (1)

1.11. Kies die antwoord wat nie pas nie.

Die titel, Afrikaans se arms is wyd oop . . . verwys na

A) Afrikaans is ’n taal wat nog groei.
B) Afrikaans is ’n taal wat verenig.
C) Afrikaans verwelkom almal.
D) Afrikaans gee vir almal drukkies. (1)

**[11]**






Downloaded from Stanmorephysics.com

# 1. BEGRIPSTOETS: Oefeninge

**TEKS B: TYDSKRIFARTIKEL PUNTE:24 (Opgestel deur: E Cronje)**

Lees die onderstaande artikel uit HUISGENOOT en beantwoord die vrae wat daarop volg.

## AS DIE REËN WEGBLY……





**As deel van ons 101 - jarige bestaan help ons lesers sin maak van aktuele gebeure. Die week: Waar anders as uit damme kan 'n droogtegebied soos die Wes-Kaap water kry?**

1. DAG ZERO. So word die dag genoem wanneer die krane leegloop en die miljoene mense sonder 'n druppel water gelaat word. Dit is nie 'n toneel uit 'n wetenskaps-fiksieprent nie: dis 'n al groter bedreiging vir die Wes-Kaap, wat die ergste droogte sedert 1904 beleef.

2. Uit die Wes-Kaapse krisis en die planne wat beraam word om Dag Zero te vermy, kan owerhede en mense landwyd iets leer.

3. Kenners is dit eens die Wes-Kaap, en eintlik die hele land, moet daarvan werk maak om hulle waterbronne te diversifiseer. "Die belangrikste strategie is om minder afhanklik te raak van damwater." "Tans kom 98 persent van Kaapstad se water byvoorbeeld uit gebergte bronne soos damme en reservoirs," sê dr. Kevin Winter van die UK. Hierdie bronne, damme, is tans gemiddeld rondom 18 persent vol. Kaapstad sal na uiteen-lopende watervoorsieningsbronne moet kyk.

4. Maar vir eers moet die vraag na water bestuur word met beperkings, waterdrukverlaging en beter instandhouding van pype. Tenks om reënwater op bepaalde plekke op te vang en tenks waarin dit op strategiese plekke geberg kan word, kan die Wes-Kaapse waternood tydelik help verlig. Die Wes-Kaapse regering het die provinsie onlangs tot rampgebied verklaar en strawwe vlak 4-waterbeperkings vanaf 1 Junie is vir die Kaapse metro ingestel. Daarvolgens is alle buitenshuise gebruik van munisipale water verbode.

Downloaded from Stanmorephysics.com



**Watter moontlikhede bestaan daar vir Kaapstad om sy waternood te help verlig**?

*Grondwater en boorgate*:

5. Eers moet onder meer met toetsboorgate vasgestel word of so ’n projek lewensvatbaar sal wees. Indien wel, word boorgate gesink en die grondwater word uitgepomp, gewoonlik na ’n verwerkingsaanleg om dit drinkbaar te maak, of na damme. Daar word tans gekyk na die bespoediging van dié ontwikkeling.

*Ontsouting*:

6. Die tegnologie daarvoor het meer energiedoeltreffend geraak en dit kan mettertyd ’n goeie opsie wees. Maar dit is ’n uitdaging om ontslae te raak van die neweproduk: pekelwater. As dit in die see teruggestort word, kan dit die seewater benadeel.

7. “Ontsouting kan soveel water bied as wat jy wil hê,” sê Dawid Bosman, ’n ingeneur en strategie raadgewer. Die koste van ontsoute water kan sowat R13 per 1000L wees. ’n Klein aanleg wat in Richardbaai in bedryf gestel is om die waternood in KwaZulu-Natal te verlig, het ongeveer R30 miljoen gekos. ’n Groot ontsoutingsaanleg kan binne sowat drie jaar goedgekeur en gebou word, terwyl dit agt jaar of langer duur om ’n dam te bou.

*Herwinning:*


8. Die verwerking van afvalwater is die mees kostedoeltreffende oplossing vir die Wes-Kaapse waterkrisis, meen Pierre Marais, ’n ingenieur. ’n Baie groot volume afvalwater wat nou die see binnevloei, kan as drinkwater herwin word. Sulke herwonne water is baie veilig om te gebruik en self ’n stadstaat soos Singapoer, maak hiervan gebruik.

9. Geeneen van die bogenoemde moontlikhede sal binne die volgende ses maande al verligting kan bring nie. Self ’n normale reënval die seisoen sal geen kitsoplossing vir die waterkrisis in die Wes-Kaap bied nie. Dit kan na raming, drie jaar van gemiddelde tot goeie reën verg om die damvlakke behoorlik te laat herstel.

10. Hou dus aan om water te bespaar, al het dit goed gereën.

(Aantal woorde: 527) (Verwerk uit: HUISGENOOT, 8 Junie 2017)

**BAIE DORS? HOE LYK DIT-STEL JY BELANG IN ’N KOPPIE SEEWATER?**




**BO: Die metode van die verdamping van soutwater, gevolg deur die kondensasie van die gevormde stoom (die proses van distillasie), word in hierdie geanimeerde skets getoon.** Krediet: Verkry van ’n webblad van U.S. Geologic Survey (verafrikaans) Bron: www.mieliestronk.co.za

Downloaded from Stanmorephysics.com

# 1. BEGRIPSTOETS: Oefeninge

1.1 Hoe oud is die tydskrif, HUISGENOOT, vanjaar? (1)

1.2 **Dag Zero** is die dag wat ons nie meer water sal hê nie.
Is hierdie stelling WAAR of ONWAAR? Motiveer jou antwoord deur SES OPEENVOLGENDE WOORDE aan te haal. (1)

1.3 Wat is Suid-Afrika se grootste probleem rakende waterbronne? (1)

1.4 Waar kom die grootste gedeelte van Kaapstad se water vandaan? (1)

1.5 Noem TWEE maniere waarop water beter bestuur kan word. (2)

1.6 Wat word, volgens vlak 4-waterbesparings, nie toegelaat nie? (1)

1.7 Pas die NAAM in KOLOM A by die BESKRYWING in KOLOM B

| **KOLOM A** | **KOLOM B** |
|---|---|
| 1.7.1 Richardsbaai | A. afvalwater word herwin |
| 1.7.2 Singapoer | B. as rampgebied verklaar |
| 1.7.3 Kaapstad | C. seewater word ontsout |
| 1.7.4 Wes-Kaap | D. waterbeperking |

(4)

1.8 Hoe weet jy dat boorgate en grondwater 'n moontlike oplossing vir Kaapstad se probleem is? Haal 'n sin (uit paragraaf 5) as jou antwoord aan. (1)

1.9 Is daar 'n beperking op die hoeveelheid soutwater wat jy kan ontsout? Motiveer jou antwoord. (1)

1.10 Hoe lank kan dit neem om 'n ontsoutingsaanleg te bou? (1)

1.11.1 Watter neweproduk word met ontsouting geskep? (1)
1.11.2 Hoekom kan dit nie in die see teruggepomp word nie? (1)
1.11.3 Hoekom kon hulle by Richardsbaai 'n ontsoutingsaanleg bou? (1)

1.12.1 Waarheen gaan die meeste afvalwater van Kaapstad? (1)
1.12.2 Wat kan eerder met hierdie water gedoen word? (1)

1.13.1 Watter stadstaat gebruik die skrywer om die waarde van herwinne water aan te dui? (1)
1.13.2 Hoekom dink jy het hy hierdie stad gebruik? (1)

1.14 Watter tipe waterverwerking is die goedkoopste? (1)

1.15 Dink jy die probleem van die waterkrisis kan gou opgelos word? Motiveer jou antwoord deur TWEE OPEENVOLGENDE WOORDE, uit paragraaf 9, aan te haal. (1)

1.16 Watter verpligting word daar aan jou, die leser, gestel? (1)
**[24]**

Downloaded from Stanmorephysics.com

# 2. VISUELE TEKSTE:

Die woorde en onderskrifte by 'n advertensie en spot-en strokiesprente is baie belangrik. Die woorde word op verskillende maniere aangebied, bv. die lettergrootte en -tipe word verskillend gebruik om sekere inligting onder ons aandag te bring.

Let byvoorbeeld op die volgende:

- **Lettergrootte en lettertipe**:
  Hoe groter die letters, hoe meer aandag sal daarop gevestig word. Belangrike gedagtes of woorde kan deur lettergrootte uitgelig en beklemtoon word.

  Die spesifieke lettertipe wat gebruik word, sluit gewoonlik aan by die boodskap van die teks. Indien die teikenmark van 'n advertensie byvoorbeeld jong kinders is, kan die lettertipe moontlik in 'n kinderlike handskrif aangebied word.

- **Hoof- en subopskrifte**:
  Verskeie maniere (soos kleur en lettergrootte) word gebruik om die opskrifte te laat uitstaan. Die hoofopskrif moet die leser se aandag trek om te verseker dat die res van die teks ook gelees word. Die subopskrif is kleiner en word gebruik om meer inligting te gee.

Dit is ook belangrik om op te let na die persone/karakters, in die advertensie of spot- en strokiesprent, se lyftaal. Die lyftaal word op sekere maniere uitgebeeld.

Let byvoorbeeld op die volgende:

- As die karakter 'n **vraagteken** bokant sy/haar kop het of kop krap, kan dit beteken die karakter is: **verbaas; verwonderd; dom; verward; deurmekaar;** of **verskrik**.

- As die karakter 'n **hartjie** bokant sy/haar kop het of met liefde na iemand anders kyk, kan dit beteken die karakter voel **respek, eerbied, agting, liefde, begeerte** vir die ander persoon.

- As die karakter 'n **frons** op sy/haar voorkop het of lyk asof hy/sy op sy/haar tande kners, kan dit vir die leser sê die karakter is: **kwaad; woedend; ontevrede** of **vies.**

- As daar **trane** oor die karakter se wange loop, wys dit hy/sy voel baie: **hartseer** of **mismoedig.**

**Suggesties:**

- **Wolkies** agter ‘n persoon dui bv. aan dat die persoon vinnig beweeg.
- **Strepies** agter 'n voorwerp kan aandui dat daardie voorwerp beweeg.
- **Rook** wat trek suggereer dat iets aan die brand is.
- **'n Gloeilampie** bokant die karakter se kop beteken dat hy die lig gesien het en die idee gesnap het.
- Iemand wat slaap/snork word weergegee deur **'n saag** wat 'n stomp saag of klomp zzzzzzz in ‘'n ry.
- **%#@!** of iets soortsgelyks wat beteken om te vloek.

Downloaded from Stanmorephysics.com

# 2. VISUELE TEKSTE:

## HOE OM ADVERTENSIES TE ONTLEED:

Wanneer ons met advertensies te doen kry, moet ons weet …

- hoe om 'n advertensie te benader.
- hoe om verskeie lees- en kykstrategieë vir begrip en waardering te toon.
- om vrae te vra ten einde voorspellings te maak.
- om tekste te vluglees:
    - deur titels te identifiseer.
    - inleidings te identifiseer.
    - eerste paragrawe en temasinne van paragrawe te identifiseer.
    - om ondersteunende besonderhede in tekste d.m.v. soeklees op te spoor.

Jy moet in staat wees om die volgende vrae te beantwoord:

- Wat sien jy in die advertensie?
- Is dit 'n produk of diens wat geadverteer word?
- Wat is die verband tussen die gedrukte teks en die grafiese tekste? (sketse, foto's, illustrasie, ens.)
- Wie is die teikenmark op wie die advertensie gemik is? Vir wie is die advertensie bedoel?
- Wat is die basiese uitleg van die advertensie? Hoe word die verskillende komponente gerangskik?
- Wat sien jy eerste raak?
- Wat is op die voorgrond?
- Wat kan jy uit die agtergrond aflei?
- Watter grafiese beeld word gebruik om 'n spesifieke boodskap oor te dra?
- Watter spesifieke diere/mense/voorwerpe/beelde word gekies?
- Wat is opvallend t.o.v. lettergrootte en plasing van sekere woorde?
- Watter tegnieke word gebruik om die leser se aandag te trek?
- Is daar 'n trefsin of slagspreuk?
- Watter oorredingstegnieke word gebruik?
- Word daar 'n "belofte" gemaak dat jy baie "spesiaal" sal voel as jy die produk gaan koop?

(*Direk aangehaal uit NKOD dokument – sien bibliografie)*

Downloaded from Stanmorephysics.com

# 2. VISUELE TEKSTE:

## WAT IS BY ADVERTENSIES BELANGRIK:

Jy moet die volgende kan identifiseer:

- ✓ Wie is die adverteerder?
- ✓ Wat word geadverteer (die Produk)?
- ✓ Wie is die teikenmark (wie sal die produk koop)?
- ✓ Watter visuele tegnieke word gebruik om die produk te adverteer. (Kyk na lettergroottes en lettertipes; vetgedruk; voorgrond of agtergrond, leestekens, wat is die middelpunt)?
- ✓ Wat is die boodskap en hoe sluit dit by die SLAGSPREUK aan?
- ✓ Watter gevoelswaarde word oorgedra?
- ✓ Kom stereotipering voor?
- ✓ Watter sosio-ekonomiese omstandighede word aangespreek, bv. is dit 'n sakeman of huisvrou of werklose?

## HOE OM STROKIESPRENTE TE ONTLEED:

Wanneer ons met strokiesprente te doen kry, onthou dat jy die volgende moet weet ...

- hoe om 'n strokiesprent te benader
- hoe om verskeie lees- en kykstrategieë vir begrip en waardering te toon
- vra te vrae ten einde voorspellings te maak
- om tekste te vluglees:
  - deur titels te identifiseer
  - inleidings te identifiseer
  - deur verskillende tipes praatborrels te kan identifiseer, bv. as die borrel geruite kante het, is die persoon moontlik kwaad en skreeu.

Wanneer ons strokiesprente lees en ontleed moet ons vir onsself die volgende vrae vrae:

- Verstaan ek die strokiesprent?
- Kan ek vertel wat gebeur?
- Hoeveel karakters is daar?
- Watter verband is daar tussen die karakters?
- Waar speel die gebeure af?
- Waarom speel die gebeure daar af?
- Wat kan ek van die karakters se lyftaal ("body language") aflei?
- Verstaan ek al die woorde en sinne in die geskrewe teks?
- Wat is die boodskap in die strokiesprent?

Downloaded from Stanmorephysics.com

# 2. VISUELE TEKSTE:

## WAT IS BELANGRIK BY SPOTPRENTE:

Jy moet die volgende by spotprente kan identifiseer:

- Watter aktuele probleem (iets wat algemeen in die lewe voorkom) word uitgebeeld?
  Voorbeelde van aktuele probleme is: misdaad, diefstal, korrupsie, armoede, ongesonde eetgewoontes, ongesonde leefstyl, besoedeling, geweld, sosio-ekonomiese omstandighede.
- Kan aflei dat die karakter hard praat, vinnig weghardloop, woedend is ens.
- Die woordspeling kan verduidelik.
- Watter letterlike of figuurlike betekenis oorgedra word?
- Is daar IRONIE? Onthou dat **altwee kante** by ironie genoem moet word.
- Jy moet jou eie mening/opinie oor die spotprent kan gee.
- Is daar kontras in die spotprent en wat is die doel daarvan?
- Jy moet die raampies kan identifiseer en ook weet wat ’n praatborrel en wat ’n dinkborrel is.

## BELANGRIKE BEGRIPPE WAT JY MOET KEN BY DIE BESTUDERING VAN LEESBEGRIP EN VISUELE TEKSTE:

❖ DENOTASIE/LETTERLIKE BETEKENIS:
Dit is wanneer ’n saak presies is soos die woorde sê.
Ons kan ook praat van die woordeboek se betekenis van die woord.
bv. Die vark bly op die plaas.

❖ KONNOTASIE/FIGUURLIKE BETEKENIS:
Dit is wanneer ’n woord op ’n ander betekenis vlak gebruik word.
(beeldspraak/idiome)
bv. Die seun se kamer lyk soos ’n varkhok.

❖ GEVOELSTAAL:
Dit is woorde wat gebruik word om emosie uit te beeld.
bv. Die man is <u>woedend</u> oor jy hom laat wag het.

❖ . MANIPULERENDE/OORREDENDE TAAL:
Dit is taal wat gebruik word om ander mense te beïnvloed.
bv. AS jy WIL deel wees moet jy NOU bespreek.

Downloaded from Stanmorephysics.com

# 2. VISUELE TEKSTE:

❖ PARTYDIGHEID:
Dit is wanneer slegs een persoon se kant gestel of gekies word. Daar is nie regverdigheid nie.
bv. Die sportkinders word nie gestraf as hulle huiswerk nie gedoen is nie, maar die ander kinders kry strafwerk.

❖ STEREOTIPERING:
Dit is wanneer 'n persoon of groep mense volgens 'n vaste idee geoordeel word.
bv. 'n Vrou met blonde hare is nie baie intelligent nie.
Mans is baie lui en kyk die heeldag televisie.

❖ WOORDSPELING:
Die letterlike en figuurlike betekenis van 'n woord word op so 'n manier gebruik dat altwee betekenisse van toepassing is.

❖ RETORIESE VRAAG:
Dit is 'n vraag wat gestel word waarop 'n antwoord nie verwag of gegee word nie.

❖ VOOROORDEEL:
Dit is wanneer 'n persoon of saak veroordeel word nog voordat die nodige feite bekend is.

## KRITIESE TAALBEWUSTHEID

| | | |
|---|---|---|
| **Denotasie**<br>(Letterlik) Daar is 'n slang in die gras | **Konnotasie**<br>(Figuurlik) Daar is 'n slang in die gras<br>(daar skuil gevaar) | **Partydigheid**<br>Net die seuns mag na die wedstryd gaan kyk |
| **Stereotipe**<br>Vrouens kan nie bestuur nie | **Emotiewe Taal**<br>Die Bul is briesend. Die bul is kwaad | **Geimpliseerd** (nie direk sê nie) Haar kop is vol muisneste |
| **Eksplisiete**<br>(Sê iets reguit)<br>Sy is verlief | **Oorredende Taal**<br>Koop een en kry een gratis | **Manipulerende Taal**<br>Jy kan roomys kry as jy al jou kos eet |

Downloaded from Stanmorephysics.com



### TEKS A: ADVERTENSIE

Lees die onderstaande advertensie en beantwoord dan die vrae wat daarop volg.




(Verwerk uit: *Huisgenoot*, 27 Oktober 2011.)

1. Wie is die adverteerder wat hierdie kompetisie aanbied? (1)
2. Watter produk/diens lewer hierdie adverteerder? (1)
3. Verduidelik in jou eie woorde wat 'n neologisme is. (1)
4. Wat moet 'n persoon doen om aan hierdie kompetisie deel te neem? (1)
5. Is die volgende stelling WAAR of ONWAAR? Motiveer jou antwoord.
   *Slegs individue kan deelneem.* (2)
6. Verduidelik die woordspeling in die woord "virseker". (2)
7. Wat is die adverteerder se slagspreuk? (1)
8. Kies die korrekte antwoord. Skryf net die vraagnommer en die antwoord neer. "Doef-doef-doef" is 'n voorbeeld van (klanknabootsing/klankverspringing). (1)

**[10]**

Downloaded from Stanmorephysics.com

# 2. VISUELE TEKSTE: Oefeninge

**TEKS B: ADVERTENSIE**

Bestudeer die onderstaande advertensie en beantwoord die vrae wat daarop volg.




(Verwerk uit: *Taalgenoot*. Herfs 2013)

1.1 Wie is die **TEIKENMARK** van bostaande advertensie? (1)

1.2 Hoe word die woord, **Help**, beklemtoon? (1)


1.3 Hoe kan jy met Outsurance in verbinding tree? Noem EEN manier. (1)

1.4 Kies die antwoord wat die sin KORREK voltooi. Skryf slegs die vraagnommer en die korrekte letter (A–D) neer; bv. 1.22 E.

***As jy nie 'n OUTsurance kliënt is nie, mag jy ...***

A) die pad- en tuisbystand gratis gebruik.
B) die toepassing gratis gebruik.
C) die pad- en tuisbystand een keer gratis gebruik.
D) gedurende naweke en skoolvakansies die toepassing gratis gebruik. (1)

1.5 Sê in jou eie woorde wat die onderstaande teken beteken. (1)



(24/7)

1.6 Wat is Outsurance se slagspreuk? (1)

**[6]**


Downloaded from Stanmorephysics.com



**TEKS C: SPOTPRENT**

Lees die onderstaande spotprent en beantwoord die vrae wat daarop volg.

CURRIEBEKER VS. SPRINGBOKKE




(Bron: Beeld, 27 September 2014)

1.1 Hoe sal jy die seuntjie se gesigsuitdrukking beskryf?
Kies die korrekte antwoord.

A) opgewonde
B) opwindend
C) onbeskof
D) ongemanierd (1)

1.2 Noem twee dinge in die spotprent wat aandui dat die familie baie van rugby hou. (2)




1.3 Na watter wedstryd sien die pa uit? (1)

1.4 Wat impliseer die spotprent oor die toetswedstryd? (1)

1.5 Watter stereotipe word in die spotprent uitgebeeld? (1)

**[6]**

Downloaded from Stanmorephysics.com



**TEKS D: SPOTPRENT**

Lees die spotprent uit *DIE BURGER* (Saterdag, 12 Oktober 2007) en beantwoord dan die vrae wat daarop gebaseer is. Volsinne is nie nodig nie.




(Bron: Die Burger 11 Oktober 2007)

WOORDEBOEKGEBRUIK:

**Edelagbare :** Aanspreekvorm van hooggeplaastes, bv. regters
Engels: Your Honour

**Aftrekorder:** Magtiging om op vasgestelde tye 'n bepaalde bedrag oor te betaal: *Ek het 'n aftrekorder geteken vir betaling van my assuransie-premie.*

Engels: stop-order

(Verwerk uit: HAT en TWEETALIGE WOORDEBOEK)

| | | |
|---|---|---|
| 1.1 | Waar is die pa en sy seun? Skryf 'n rede vir jou antwoord neer. | (2) |
| 1.2 | Hoekom dink jy is hulle daar? | (1) |
| 1.3 | Verduidelik in jou eie woorde wat die pa bedoel as hy sê *"die kind maak so baie moeilikheid".* | (1) |
| 1.4 | Wat kan jy uit die seun se liggaamshouding aflei? | (1) |
| 1.5 | Wat impliseer die pa as hy 'n aftrekorder vir die hof wil reël? | (1) |
| | | **[6]** |

Downloaded from Stanmorephysics.com



**TEKS E: SPOTPRENT**

Lees die onderstaande spotprent en beantwoord die vrae wat daarop volg.




**Juffrou Lubbe** **Piet**

(Bron: Onbekend)

| | | |
|---|---|---|
| 1.1 | Dink jy die spotprent is humoristies of hartseer? Gee 'n rede vir jou antwoord. | (1) |
| 1.2 | Wat beteken die letter "F" op Piet se taak? | (1) |
| 1.3 | Hoe bewys Piet se gesigsuitdrukking dat hy kwaad of ontevrede is? | (1) |
| 1.4 | Waar dink jy vind hierdie situasie plaas? | (1) |
| 1.5 | Wat impliseer Piet wanneer hy sê dat hy al die feite op die internet gekry het? | (1) |
| 1.6 | Dink jy die internet is voordelig? Gee 'n rede vir jou antwoord. | (1) |
| | | **[6]** |

Buiten ADVERTENSIES, SPOTPRENTE EN STROKIESPRENTE kry ons ook GRAFIEKE wat as visuele tekste gebruik kan word.




Downloaded from Stanmorephysics.com



**TEKS F : GRAFIEK**

Bestudeer die inligting op die grafiek en beantwoord die vrae wat daarop volg.




(Bron: www.grafika24.com)

1.1 Word die woord "koek" konnotatief of denotatief gebruik? Gee 'n rede vir jou antwoord. (1)

1.2 Watter departement kry die minste geld? (1)

1.3 Dink jy dis regverdig dat die department van gesondheid en onderwys die meeste geld kry? Gee 'n rede vir jou antwoord. (1)

1.4 Waarom is dit beter om die Wes-Kaapse begroting van 2015-2016 in 'n grafiek, eerder as in 'n paragraaf, voor te stel. (1)

1.5 In watter departement sal geld gebruik word om meer polisiemanne aan te stel? (1)

1.6 Dink jy die ikoon of prentjie by die Departement van Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme is gepas? Motiveer jou antwoord. (1)

**[6]**


Downloaded from Stanmorephysics.com



**TEKS G : GRAFIEK**

Bestudeer die inligting op die grafiek en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**DSTV-kanaal kykers se gunsteling sport.**




(Bron: Grafika 24.com)

1.1 Watter sportsoort het die meeste kykers? (1)

1.2 Watter 2 sportsoorte het dieselfde hoeveelheid kykers? (1)

1.3 Dink jy die DSTV-kanaal het ’n regverdige verspreiding van sportsoorte? Gee ’n rede vir jou antwoord. (1)

1.4 Waarom is dit beter om die verskillende sportsoorte onder die DSTV-kanaal kykers in ’n grafiek, eerder as in paragraafvorm, voor te stel? (1)

1.5 Sê of die volgende stelling WAAR of ONWAAR is. Gee ’n rede vir jou antwoord. *Ysskaats is gewilder as rofstoei.* (1)

1.6 Gee ’n sportsoort wat onder ANDER sal val. (1)

**[6]**



Downloaded from Stanmorephysics.com

# 3. OPSOMMING:

## OPSOMMING

1. Die hoofsaak by die opsomming is die vermoë om die kerngedagtes van die teks uit te lig en dit dan in 'n bepaalde woordetal weer te gee. Die aantal woorde moet aan die einde van die antwoord tussen hakies aangedui word. Kunsmatige, onafrikaanse samestellings is ontoelaatbaar.

2. Lees jou instruksies baie versigtig deur.

3. Let op of jy 'n opsomming van wenke (hints), vereistes (requirements), voordele (advantages), menings (opinions), instruksies (instructions) of nadele (disadvantages) moet maak.

4. Lees nou die artikel deur en onderstreep al die wenke of vereistes of wat ook al dit moet wees.

5. Skryf nou al die onderstreepte gedeeltes <u>onder mekaar</u> neer - dit is jou rofwerk.

6. Tel jou woorde en maak hulle minder as dit nodig is deur veral onnodige beskrywings uit te laat.

7. Elke punt moet nog steeds 'n volsin wees wat grammatikaal korrek is.
**Telegramstyl is onaanvaarbaar.**

8. Skryf jou opsomming netjies oor en skryf onder aan hoeveel woorde jy gebruik het.

9. Alle spel -, interpunksie- en taalfoute word aangedui en aan die einde van die vraag gepenaliseer.

10. Moenie woordeliks aanhaal nie.

11. Trek 'n streep deur jou rofwerk.




<u>TEGNIEKE OM 'n TEKS TE VERKORT</u>

- Skryf in die teenwoordige tyd.
- Moenie die ontkennende vorm gebruik nie.
- Skakel byvoeglike naamwoorde en bywoorde uit.
- Skakel verduidelikings uit.
- Die kernsin is gewoonlik voor die voegwoord.
- Woorde soos "moet"/"jy behoort"/"dis belangrik" bevat gewoonlik die kernsin.
- Begin so ver moontlik jou antwoord met 'n werkwoord.
- Hou by die kernwoorde van die teks; moenie **jou** interpretasie van die teks gee nie.

Downloaded from Stanmorephysics.com

# 3. OPSOMMING: Oefeninge

**TEKS A:**

1. Som die SEWE WENKE vir verliefdes, wat ’n suksesvolle verhouding wil verseker, op.
2. Jy mag nie meer as een sin oor elke paragraaf skryf nie.
3. Nommer die wenke van 1 tot 7.
4. Laat ’n reël na elke sin oop.
5. Jou opsomming mag nie langer as 70 woorde wees nie.
6. Dui die KORREKTE getal woorde aan die einde van die opsomming aan.

**WENKE VIR VERLIEFDES WAT ’N SUKSESVOLLE VERHOUDING WIL VERSEKER.**

**SUKSESVOLLE SKOOLKYSE VRA AANDAG**

*Verlief, of stel jy belang in ’n suksesvolle verhouding? Hier is raad!*

Wanneer julle mekaar vir ’n beperkte tydjie ken, hou julle bloot van mekaar en kan julle nié vir mekaar lief wees nie, omdat die ou gesegde steeds waar bly: trou is nie perdekoop nie! Waaraan behoort ’n verliefde dan aandag te gee?

Skoonheid is redelik belangrik, maar voorkoms kan ook misleidend wees! Kyk eerder na iemand wat die allerbeste eienskappe in jou uitbring en dit waardeer, want navorsing oor verhoudings op hoërskoolvlak het bewys dat dit ’n positiewe ervaring kan wees.

Kommunikasie is die sleutel tot sukses, met die teenoorgestelde geslag én ook met haar/sy ouers, aangesien mense mekaar so leer ken. Moet nooit die krag van ’n vinnige gesprekkie of ’n eenvoudige briefie geringskat nie.

Om mekaar se ouers te ontmoet, met hulle gemaklike, spontane gesprekke te voer en saam te kuier – al is die pa hoe vreesaanjaend en al vra die ma hoeveel vrae oor jou toekomsplanne – is noodsaaklik.

Dit sal ook slim wees om met jou meisie/ou se vriende bevriend te wees, want sodanige vriendskap beteken ondersteuning, saam lag en saam dinge doen.

Sorg dat 70% van julle gesprekke plaasvind waar julle mekaar in die oë kan kyk – beloftes is minder leeg as jy dit maak, wanneer jy langs die geliefde staan.

Geen verhouding moet jou lewe oorneem nie; moenie prioriteite (skoolwerk, sport- en/of kultuuraktiwiteite) afskeep om meer tyd saam met hom/haar deur te bring nie.

Die oumense het gewaarsku: Vroeg ryp, vroeg vrot! Moet dus nooit die pap met ’n warm vryery te dik aanmaak nie! Daar is, immers, ’n rede waarom geleerdes vriendskap as die basis van blywende, geslaagde verhoudings en huwelike aandui! Dit kweek waardering, vertroue en begrip wat bydra tot (uiteindelike) liefde.

(291 woorde) (Verwerk uit: JIP, 5 Augustus 2013)

Downloaded from Stanmorephysics.com



**TEKS B:**

1. Noem **SEWE** dinge uit die artikel wat jy moet doen om 'n goeie indruk tydens 'n werksonderhoud te maak.
2. Skryf elke feit in 'n goeie volsin neer.
3. Skryf jou sinne **puntsgewys onder mekaar** neer.
4. **Laat 'n reël** tussen die sinne **oop.**
5. Jou opsomming mag nie meer as **70 woorde** wees nie.




6 **Dui die aantal woorde aan** die einde van die opsomming aan.

7. Jy sal gepenaliseer word as jy meer as 70 woorde skryf of as jy nie die getal woorde onderaan skryf nie.

**MAAK 'N GOEIE INDRUK TYDENS JOU ONDERHOUD.**

Om vir 'n onderhoud te gaan, veral jou eerste onderhoud, is stresvol. As jy goed voorberei is, sal die onderhoud nie so erg wees nie.

Eerste indrukke is belangrik en daarom moet jy beplan wat jy gaan aantrek. Moenie klere aantrek waarin jy nie gemaklik voel nie. Jy moet nie heeltyd ongemaklik in jou klere voel nie. Maak ook seker dat jou selfoon afgeskakel is voordat jy vir die onderhoud ingaan. Dit sal nie 'n goeie indruk skep as jou selfoon lui nie.

Dit is belangrik om vrae te beantwoord in dieselfde taal waarin dit gevra word. Jou onderhoud is gewoonlik in die taal wat vir die firma belangrik is. Wees ook altyd eerlik wanneer jy vrae beantwoord. Jy kan nie dinge sê wat iemand later uitvind, is onwaar nie.

As jy weet wat in die firma aangaan, beïndruk jy enige persoon. Dit is dus belangrik dat jy vooraf meer oor die firma uitvind. Verkoop jouself in die onderhoud! As jy nie sê wat jou goeie of sterk punte is nie, sal niemand weet nie. So kan iemand anders dalk die werk kry.

Al is jy baie senuweeagtig, moet jy altyd vriendelik bly. 'n Glimlag maak dikwels 'n groot verskil. Maar pasop! Jy moet darem nog met respek praat en nie of jy met jou vriende praat nie.

Indien jy vir 'n onderhoud genooi word, beteken dit hulle het van jou aansoek gehou.

(232 Woorde) (Verwerk uit: *Rapport,* 28 Januarie 2007)

Downloaded from Stanmorephysics.com



**TEKS C**

1. Som die **SEWE** feite, oor wat jy voor die eksamen kan doen, op.
2. Skryf elke feit in 'n goeie volsin neer.
3. Skryf jou sinne **puntsgewys onder mekaar** neer.
4. **Laat 'n reël** tussen die sinne **oop.**
5. Jou opsomming mag nie meer as **70 woorde** wees nie.
6. **Dui die aantal woorde aan** die einde van die opsomming aan.
7. Jy sal gepenaliseer word as jy meer as 70 woorde skryf of as jy nie die getal woorde onderaan skryf nie.

**Wenke vir matrieks: Doen dit voor die eksamen.**

Matrikulante landwyd doen hul laaste voorbereidings vir die eindeksamen. Volg hierdie wenke om te verseker jou eksamenvoorbereiding verloop seepglad:

Stel 'n studierooster op wat jou klasse, huistakies en sosiale afsprake in ag neem en hou daarby. Knyp genoeg tyd af vir slaap en moet nie net na etes weer begin studeer nie; rus eers 'n halfuur lank nadat jy geëet het.

Dink aan maniere om jouself te motiveer, deur byvoorbeeld jouself te beloon met 'n Facebook-sessie na jy 'n afdeling voltooi het of dat jy gou vir 'n vriend of twee sms'e kan stuur en beantwoord - onthou om jou selfoon af te sit terwyl jy studeer.

Besluit waar jy gaan studeer. As jy nie 'n stil, privaat plek het waar jy tuis kan studeer nie, reël met 'n vriend(in) om by sy/haar huis saam te studeer of gaan biblioteek toe.

Oefen sodat jy stres kan verlig - selfs al loop jy net om die blok of na die bure se huis toe. Dit sal jou ook help om beter te slaap.

Som jou werk op en onderstreep belangrike woorde en idees in kleur sodat dit uitstaan wanneer jy hersien. Niks is meer frustrerend om die berge werk te sien en om deur alles te gaan voor 'n eksamen nie.

Liasseer jou notas in 'n leêr en gebruik gekleurde karton om die verskillende leerareas te onderskei.

'n Uitstekende manier om te studeer is om die werk aan 'n vriend of vriendin te verduidelik. Sodoende hoor jy weer die werk en kan jou vriend of vriendin jou reghelp as jy iets verkeerd kry.

*(262 Woorde)* *(Shane Bamard - Bron: Huisgenoot, 30 Oktober 2008)*

Downloaded from Stanmorephysics.com

# 3. OPSOMMING: Oefeninge

**TEKS D**

Lees die onderstaande teks deur en voer die instruksies uit.



**INSTRUKSIES:**

- Skryf **SEWE** wenke neer om suksesvol te bak.
- Skryf die wenke PUNTSGEWYS neer.
- Nommer jou sinne van 1 tot 7.
- Jou opsomming mag nie langer as 70 woorde wees nie.
- Dui die KORREKTE getal woorde aan die einde van die opsomming aan.

**WENKE VIR SUKSESVOLLE BAK.**

SUKSESVOLLE BAK

Ons almal was al daardeur ... wanneer jou koek as 'n ramp uit die oond kom nadat jy ontelbare kosbare ure gespandeer het, geroer, gemeng, gevou en liefdevol dit in die oond geplaas het. Die eindresultaat lyk glad nie soos die foto in die resepteboek nie en jy hang jou kop in teleurstelling. "Hoe het dit gebeur?" vra jy jouself. Jy het die resep 100% gevolg!

Klein dingetjies kan veroorsaak dat jou gebak misluk en dit is die beste om te weet hoe om dit van die begin af te vermy. Hier volg 'n paar wenke:

1. Bak vereis 'n mate van akkuraatheid, so maak seker jy meet elke bestanddeel akkuraat.

2. Dit klink voor die handliggend, maar lees deur die hele resep voordat jy begin, maak seker jy het al die bestanddele en dat jy die instruksies verstaan – volg dus die resep noukeurig.

3. Verhit jou oond tot 10 of 20 grade meer as wat in die resep voorkom en draai die oond af na die korrekte temperatuur wanneer jy die items daarin plaas. Dit voorkom dat die temperatuur te laag daal wanneer die deur oopgemaak word.

4. Het jy bestanddele by die regte temperatuur (voordat jy begin)? Het jy al die bestanddele wat in die resep voorkom? Byvoorbeeld die botter vir botterversiersel en eiers moet by kamertemperatuur wees voordat jy begin, en botter vir deeg moet so koud as moontlik wees. Jy kan nie na bestanddele gaan soek wanneer jy met die resep gaan begin nie.

5. Dis belangrik dat jy die regte gereedskap vir die werk gebruik. As die resep vir jou vra om 'n eierklitser te gebruik om die bestanddele te meng moet jy dit volg. Om die bestanddele met 'n houtlepel te meng, gaan jou nie dieselfde resultate gee nie.

6. Dis ook belangrik om die beste bestanddele wat jy kan bekostig te gebruik. Die beste gehalte van die bestanddele sal die smaak van jou produk beïnvloed.

7. Bak is 'n proses en daarom moet jy geduldig wees. Terwyl jy vir die koek in die oond wag om klaar te bak kan jy iets anders doen.

(351 woorde) ( Bron: www.goeiehuishouding.co.za)

Downloaded from Stanmorephysics.com



**TEKS E:**
Lees die teks hieronder aandagtig deur en voer die instruksies uit.



**INSTRUKSIES**:

- Som **SEWE wenke om energie te bespaar** in SEWE sinne op.
- Skryf die wenke PUNTSGEWYS neer, genommer van 1 tot 7.
- Laat 'n reël oop na elke sin.
- Jou opsomming mag nie langer as **70 woorde** wees nie.
- Dui die KORREKTE getal woorde aan die einde van die opsomming aan.

# Help die aarde so!

Vandag is Aardedag. Hier is sewe maniere vir jou en jou ouers om energie te bespaar en ook om die aarde te bewaar.

Die eerste en maklikste ding wat jy kan doen, is om ou gloeilampe met LED-ligte te vervang. Onthou ook om ligte af te skakel as jy by 'n kamer uitloop.

As jy gedurende die winter wil warm bly, gebruik eerder 'n kombers en 'n warmwatersak om jou warm te hou as 'n elektriese kombers.

'n Mens vergeet partykeer om elektriese toestelle af te skakel. Skakel toestelle soos TV's, rekenaars, wasmasjiene en jou XBox by die muur af, as jy dit nie gebruik nie.

As die weer dit toelaat, hang die wasgoed buite op in plaas daarvan om die tuimeldroër te gebruik.

Dit neem meer water om te bad as om te stort. So vat 'n vinnige stort in plaas van 'n bad. So spaar jy sommer baie water.

Probeer om alle plastiek, papier, glas en blikkies te herwin. Vra jou ouers om verskillende asblikke te kry en sorteer elke soort in sy eie asblik. Sodra dit vol is, neem dit na 'n herwinningsdepot.

As julle inkopies gaan doen, herinner jou ma om eerder materiaalsakkies winkel toe te vat as om elke keer 'n plastieksakkie te koop.

(209 woorde) (Bron: www.hoezit.co.za, 22 April 2015)

Downloaded from Stanmorephysics.com

# 4.1. KLANKE:

Die woorde wat ons gebruik bestaan uit klinkers en medeklinkers of anders gestel vokale en konsonante.

Ons kry drie tipes vokale nl.:

KORT VOKALE: Dit is wanneer die klank uit een vokaal bestaan.

| | | | |
|---|---|---|---|
| Die kort vokale is: | a | → | das |
| | e | → | hen |
| | i | → | vis |
| | o | → | bos |
| | u | → | bus |




LANG VOKALE: Dit is wanneer die klank uit twee vokale wat dieselfde is bestaan.

| | | | |
|---|---|---|---|
| Die lang vokale is: | aa | → | maan |
| | ee | → | been |
| | oo | → | boom |
| | uu | → | vuur |

TWEEKLANKE EN DIFTONGE: Dit is wanneer ek een klank en nog een klank neem om 'n nuwe klank te vorm.

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Die TWEEKLANKE is: | i + e | → | ie | brief |
| | o + e | → | oe | boek |
| | e + u | → | eu | deur |
| | o + u | → | ou | hout |
| | u + i | → | ui | uil |
| | o + i | → | oi | toiings |



Downloaded from Stanmorephysics.com

# 4.1. KLANKE EN LETTERGREPE:

| | | | |
|---|---|---|---|
| e + i | → | ei | klein |
| y | → | y | ys |
| oe + i | → | oei | koei |
| ee + u | → | eeu | meeu |
| aa + i | → | aai | kraai |
| oo + i | → | ooi | mooi |

LETTERGREPE: As daar meer as een vokaalklank (klinkers) in ’n woord is, kan daardie woord in soveel letter – of klankgrepe verdeel word as wat daar vokaalklanke (klinkers) is.

As daar twee eenderse konsonante langs mekaar in ’n woord is, word die woord altyd tussen hulle in lettergrepe verdeel.

’n OOP lettergreep eindig op ’n vokaal (klinker) en ’n GESLOTE lettergreep op ’n konsonant.

## KLANK EN LETTERGREEP OEFENINGE:

4.1.1 Verdeel die woorde in die tabel hieronder in lettergrepe en sê of die lettergrepe oop of geslote is.

| Woord | Lettergrepe | Oop | Geslote |
|---|---|---|---|
| klipperig | klip-pe-rig | pe | klip,rig |
| slaapsale | | | |
| reënboë | | | |
| toiings | | | |
| trouring | | | |
| leeuvelle | | | |
| matrasse | | | |
| pennetjies | | | |
| horings | | | |
| masjiene | | | |
| hondjie | | | |
| hoedereier | | | |
| baie | | | |
| gogga | | | |
| kleurwiel | | | |
| minister | | | |

**[15]**

Downloaded from Stanmorephysics.com

# 4.1. KLANKE: Oefeninge

4.1.2 Verdeel die woorde in die tabel hieronder in lettergrepe en sê of die lettergrepe oop of geslote is.

| Woord | Lettergrepe | Oop | Geslote |
|---|---|---|---|
| matroos | | | |
| bangerig | | | |
| onmiddellike | | | |
| kombuisdeur | | | |
| werklikheid | | | |
| bergleeus | | | |
| laerskole | | | |
| plaasmense | | | |
| slaappille | | | |
| perdestalle | | | |

**[10]**

4.1.3 Verdeel die woorde in die tabel hieronder in lettergrepe en sê of die lettergrepe oop of geslote is.

| Woord | Lettergrepe | Oop | Geslote |
|---|---|---|---|
| melodie | | | |
| telegram | | | |
| abnormaal | | | |
| ekonomie | | | |
| bioloog | | | |
| pamflet | | | |
| ondersteun | | | |
| omgewing | | | |
| materiaal | | | |
| fotograaf | | | |
| kamer | | | |
| woongebiede | | | |
| behuising | | | |
| teleurstelling | | | |
| emosioneel | | | |

**[15]**



Downloaded from Stanmorephysics.com

# 4.2. SKRYFTEKENS:








**DEELTEKEN:**

Deel beteken *divide*. Die deelteken **verdeel** woorde in **lettergrepe**. Die deelteken wys ons dat ’n klank **nie een** lettergreep moet wees nie, maar **twee**. Die deelteken word nie op ’n “e” **na** ’n “a” gesit nie, want “ae” kan **nooit** in Afrikaans een lettergreep wees nie; dus is die deelteken daar **onnodig**.

(Die enigste uitsondering by ae - woorde is egter dié van vreemde herkoms, bv. aërobies.)

’n Deelteken word dus gebruik as ’n klank een lettergreep **kan** wees, maar twee **moet** wees :




| | | | |
|---|---|---|---|
| Australië | hoër | reünie | geïnteresseerd |
| breër | Italië | spieël | priële (maar: prieel) |
| koeël | geëet | reënboë | diëte (maar: dieet) |
| voël | hiëna | industrieë | seël (maar: doopseel) |
| oë | verleë | vroeër | reën |
| geïgnoreer | koöperasie | vlieënier | finansiële (maar: finansieel) |

Onthou :Die deelteken kom altyd daar waar die tweede lettergreep begin:

| | | | |
|---|---|---|---|
| bv. | posseël | → | pos – se- el |
| | droë | → | dro – e |

Downloaded from Stanmorephysics.com

# 4.2. SKRYFTEKENS:







Downloaded from Stanmorephysics.com

# 4.2. SKRYFTEKENS:

**KAPPIE:**

Die kappie kom op lang, **uitgerekte** vokale, bv.:




| | | | |
|---|---|---|---|
| skêr | sê | lê | pêrel |
| môre | brûe | belê | wêreld |




**KOPPELTEKEN:**

As 'n koppelteken gebruik word, beteken dit die woorde word vas geskryf.

**Ons gebruik die koppelteken in die volgende gevalle:**

❖ 'n Opeenhoping van vokale, wat sonder 'n koppelteken verkeerd gelees kan word:
twee-uur (2o'clock), uie-oes, eende-eier, video-opname, Suidsee-eilande, wa-as (want daar is 'n woord "waas" (haze / mist).

❖ Verdubbeling (herhalings):
kort-kort, lag-lag, gou-gou, hoep-hoep ('n voël), skree-skree.

❖ Samestellings wat met **en** verbind word:
wins-en-verlies-rekening (**een** rekening), ruk-en-rol-orkes (**een** orkes)
kaas-en-wyn-partytjie (**een** partytjie).

Downloaded from Stanmorephysics.com

# 4.2. SKRYFTEKENS:

- Saamgestelde titels (ampsbenaminge en militêre range)
Posmeester-generaal, luitenant-kolonel, sersant-majoor.

- Aardrykskundige name:
Suid-Afrika, Groot-Brittanje, Oos-Transvaal, Victoria-Wes,
Noordwes-Kaapland (altyd as die eerste of tweede deel 'n **windrigting** is).

- Plekname wat bestaan uit 'n **eienaam** plus een of meer **byvoeglike naamwoorde** en/of **bywoorde** en/of **voorsetsels** word met 'n koppelteken geskryf:
Agter-Paarl, Midde-Ooste, Klein-Karoo, Bo-Kaap, Oranje-Vrystaat.

- Samekoppelings wat al tot 'n vaste eenheid gegroei het en dus een idee uitdruk:
Piet-my-vrou ('n voël), vergeet-my-nietjie ('n blom), kruidjie-roer-my-nie
(iemand wat gou kwaad word).

- Samestellings met -hulle:
Katie-hulle, Pa-hulle, my oom-hulle.

- Woordgroepe van Latynse herkoms: ad hoc-komitee, bona fide-boer, in camera-verhoor.

- Dubbelloopname en -vanne:
Hans-Peter, Donaldson-Shelby, Anna-Maria.

- Samestellings waar die laaste deel slegs een keer genoem word:
perske- en appelbome, seuns- en meisieklere, reis- en verblyfkoste.

- Samestellings en afleidings met afkortings, simbole, syfers en getalle:
B-mol, TV-program, R20-noot, 5 kg-pak, X-straalplate, 2-literbottel,
400 m-wedloop, o.16-span, SAL-roete.

- Lang samestellings (sonder die koppelteken sal die woord moeilik lees):
lughawepersoneel-afdankings, kombuisapparaat-uitverkoping, atletiekstadion-verbeterings.



Downloaded from Stanmorephysics.com

# 4.2. SKRYFTEKENS:

| | |
|---|---|
| **KOPPELTEKEN**<br> | Koppeltekens word gebruik waar koppelings gemaak word uit woorde of woordgroepe:<br><br>**Een-twee-drie** **Piet-my vrou** |
| Wanneer samestellings baie lank is kan ’n koppelteken gebruik word om lees te vergemaklik:<br><br>**woonstelblok-parkeerterrein**<br>**ekonomieseklas-passasier** | Koppeltekens word aan die einde van ’n reël gebruik om ’n woord te verdeel. (Onthou dat woorde slegs tussen sillabesse verdeel kan word.)<br>**verskrik-**<br>**king** |
| Samestellings met afkortings, simbole, syfers en getalle word met koppeltekens geskryf:<br>**R50-note** **G5-kanon**<br>**U-draai**<br> | Koppeltekens word gebruik waar een woord van ’n samestelling op dieselfde letter eindig as waarmee die volgende woord begin: **see-eend**<br><br>**na-aap** |
| As 2 dele van ’n woord identies is word hulle deur middel van ’n koppelteken geskei:<br>**nou-nou** **sing-sing** | As die stamwoord van ‘n samestelling met ’n hoofletter moet begin, moet die woord met ’n koppelteken geskryf word:<br>**oud-Springbokke** **pro-Frans**<br> |

**<u>AFKAPPINGSTEKEN</u>** <u>*( Apostrophe )*:</u>

Die afkappingsteken word gebruik as jy die meervoud en verkleinwoord wil vorm van woorde wat eindig op **i**, **o**, **u** en ’n **beklemtoonde a**: foto’s, rabbi’s, balju’s, pa’s.

**Let wel:** Oupas, oumas, paddas, kameras, babas kry **geen** afkappingsteken nie, want die **laaste -a** is **nie beklemtoon** nie.

Afkappingsteken ( ')

By verswakte vorme:

Waar is : waar's syne: s'n

By 'n paar uitroepe: B'r




Alle eiename wat eindig op 'n s, e, z, maar nie uitgespreek word nie, kry ook in die meervoud en verkleining 'n afkapping.

Bv. du Plessis - du Plessis's - du Plessis'tjie



Alle letters en syfers word in die meervoud en die verkleining met afkappingstekens geskryf.

Bv. b - b's - b'tjie
3 - 3's - 3'tjie

Downloaded from Stanmorephysics.com

# 4.2. SKRYFTEKENS:


**AKSENTTEKEN:**

Die Akuut aksentteken word gebruik wanneer 'n woord beklemtoon word,

bv. soos dáár, dié, wéér, of name soos André, Renéé en op óf ... óf en nóg ... nóg.

Die gravis word gebruik by nè, dè, appèl en hè

bv. Hy was mos daar, nè?
Dè, vat dit vir jou.




(Bron: R Schutte- Kragpunt)

Downloaded from Stanmorephysics.com

# 4.2. SKRYFTEKENS:

## HOOFLETTERS:

Die meeste leerlinge weet dat ’n hoofletter aan die begin van ’n sin staan en dat spesiale name van mense, diere, plekke, berge, riviere, ens. met hoofletters geskryf moet word. Daar word egter foute begaan in gevalle soos die volgende:

❖ Alle titels soos dokter, dominee, professor, kaptein, luitenant, prins, koning, meneer, mevrou, mejuffrou, ens., word in die middel van sinne met kleinletters geskryf:

- Ek weet nie waar dr.Jackson se spreekkamer is nie, maar mnr.Johnson sê hy sal my daarheen neem.
- Toe prins William en prinses Kate in Australië was, het hulle dikwels kangaroes gesien.

❖ Vanne soos De Wet, Van der Merwe, De la Bat, ens., skep dikwels probleme wat die gebruik van hoofletters betref. Onthou maar net dat die “van” in Van der Merwe, die “de” in De Wet, ens. altyd **klein** is **na ’n voornaam of voorletter**. As daar egter geen naam of voorletter voor staan nie, is die **eerste letter** van die **van** (surname) **altyd** ’n hoofletter.

Hy sê George van der Merwe is ’n vriend van haar.
Almal weet Van der Merwe is ’n eerlike man.
Die lesing sal deur Susan de la Bat gehou word.
’n Vrou met die van De la Bat sal die lesing hou.
Ons weet nie of mevrou Van Eeden die koek gebak het nie, maar sersant Paul van Breda dink dit was sy.
Die De Wets en Du Toits is goeie vriende. Johan du Toit en Con de Wet is albei prokureurs.

**Die eerste en laaste deel van die naam kry hoofletters:**
**Piet van der Merwe**
**Piet de Wet**
**Piet Cronje**
**Hans die Grote**

**Geagte Meneer**
**Geagte mnr. Van der Merwe**
**Geagte mev. R Schutte**
**Liewe Pa**

Downloaded from Stanmorephysics.com

# 4.2. SKRYFTEKENS: Oefening

❖ Name van vakansiedae:
soos Gesinsdag en Goeie Vrydag word met hoofletters geskryf - ook Moedersdag.

❖ Die name van verenigings word met hoofletters geskryf:
die Dierebeskermingsvereniging.

❖ Name van politieke partye:
Nuwe Nasionale Party, Demokratiese Party.

❖ Wanneer kom Pa terug? My pa is nie by die huis nie. Sê vir jou oom sy gaan na Ouma toe.

❖ Die vergadering sal deur die Staatspresident en die Minister van Finansies toegespreek word.

❖ Indien ’n sin met ’n syfer, getal of simbool begin, kry die daaropvolgende woorde, of die eerste letter daarna, nie ’n hoofletter nie.
3000 trekkers het die paaie versper.
U-draaitekens word hier opgerig.
20 tennisspelers het by Wimbledon gaan speel.

SKRYFTEKENS OEFENING:

4.2.1 Kies elke keer die woord tussen hakies wat korrek gespel is.

1. Kom ons kyk sommer vanaand twee (videos; video’s).
2. Sal jy asseblief vir my hierdie bladsy (kopieer; kopieër).
3. Ons (B span; B-span) kan hulle s’n (lag lag; lag-lag) wen.
4. (Jean-hulle; Jean hulle) gaan vanmiddag kom tee drink.
5. Daar is talle hoë (brûe;brueë) in Kaapstad.
6. Bêre die (lee; leë) beker in die kombuis.
7. Hy is die beste krieketspeler in die (werêld; wêreld).
8. Haar (kerel; kêrel) het vir haar ‘n string (pêrels; perels) vir Kersfees gekoop.
9. Haar tannie bly in (Oos-Londen; Oos Londen).
10. Dit is Piet (van der Merwe; Van der merwe) se huis. **[10]**



Downloaded from Stanmorephysics.com

# 4.3. LEESTEKENS(Punktuasie):




| | |
|---|---|
| , | Komma ( comma ) |
| ( ) | Hakies ( brackets ) |
| . | Punt ( full stop ) |
| ! | Uitroepteken ( exclamation mark ) |
| ? | Vraagteken ( question mark ) |
| ; | Kommapunt ( semi-colon ) |
| : | Dubbelpunt ( colon ) |
| - | Aandagstreep ( dash ) |
| * | Asterisk ( asterisk ) |
| ... | Stippels ( ellipse ) of beletselteken |
| “ ” | Aanhalingstekens ( quotation marks) |

Leestekens is die verkeerstekens (traffic signs) in ’n taal. Hulle het absoluut niks met spelling te doen nie en jy moet hulle nie met <u>skryftekens</u> verwar nie. Die skryftekens soos die koppelteken en deelteken het te doen met die spelling van woorde.




**<u>PUNT:</u>**

- Die punt dui ’n ruspouse aan die einde van ’n sin aan.
- Dit word in sommige afkortings gebruik.

Downloaded from Stanmorephysics.com

# 4.3. LEESTEKENS:



**KOMMA:**

Plaas die komma waar daar 'n ruspunt in die sin is.

- Tussen werkwoorde
  bv. As jy dit doen**,** sal ek baie kwaad wees.
  As daardie skelm saamgaan**,** bly ek net hier.

- Tussen 'n reeks selfstandige naamwoorde.
  bv. Bring die potlood**,** skêr en gom klas toe.

- Voor sommige voegwoorde (conjunctions).
  bv. Hy is baie moeg**,** maar hy kan nie nou gaan slaap nie.

- Tussen 'n reeks byvoeglike naamwoorde.
  bv. Die hardwerkende**,** jong meisie kom vandag kuier.

- Na 'ja' en 'nee' aan die begin van 'n sin.
  bv. Ja**,** ek kom nou.

- Na iemand se direkte woorde
  bv. "Bring asseblief die boek**,**" sê Sarel.



**KOMMAPUNT:**

'n Leesteken wat aandag verdien, is die kommapunt.

- Die kommapunt moet gebruik word voor voegwoorde in groep 2, soos dus, daarom, nogtans, gevolglik, ens.
  bv. Hy is laat**;** dus moet hy detensie sit.


Downloaded from Stanmorephysics.com

# 4.3. LEESTEKENS:

- Die kommapunt en **nie 'n komma nie** moet in die **plek van 'n voegwoord** (conjunction) tussen twee sinne gebruik word.
  bv. Ek is nie bang nie**;** die hond is by my. (Ek is nie bang nie, want die hond is by my.)

  Sy het laat gekom**;** sy het verslaap. (Sy het laat gekom, want sy het verslaap.)

  Die bome begin hul blare verloor**;** dis nou herfs. (Die bome begin hul blare verloor, want dis nou herfs.)




**DUBBELPUNT:**

- Die dubbelpunt word na die inleidende werkwoord by die Direkte Rede gebruik:
  bv. Kate vra**:** "Waar gaan jy heen?"

- Dit word ook gebruik waar daar 'n verdere verduideliking volg:
  bv. Die volgende seuns is vir die Cravenweekspan gekies**:** R. Viljoen, H. Gibbs, T. Davies.

- Dit word gebruik wanneer 'n klomp dinge opgenoem word.
  bv. Ek voel siek**:** my kop is seer, my maag pyn en ek is koorsig.

**AANDAGSTREEP:**


Onthou dat daar 'n leesteken soos die aandagstreep is.

- Dit dui 'n lang pouse aan en gewoonlik wil 'n mens klem (emphasis) lê op die woorde daarna.
  bv. Die storm is verby; alles is stil, maar **-** die mense het al hul besittings verloor.

- Dit word gebruik voor en na 'n verduideliking in die middel van 'n sin.
  bv. Ek sal **-** as die skool eers begin het **-** die boek lees.

Downloaded from Stanmorephysics.com


# 4.3. LEESTEKENS:



## HAKIES:

- Ons gebruik hakies vir ekstra inligting wat nie eintlik deel van die sin is nie.

  Dit kan weggelaat word sonder dat dit 'n groot verskil sal maak.
  bv. Ons vat die Ferrari **(**wat Jan se pa gister gekoop het**)** om brood te gaan koop.




## UITROEPTEKEN:

- Kom na 'n uitroep, 'n bevel en ook na wense (wishes).
  bv. Help!

  Ek wens ek kan swem!

  Bring dadelik die boek!



## STIPPELS ( ook BELETSELTEKEN genoem ):

- Stippels word soms gebruik, veral in gedigte en dramas, waar woorde weggelaat is:
  bv. "Maak toe die deur en slaan die vensters dig**...**"

  (Aanhaling uit:Die hond van God - N.P. van Wyk Louw )

- By vloekwoorde of woorde wat kan aanstoot gee (offend), word soms net die eerste en laaste letter geskryf en dan 'n stippel vir elke letter tussenin:
  bv. Hy was so kwaad; hy wou hom net daar d**....**r.

- Om spanning te bou.
  bv. Die deur gaan oop en voor my staan die**...**

- Stippels kan ook op pouses tussen woorde dui:
  bv. Jessica **.....** Ouma is baie bekommerd **...** oor jou, Jessica.

Downloaded from Stanmorephysics.com

# 4.3. LEESTEKENS:



**AANHALINGSTEKENS:**

- Wanneer die direkte woorde van wat iemand gesê het, aangehaal word.
  bv. Anthony sê: **“**Ek kan nie hierdie som doen nie.**”**

- Dit wys wanneer direk uit ’n teks aangehaal word.
  bv. Die woord **“**stout**”** wys hoekom die seun raas gekry het.

- Dit word ook gebruik as ons ’n woord uit ’n ander taal aanhaal.
  bv. Hy het na die **“**show**”** gegaan.

**DIE VRAAGTEKEN**:



- Na ’n vraagsin in die Direkte Rede skryf ons ’n vraagteken.
  bv. Waarna kyk jy**?**



Downloaded from Stanmorephysics.com

# 4.3. LEESTEKENS: Oefening

LEESTEKENS OEFENING:

4.3. Skryf nou die volgende oor en vul al die ontbrekende **skryftekens** en **leestekens** in:

1. patricia van der merwe ’n graad 11 leerling aan die hoerskool grooteiland is ’n pligsgetroue hardwerkende vriendelike en hulpvaardige meisie dus hou die onderwysers van haar

2. sy bly in die koshuis want haar ouerhuis is in die oos kaap eendag het sy vir my gese jy weet alicia ek verlang baie na my ma en pa

3. ja dis seker swaar om so lank van die huis af weg te wees het cindy geantwoord sy het gehoor wat patricia gese het

4. as hulle hulle pos kry is die koshuiskinders baie bly gister het een gesug ai ek wens darem my huis was nader aan kaapstad

5. ’n wildbewaarder james ross wat in die Kalahari gemsbokpark werk het die klublede toegespreek en ’n interessante boeiende film vertoon

6. daarna was daar geleentheid vir vrae maar niemand wou iets weet nie

7. baie leerlinge veral die graad ags sal graag die wildtuin wil besoek

8. hoor hoor het al die leerlinge geskree

9. waar was u tydens die tweede wereldoorlog vra dawid de lange

10. ek was in oos londen in die kaapprovinsie antwoord mev du toit ek het by my oudste dogter gaan woon en jy dawid jy was seker nog baie klein daardie dae

11. ja tant anne ek kon nog nie eens praat nie

12. hy het gesê dat alhoewel hy 20 dasse besit hy net nege van hulle dra

13. sjoe maar kyk hoe steek so ’n by my

14. jy verstaan mos nou ne

15. as ek net geweet het waar die sleutel is

16. ’n suksesvolle weervoorspeller moet aan die volgende vereistes voldoen hy moet ’n deeglike kennis van windrigtings he hardwerkend wees en geinteresseerd in sy werk wees

Downloaded from Stanmorephysics.com

# 4.4. SOORTE SINNE:

**STELSIN**: Dit word gebruik om iets te sê.

Dit is die sin wat die meeste gebruik word.

Die tipe sin het gewoonlik ‘n **punt** aan die einde van die sin.

bv. Jan skop die bal oor die muur.

**VRAAGSIN**: Dit word gebruik om ’n vraag te vra.

Dit het gewoonlik ’n **vraagteken** aan die einde van die sin.

Ons kry **TWEE tipes** vraagsinne:

**1)** *Algemene Vraagsin:* Ja/Nee antwoord

Net die woordorde verander. Ons begin die sin met die werkwoord.

bv. Die kat vang die muis.→ Vang die kat die muis?

**2)** *Spesifieke Vraagsin:* Die vraagwoord is aan die begin van die sin.

Dele van die stelsin is die antwoord.

bv. Waarom vang die kat die muis?

Wanneer vang die kat die muis?

**UITROEPSIN**: Dit word gebruik om gevoelens uit te druk.

Dit het gewoonlik ’n **uitroepteken** aan die einde van die sin.

bv. Sjoe, maar ek is nou vaak!

**BEVELSIN**: Dit word gebruik om ’n bevel te gee.

Dit is gewoonlik ’n baie kort sin.

Dit het gewoonlik ’n **uitroepteken** aan die einde van die sin.

bv. Gaan was jou hande!

Downloaded from Stanmorephysics.com

# 4.4. SOORTE SINNE:

## Soorte Sinne

### Stelsin

Dit is die sin wat gebruik word om iets te sê.
Dit word die meeste gebruik.
bv. Ek loop in die reën.



### Vraagsin

die sin wat ek gebruik om ’n vraag te vra.
Dit het ’n vraagteken aan die einde van die sin.
bv. Wie se kar is dit?



### Uitroepsin

Dit is’n sin wat ek gebruik om gevoelens uit te druk.
bv. Sjoe, maar dit is koud!



### Bevelsin

Dit is die sin wat ek gebruik om ’n instruksie of bevel te gee. Die sin is gewoonlik kort en het ’n uitroepteken aan die einde van die sin.
bv. Skakel asseblief die lig aan!

Downloaded from Stanmorephysics.com

# 4.4. SOORTE SINNE:



**VRAAGWOORDE**

| | | |
|---|---|---|
| **Wie** | **Wie** het die boek gelees? | Who |
| **Wie se** | **Wie se** hand hou jy vas? | Whose |
| **Wat** | **Wat** is in jou skooltas? | What |
| **Watter** | **Watter** trein het jy gehaal? | Which |
| **Waarom** | **Waarom** kom jy nou eers? | Why |
| **Hoekom** | **Hoekom** het jy my nie vertel nie? | Why |
| **Hoe** | **Hoe** het die man ingekom? | How |
| **Hoeveel** | **Hoeveel** geld het die nuwe rok gekos? | How many/much |
| **Hoe laat** | **Hoe laat** begin die konsert? | What time |
| **Wanneer** | **Wanneer** kom jy vir my kuier? | When |
| **Waar** | **Waar** gaan julle speel? | Where |
| **Waarin** | **Waarin** stel die kind belang? | In what |
| **Waarop** | **Waarop** staan die atleet? | On what |
| **Waaruit** | **Waaruit** bestaan die gereg? | Out of what |
| **Waarmee** | **Waarmee** kom jy skooltoe? | With what |
| **Waarvandaan** | **Waarvandaan** kom julle? | From where |
| **Waarheen** | **Waarheen** gaan die kinders? | To where |
| **Waarna** | **Waarna** verlang jy die meeste? | What do |
| **Waarnatoe** | **Waarnatoe** het hy gegaan? | To where |
| **Het** | **Het** jy die boek gelees? | Did |
| **Het jy** | **Het jy** vir my die antwoord? | Do you have |

Downloaded from Stanmorephysics.com

# 4.4. SOORTE SINNE: Oefeninge

SINSOORTE OEFENINGE:

## 4.4.1 Identifiseer die SOORT SIN in elk van die onderstaande sinne.




1. Haai, dis lekker koel!
2. Gaan haal asseblief vir my die boek!
3. Het jy die vakansie geniet?
4. Hoekom moet ek vandag die werk doen?
5. Die man lees die boek terwyl hy op die stoep sit.
6. Die skool het alweer laat begin.
7. Hoekom is jy weer laat vir skool?
8. Hoera, dit is weer skoolvakansie!
9. Sit nou dadelik jou boek neer!
10. Daar is baie nuwe leerders in die skool.

**[10]**

## 4.4.2 Verander die volgende stelsinne na vraagsinne.

1. Die seun het sy boeke in die vorige klas vergeet.
2. Die skool het gister vir die skoolvakansie gesluit.
3. Die meubels vir die sitkamer is gister afgelewer.
4. Ons gaan vanaand fliek.
5. Ons het baie foto's gedurende die vakansie geneem.
6. Hy sal volgende week met sy atletiekoefeninge begin.
7. Die meisie gaan aan die 400m by die atletiekbyeenkoms deelneem.
8. Daar is baie kinders in die skool.
9. Die seun koop sy boeke by die boekwinkel.
10. Die onderwyseres lees die boek vir die kinders. **[10]**

Downloaded from Stanmorephysics.com



### 4.4.3 Vorm 'n VRAAGSIN waarvan die onderstreepte gedeelte die antwoord is.

1. Die meisie is my beste vriendin.
2. Ouers hou van veilige skole.
3. Dit het laasnag gereën.
4. Hy verjaar op die 5de Januarie.
5. Ek sit in die spreekkamer.
6. Hy gaan volgende week in die gala swem.
7. Hy het swaar aan die boeke gedra.
8. Die studente het 'n petisie teen die boelies opgetrek.
9. Die water sal teen die 11de Maart afgesny word.
10. Die mense moet baie water bespaar. **[10]**

### 4.4.4 Vorm 'n VRAAGSIN waarvan die onderstreepte gedeelte die antwoord is.

1. Kate het 'n hond en 'n kat.
2. Haar ma vee die stof uit.
3. Daar lê baie boeke op haar lessenaar.
4. Sy skryf met 'n skerp potlood.
5. Die kort outjie is die slimste.
6. Matthew is veertien jaar oud.
7. Susan probeer haar bes omdat sy goeie punte wil behaal.
8. Sara voel baie moeg.
9. Albert praat met sy ouers.
10. Sarel se foto staan langs sy ma se bed. **[10]**



Downloaded from Stanmorephysics.com

# 4.5. WOORDORDE:

## Sv1TOMPv2I

STOMPI is ’n Akroniem vir die basiese struktuur van ’n enkelvoudige Afrikaanse sin.

S - Subject (Onderwerp)

v1 - Verb 1 (Werkwoord 1) Gesegde 1

T - Time (Tyd) Bepaling van Tyd

O - Object (Voorwerp)

M - Manner (Wyse) Bepaling van Wyse of Manier of Graad

P - Place (Plek) Bepaling van Plek

v2 - Verb 2 (Werkwoord 2) Gesegde 2

I - Infinitive (infinitief) Bepaling van Rede - om te

DIE **GOUE** REËL VAN SINSONTLEDING OF **S v1TOMPv2I** IS:

Die **EERSTE** werkwoord kom altyd direk na die gedeelte waarmee ek my sin begin het.
Bv. Gister **het** ek die koerant gelees.

### HOE IDENTIFISEER ek die dele van Sv1TOMPv2I in ’n sin?

**S - ONDERWERP:**

- Staan gewoonlik eerste in die sin.
- Die onderwerp is gewoonlik die WIE of WAT.

**V1 - GESEGDE 1: (WERKWOORD)**

- Die eerste werkwoord in die sin.
- In die verlede en die toekomende tyd sal ek ook ’n gesegde 2 (tweede werkwoord) hê.
- In die teenwoordige tyd is die gesegde 1 (eerste werkwoord) gewoonlik die hoofwerkwoord tensy ek ’n hulpwerkwoord het.

Downloaded from Stanmorephysics.com

# 4.5. WOORDORDE:

**T - BEPALING VAN TYD:**

- Gewoonlik enige aanduiding van tyd.
- Die TYD antwoord die WANNEER vraag.

**O - VOORWERP:**

- Die voorwerp is dit wat in die sin gedoen word.
- Wat "WERKWOORD" die ONDERWERP? Die antwoord op die vraag, is die voorwerp.

**M - BEPALING VAN WYSE, MANIER OF GRAAD:**

- Die wyse beantwoord die HOE-vraag. HOE word dit gedoen?
- Die wyse is altyd 'n beskrywende woord.
- Die beskrywende woord kan in TRAPPE VAN VERGELYKING geplaas word.

**P - BEPALING VAN PLEK:**

- Die plek beantwoord die WAAR vraag.
- Die plek bevat altyd 'n voorsetsel; die voorsetsel gee die aanduiding van die/'n plek.

**V2- GESEGDE 2: (TWEEDE WERKWOORD)**

- Dit is die 2de werkwoord in die sin**.**
- Die teenwoordige tyd het nie altyd 'n 2de werkwoord nie.
- Die 2de werkwoord sal altyd die hoofwerkwoord wees.
- In die verlede tyd sal die 2de werkwoord baie keer ge- vooraan hê.

**I - INFINITIEF: BEPALING VAN REDE:**

- Die infinitief beantwoord die HOEKOM vraag.
- Die infinitief is gewoonlik die maklikste om uit te ken, want alles van OM tot die einde van die sin is die infinitief.

Downloaded from Stanmorephysics.com

# 4.5. WOORDORDE:

HOE ONTLEED EK 'n SIN op die SV1TOMPV2I manier?

Stap 1: Onderstreep die werkwoord(e) (gesegde(s) in die sin.

Stap 2: Dit wat voor die werkwoord staan, is dikwels die Onderwerp. Dit na die 2de werkwoord is die Infinitief.

Stap 3: Begin nou aan die begin van die sin en kyk watter ander gedeeltes teenwoordig is deur die vrae te vra. Nie al die gedeeltes van SV1TOMPV2I hoef teenwoordig te wees nie.




| | | |
|---|---|---|
| Subject | S | Onderwerp |
| Verb 1 | v1 | Gesegde 1 |
| Time | T | Bepaling van Tyd |
| Object | O | Voorwerp |
| Manner | M | Bepaling van Wyse of Graad |
| Place | P | Bepaling van Plek |
| Verb 2 | v2 | Gesegde 2 |
| Infinitive | I | Bepaling van Rede |

(Bron: M Swanepoel- kragpunt)



Downloaded from Stanmorephysics.com

# 4.5. WOORDORDE:






Downloaded from Stanmorephysics.com

# 4.5. WOORDORDE:

S v1

Die seun/het/gister sy rugbybal hard

v2

oor die pale/geskop/om te oefen.

Wanneer het die seun? Gister

Wat het die seun geskop? Sy rugbybal

Hoe het die seun geskop? Hard

Waar het die seun geskop? Oor die pale

- **Stap 3**:

Begin nou aan die begin van die sin en kyk watter gedeeltes van STOMPI is daar nog in die sin. ONTHOU: 'n sin hoef nie noodwendig al die gedeeltes van STOMPI teenwoordig te hê nie.

S v1 T O M

Die seun/het/gister/sy rugbybal/hard

P v2 I

/oor die pale/geskop/om te oefen.

(Bron: M Swanepoel- kragpunt)

Downloaded from Stanmorephysics.com

# 4.5. WOORDORDE:

Elke gedeelte van STOMPI beskik oor 'n bepaalde woordsoort of woordsoorte.

So kan die Tyd nie uit 'n werkwoord bestaan nie, maar v1 en v2 kan weer slegs uit werkwoorde bestaan.

Die Voorwerp kan ook nie uit 'n bywoord bestaan nie, maar die

**M** van Wyse kan weer slegs uit 'n bywoord en of bywoord sin of frase bestaan.

| | |
|---|---|
| S | Selfstandige naamwoord, voornaamwoord, lidwoord |
| v1 | Hede: hulpwerkwoord of hoofwerkwoord — Verlede/Toekoms: Hulpwerkwoord |
| T | Bywoord van Tyd/ bywoordsin of frase |
| O | Selfstandige naamwoord; voornaamwoord; lidwoord |
| M | Bywoord van Wyse / bywoordsin of frase |
| P | Voorsetsel + lidwoord; voornaamwoord;selfstandige naamwoord |
| v2 | Hoofwerkwoord |
| I | Infinitief (om te) lidwoord; selfstandige naamwoord; voornaamwoord; byvoeglike naamwoord; werkwoord. |

(Bron: M. Swanepoel – kragpunt)

Downloaded from Stanmorephysics.com

# 4.5. WOORDORDE: Oefeninge

WOORDORDE OEFENINGE:

## 4.5.1 Rangskik die woorde in die regte volgorde. Begin met die **vetgedrukte woorde.**

1. sit / op die banke / bedags / in die klaskamer / **Die leerders** / by die skool / met hulle boeke / om te leer.
2. loop / **Die kinders** / met hulle skooltasse / voor skool / op die stoep / na die klaskamer.
3. **Die leerling** / elke dag / werk / in die kamer/ hard.
4. **Die ouers** / sit / gedurende die eksamens / kan / rustig.
5. drink / **Sy ouers** / op die voorstoep / nou / tee.
6. **Sy** / rustig / loop / om die boek te gaan haal / na haar kamer.
7. slaap / rustig / **Die hond** / vanoggend / op die trap.
8. **Die kinders** / die nuwe skool / gister / besoek / het.
9. **Hy** / volgende jaar / baie graag / Geskiedenis / wil / neem.
10. besluit / **die kinders** / elke jaar / kan / om die skool te besoek. **[10]**

## 4.5.2 Rangskik die woorde in die regte volgorde. Begin met die **vetgedrukte woorde.**

1. **Die tas** / te swaar / is / om rond te dra.
2. **Die sweetdruppeltjies** / langs sy kop / die hele tyd / is.
3. die besigste persoon / **Die straatveër** / môre / in die dorp / sal / wees.
4. die straatveër / **Baie mense** / in die dorp / ken / met gebroke harte.
5. gereeld / **Die onderwyser /** vertel / ’n storie / na pouse / op die mat.
6. in die personeelkamer / **Die onderwysers** / gereeld / elke oggend / voor skool/ hou / ’n vergadering.
7. **Al drie die seuns van my niggie** / het / verbeter / hulle swemrekords / ’n rukkie gelede / by hulle skoolgala.
8. by die huis / **Hy** / die storie / baie dramaties / vertel / om sy ma te vermaak.

Downloaded from Stanmorephysics.com



9. **Die onderwyser** / die leerders / in die saal / gepraat / verlede Maandag / het.

10. **Die swemmer** / by Newlands / volgende maand / die gala / sal / swem.

**[10]**

## 4.5.3 Skryf die volgende sinne oor en verbeter die WOORDORDE.

1. Ek wil nie met my fiets na die partytjie Saterdagaand ry nie.
2. Om skoolklere te koop gaan die seuns stad toe per trein Woensdagmiddag.
3. Sy gaan Johannesburg toe Saterdag, want haar broer trou in Sandton.
4. Ons gaan om te leer bestuur na ’n bestuurskool elke middag.
5. Agter die skool gister het ons om vleis te braai vuur gemaak.
6. Die gesin Sondae ry oral vrolik rond.
7. Op die strand mense speel die hele vakansie uitbundig.
8. Die dosent by die universiteit klas gee daagliks.
9. Dit is baie moeilik vandag om te ontspan.
10. Helder vlae oral in die strate het gister gewapper.

**[10]**

## 4.5.4 Skryf die volgende sinne oor en verbeter die WOORDORDE.

1. Ek het die boek gister in die biblioteek gelos.
2. Ek verkoop by die mark die groente elke oggend.
3. Die man het in die parkie die boek rustig gistermiddag gelees.
4. Gister die seun het die boek vergeet in die klaskamer.
5. Volgende jaar die meisie gaan na Europa met haar vriendin reis.

**[5]**



Downloaded from Stanmorephysics.com

# 4.6. TYE:

Ons tref slegs **drie** tye in Afrikaans aan.

| | | |
|---|---|---|
| TEENWOORDIGE TYD | Present tense | (vandag - today) |
| VERLEDE TYD | Past tense | (gister – yesterday) |
| TOEKOMENDE TYD | Future tense | (môre - tomorrow) |

## 1. GEWONE WERKWOORD**:**

Wanneer ek ’n selfstandige werkwoord gebruik (Hoofwerkwoord) gebeur die volgende in die verskillende tye:

- In die **VERLEDE TYD** plaas ek **HET** in die plek van die **HOOFWERKWOORD** en die **HOOFWERKWOORD** beweeg na die **V2 posisie** en **ge** – word by die woord gevoeg.
- In die **TOEKOMENDE TYD** plaas ek **SAL** in die plek van die **HOOFWERKWOORD** en die **HOOFWERKWOORD** beweeg na die **V2 posisie**.

GEWONE WERKWOORD:

| **TEENWOORDIGE TYD** | **VERLEDE TYD** | **TOEKOMENDE TYD** |
|---|---|---|
| Die HOOFWERKWOORD staan gewoonlik in die V1 posisie na die onderwerp**.** | Die woord “het” vervang gewoonlik die hoofwerkwoord en skuif na die V2 posisie saam met ge-. | Die woord “sal” vervang die hoofwerkwoord en skuif na die V2 posisie. |
| *Die meisie sing in die koor.* | *Die meisie het in die koor gesing.* | *Die meisie sal in die koor sing.* |

## 2. AS DIE WERKWOORD MET ‘**BE’, ‘GE’, ‘HER’, ‘ER’, ‘ONT’ (OND), ‘VER’ OF ‘MIS’ BEGIN:**

- Gebruik **‘HET’** in die **VERLEDE TYD**, *maar* **nooit ‘ge’ nie**.
- Gebruik ‘**SAL’** in die **TOEKOMENDE TYD** en die **WERKWOORD** gaan na die **v2 posisie.**

Downloaded from Stanmorephysics.com

# 4.6. TYE:

| TEENWOORDIGE TYD | VERLEDE TYD | TOEKOMENDE TYD |
|---|---|---|
| Werkwoorde wat begin met be-, ge-, er-, her-, ont-, ver-, , en mis- kry nooit 'n ge- in die verlede tyd nie**.** | Voeg "het" by in die tweede posisie en skuif die werkwoord na die V2 posisie sonder enige verandering. | Voeg "sal" by in die tweede posisie en skuif die werkwoord na die V2 posisie sonder verandering. |
| *Die skool begin in Januarie.* | *Die skool het in Januarie begin.* | *Die skool sal in Januarie begin.* |

3. AS DAAR TWEE WERKWOORDE IS WAT TEGELYKE TYD PLAASVIND EN VERBIND WORD MET 'EN':

- As die eerste werkwoord 'sit', 'lê', 'loop' of 'staan' is, dan kry slegs die eerste werkwoord 'ge' in die verlede tyd.
- Let wel: Die 'ge' is egter opsioneel en hoef dus nie gebruik te word nie

| TEENWOORDIGE TYD | VERLEDE TYD | TOEKOMENDE TYD |
|---|---|---|
| As twee dade gelyktydig plaasvind en daar is 'n "en" tussen hulle. | '**Het**' neem die tweede posisie in en die "dade" skuif na die V2 posisie. Voeg **ge-** by die eerste daad. | '**Sal'** neem die plek van 'het' en die twee dade skuif na die V2 posisie van die sin. |
| *Die bouer staan en eet.* | *Die bouer het gestaan en eet.* | *Die bouer sal staan en eet.* |

4. AS JY ENIGE ANDER KOMBINASIE VAN TWEE WERKWOORDE, VERBIND MET 'EN', KRY:

- Altwee die werkwoorde kry nou 'n 'ge' in die verlede tyd.

| TEENWOORDIGE TYD | VERLEDE TYD | TOEKOMENDE TYD |
|---|---|---|
| As twee dade plaasvind, maar hulle volg op mekaar, kry elke werkwoord ge-. | "Het" neem die tweede posisie in en die werkwoorde skuif saam na die V2 posisie. | **"**Sal" neem die plek van "het" en die twee dade skuif na die v2 posisie van die sin. |
| *Die kamerbediende was en stryk die wasgoed.* | *Die kamerbediende het die wasgoed gewas en gestryk.* | *Die kamerbediende sal die wasgoed was en stryk.* |

Downloaded from Stanmorephysics.com

# 4.6. TYE:

## 5. AS DAAR TWEE WERKWOORDE IN ’N SIN VOORKOM SONDER ’N VOEGWOORD (CONJUNCTION) TUSSEN HULLE:

- Altwee werkwoorde skuif nou na die V2 posisie van die sin, maar werkwoord 1 (ww1) kom steeds voor werkwoord 2 (ww2).
- Die gebruik van ‘ge’ is opsioneel, maar mag slegs voor werkwoord 1 gebruik word.

| **TEENWOORDIGE TYD** | **VERLEDE TYD** | **TOEKOMENDE TYD** |
|---|---|---|
| As twee dade plaasvind en daar is nie ‘n voegwoord tussen hulle nie.<br><br>*Ek hoor die leeu brul.* | “Het” neem die tweede posisie in en die “dade” skuif na die V2 posisie. Voeg ge- by die eerste daad.<br><br>*Ek het die leeu gehoor brul.* | “Sal” neem die plek van “het” en die twee dade skuif na die V2 posisie van die sin.<br><br>*Ek sal die leeu hoor brul.* |

## 6. AS DAAR ’N WERKWOORD SAAM MET ’N VOORSETSEL IN DIE SIN IS:

- Die twee woorde word altyd een woord in die verlede en toekomende tyd.

| **TEENWOORDIGE TYD** | **VERLEDE TYD** | **TOEKOMENDE TYD** |
|---|---|---|
| Soms word ’n saamgestelde werkwoord gebruik:<br>Dit verwys na ’n werkwoord plus ’n voorsetsel.<br><br>*Hy maak die venster toe.* | Die hoofwerkwoord skuif tot agter die voorsetsel en word met ge- verbind.<br><br>*Hy het die venster toe-gemaak.* | Die hoofwerkwoord skuif tot agter die voorsetsel en word een woord.<br><br>*Hy sal die venster toemaak.* |



Downloaded from Stanmorephysics.com


# 4.6. TYE:

## SKEIBARE WERKWOORDE

OOK DEELTJIE (WERK)WOORDE GENOEM. HIERDIE WERKWOORDE BESTAAN UIT TWEE DELE bv. op + styg reg+ pak weg+ raak

TEENWOORDIGE TYD: Die dele van die werkwoord word van mekaar geskei en die tweede deel kom eerste:

Voor + Skryf : Die department skryf die boek voor.
op+ styg: Die vlieguig styg van die lughawe op.



VERLEDE TYD: Die dele van die werkwoord word weer een, maar ge- word tussen die twee dele geplaas:

aan + wys: Die dame het die sitplekke vir ons aangewys.
nat + gooi: Die seuns het die meisies met water natgegooi.

TOEKOMENDE TYD: Die twee dele van die werkwoord word aanmekaar geskryf:

aan + val: Die terroriste sal die burgers aanval.
vas + hou: Die twee verliefdes sal mekaar vashou.

NOG VOORBEELDE:
**oplos** **liefhê** **oortrek** **inkleur** **voordra**
**voetslaan** **voorstel** **terugkeer** **stilhou**
**mooipraat** **aankondig** **opstaan** **oorwin** **vashou**

## 7. DIE WERKWOORD **HET** KAN OOK OP SY EIE GEBRUIK WORD:

- Die woord HET sal op sy plek bly, maar die woord GEHAD sal in die V2 posisie in die VERLEDE TYD bygevoeg word.
- Die woord **HET** sal na die V2 posisie verskuif en na **HÊ** verander.

| **TEENWOORDIGE TYD** | **VERLEDE TYD** | **TOEKOMENDE TYD** |
|---|---|---|
| 'Het' kan ook as selfstandige werkwoord optree.<br><br>*Ek het 'n nuwe motor.* | Voeg slegs die woord "gehad" in die V2 posisie van die sin by.<br><br>*Ek het 'n nuwe motor gehad.* | Verander 'het' na 'sal' en voeg "hê" by in die V2 posisie.<br><br>*Ek sal 'n nuwe motor hê.* |

Downloaded from Stanmorephysics.com

# 4.6. TYE:

## 8. HULPWERKWOORDE:

- KOM SAAM MET HOOFWERKWOORDE VOOR. HULLE NEEM GEWOONLIK DIE TWEEDE POSISIE IN DIE SIN (V1 POSISIE) IN EN DIE HOOFWERKWOORD DIE V2 POSISIE.

- Net die **HULPWERKWOORD** het nodig om in die **VERLEDE TYD** te verander.

- Hulpwerkwoorde sluit die volgende in: sal; kan; wil; moet; mag

- Die hulpwerkwoorde **GAAN, LAAT en KOM** het nie 'n **VERLEDE TYD VORM** nie. Hulle word saam met **HET** gebruik.

| **TEENWOORDIGE TYD** | **VERLEDE TYD** | **TOEKOMENDE TYD** |
|---|---|---|
| Hulpwerkwoorde verander so: | Hulpwerkwoorde het hulle eie verlede tydsvorm: | As 'sal' ingesit word, skuif al die werkwoorde, in die volgorde waarin jy hulle gekry het, saam na die V2 posisie: |
| *Ek kan nie vinnig hardloop nie.* | *Ek kon nie vinnig hardloop nie.* | *Ek sal nie vinnig kan hardloop nie.* |
| *Wil* | *Wou* | |
| *Moet* | *Moes* | |
| *Sal* | *Sou* | |
| *Hy gaan die boek lees.* | *Hy het die boek gaan lees.* | *Hy sal die boek gaan lees.* |

## 9. KOPPELWERKWOORDE:

- DIE MEES BEKENDE KOPPELWERKWOORD WAT GEBRUIK WORD IS, IS.
- Daar is ook ander koppelwerkwoorde soos: skyn; heet; blyk
- Onthou as daar 'n 'dis' in die sin is moet dit verander na 'dit is'.
- bv.*dis* koud → *dit is* koud.

| **TEENWOORDIGE TYD** | **VERLEDE TYD** | **TOEKOMENDE TYD** |
|---|---|---|
| Koppelwerkwoord: | Koppelwerkwoord: | Koppelwerkwoord: |
| *Ek is in die winkel.* | *Ek was in die winkel.* | *Ek sal in die winkel wees.* |

Downloaded from Stanmorephysics.com

# 4.6. TYE:

## 10. ONSKEIBARE WERKWOORDE:

### ONSKEIBARE WERKWOORDE

- Hierdie werkwoorde word nooit geskei nie.
- Daar is geen –ge in die verlede tyd nie.
- Die klem val gewoonlik op die tweede gedeelte van die werkwoord
- Die woorde begin baie keer met: mis; onder; oor; ver; vol; weer.

**VOORBEELDE:**

| | | | |
|---|---|---|---|
| aanvaar | agtervolg | begin | bemaak |
| betaal | geniet | herken | hersien |
| herwin | misbruik | misluk | mishandel |
| misvorm | omhels | onderbreek | onderneem |
| onderrig | ondersoek | ondersteun | onthou |
| ontken | ontmoet | omhels | oordink |
| ooreet | oorhandig | oorwin | oortuig |
| oorweeg | verander | verdra | vergeet |
| verloor | verkoop | verstaan | volhard |
| voltooi | voldoen | volmaak | voorsien |
| weergalm | weerhou | weerlê | weerstaan |

- Ander onskeibare werkwoorde, waar die klem op die tweede gedeelte val, kry **–ge** in die verlede tyd. Hieronder volg 'n paar voorbeelde:

| | | | |
|---|---|---|---|
| blinddoek | dagvaar | glimlag | handhaaf |
| hardloop | knipoog | liefkoos | openbaar |
| raadpleeg | rangskik | regverdig | waarborg |
| waarsku | | | |

(geblinddoek; gedagvaar; geglimlag…………………)

## ONTHOU:

**DIE VOEGWOORDE ( CONJUNCTIONS ) 'DAN', 'WANNEER', 'AS' EN 'NOU' VERANDER NA 'TOE' IN DIE VERLEDE TYD.**



Downloaded from Stanmorephysics.com

# 4.6. TYE:

## Werkwoorde

Die werkwoord dui die handeling aan of veroorsaak beweging.

## Hoofwerkwoorde

Hierdie woorde kan op hulle eie as gesegde staan.

sit, loop, staan, lag, speel

bv. Die olifant speel die tromme.



## Hulpwerkwoorde



Hierdie woorde dui gewoonlik tyd aan en kan nooit alleen in 'n sin staan nie.

sal, wil, kan, moet, het


bv. Die meisie sal môre saam met die dolfyne swem.

## Koppelwerkwoorde

Hierdie werkwoorde koppel die onderwerp aan die byvoeglike naamwoord of bepaling.

lyk, blyk, skyn, is, word

Nemo is 'n vis.



Downloaded from Stanmorephysics.com

# 4.6. TYE: OPSOMMING:

| | VERLEDE TYD | TEENWOORDIGE TYD | TOEKOMENDE TYD |
|---|---|---|---|
| | het | | sal |
| Eenvoudige werkwoord | 'het' + 'ge'<br>Ek **het** 'n boek **gelees**. | Ek **lees** 'n boek. | 'sal'<br>Ek **sal** 'n boek **lees**. |
| Werkwoorde met :<br>**be**gin<br>**ge**sels<br>**her**ken<br>**er**vaar<br>**ont**moet<br>**onder**soek<br>**ver**staan<br>**mis**bruik | Ek **het** my werk verstaan.<br>'het' maar<br>**GEEN** 'ge' | Ek **verstaan** my werk. | Ek **sal** my werk **verstaan.** |
| Werkwoord: **'is'**<br>'was' 'sal'<br>**(verander dis = dit is)** | Die eksamen **was** maklik. | Die eksamen **is** maklik. | Die eksamen **sal** maklik **wees**. |
| Werkwoord : **het** | Ek **het** 'n mooi huis **gehad**. | Ek **het** 'n mooi huis.<br>(jy besit iets) | Ek **sal** 'n mooi huis **hê**. |
| Werkwoord + voorsetsel: | Ek **het** die boek **opgetel**. | Ek **tel** die boek **op**. | Ek **sal** die boek **optel.** |
| Hulpww + werkwoord: | Ek **moes** my werk **doen**.<br>Hulpww verander net in VERLEDE TYD:<br>Ek sou my werk doen<br>Ek wou my werk doen<br>Ek kon my werk doen | Ek **moet** my werk **doen**.<br>Ek sal my werk doen<br>Ek wil my werk doen<br>Ek kan my werk doen | Ek **sal** my werk **doen**.<br>Ek sal my werk moet doen<br>Ek sal my werk wil doen<br>Ek sal my werk kan doen |
| Hulpww: 'gaan' 'laat' 'kom' - voor ww (V2) | Ek **het** in die dam **gaan swem**. | Ek **gaan** in die dam swem. | Ek **sal** in die dam **gaan swem.** |
| 2 ww in selfde sin sonder voegwoord tussen-in: | Ek **het** die leeu **hoor brul**. | Ek **hoor** die leeu **brul**. | Ek **sal** die leeu **hoor brul**. |
| 2 handelinge gebeur gelyk: verbind deur "en" v1 (sit, lê, loop, staan) kry "ge-" in VERLEDE TYD | Die man **het** op die stoep (**ge)sit en lees**. | Die man **sit en lees** op die stoep. | Die man **sal** op die stoep **sit en lees.** |
| Handelinge gebeur nie tergelyke tyd nie:werkwoorde verbind deur "EN" beide werkwoorde kry "GE-" in VERLEDE TYD | Ek het in my slaapkamer (**ge)slaap** en (**ge)werk**. | Ek **slaap en werk** in my slaapkamer. | |

Downloaded from Stanmorephysics.com

# 4.6. TYE: OPSOMMING:

| | VERLEDE TYD | TEENWOORDIGE TYD | TOEKOMENDE TYD |
|---|---|---|---|
| Voegwoord in sin: **hanteer as twee sinne**. Pas toepaslike reël toe. | Die bokkie **het weggehardloop**, want die leeu **het** hom **gejaag**. | Die bokkie **hardloop** weg, want die leeu **jaag** hom. | Die bokkie **sal weghardloop**, want die leeu **sal** hom **jaag**. |
| Skeibare werkwoorde: Kan skei in 2 dele in TEENWOORDIGE TYD Klem op 1ste lettergreep | Ek **het** die lig **aangeskakel**. | Ek **skakel** die lig **aan**. Aan**trek,** af**haal,** deel**neem,** geluk**wens,** goed**keur,** groot**word,** lief**hê,** nat**gooi,** saam**gaan** stil**staan,** uit**nooi,** uit**trek,** weg**gooi** | Ek **sal** die lig **aanskakel**. |
| Onskeibare werkwoorde Klem op 2de lettergreep Geen "GE-" in VERLEDE TYD | Hy **het** die hond **mishandel**. | Hy **mishandel** die hond. Aan**vaar**, agter**volg**, beg**in**, be**staan**, er**ken**, ge**niet**, her**ken**, her**sien**, mis**lei**, mis**handel**, mis**luk**, om**hels**, onder**soek**, ont**hou**, ont**moet**, oor**handig**, oor**tuig**, oor**win**, ver**geet**, ver**staan**, voltooi | Hy **sal** die hond **mishandel**. |
| Voegwoorde **'dan' 'as' 'wanneer' 'nou'** : verander na **'toe'** | Ek **het** geskrik **toe** ek 'n slang gesien **het**. | Ek skrik **as** ek 'n slang sien. | GEEN TOEKOMENDE VORM NIE. |

(Bron: M Swanepoel – kragpunt)




Downloaded from Stanmorephysics.com

# 4.6. TYE: Oefeninge

TYE OEFENINGE:

4.6.1 Skryf hierdie sinne oor asof dit reeds gebeur het (dit wil sê, in die verlede tyd.)

1. Hulle eet vanaand by ons.
2. Sy het twee broers.
3. Ons is moeg.
4. Hulle staan en praat op die hoek.
5. Sy rangskik die blomme in ’n vaas.
6. Ek wil dit doen.
7. Die polisie agtervolg die misdadiger.
8. Ek verwag om goed te doen.
9. Ons hoor die klok lui.
10. Hy organiseer sy werk.
11. Jy moet dit nie doen nie.
12. Wanneer jy dit doen, moet jy versigtig wees.
13. Ek het jou lief.
14. Die son kom vroeg op.
15. Hy gaan die rose snoei.




**[15]**

4.6.2 Herskryf die volgende sinne deur met die gedeelte tussen hakies te begin.

1. Dit is lekker! (Dit sal ... )
2. Hulle begin die storie vertel. (Hulle het ... )
3. Dit is reeds gedoen. (Dit sal ... )
4. Hy wens ons geluk met ons sukses. (Hy sal ... )
5. Hulle sal die teater besoek en inkopies doen. (Hulle het ... )
6. Hulle het mekaar lief. (Hulle sal ... )
7. Ek laat my hare sny. (Ek het ... )
8. Sy probeer altyd hard. (Sy het ... )
9. Ons het opgestaan en toe gegroet. (Ons staan ... )
10. Die son gaan vroeg onder. (Die son sal ... )
11. Sy sal kan speel. (Sy sou ... )
12. Ek sal dit wil doen. (Ek wil ... )
13. Wendel swem in die gala. (Gister ... )
14. Donovan toer saam met die rugbyspan. (In April gaan ... )
15. Robyn raadpleeg *Hip Hop* om vir haar ‘n matriekafskeidsrok te maak. (Môre…)

**[15]**

Downloaded from Stanmorephysics.com

# 4.7. ONTKENNENDE VORM:

ONS GEBRUIK NEGATIEF OM IETS IN DIE ONTKENNENDE VORM TE SKRYF OF OM IETS IN DIE ONTKENNENDE VORM TE BEANTWOORD.




## BASIESE REËLS:

- Jy moet ten minste TWEE **nie's** in jou sin hê.
- Die EERSTE **nie** kom direk na die WERKWOORD en die
- LAASTE **nie** aan die einde van die sin.

VOORBEELDE:

- ➢ Ek lees.
  Ek lees **nie**. (Daar is slegs een 'nie' in die sin, omdat daar **geen voorwerp** is nie.)

- ➢ Ek koop 'n nuwe rok.
  Ek koop **nie** 'n nuwe rok **nie**.

- ➢ Ek speel vandag krieket op die strand.
  Ek speel **nie** vandag krieket op die stand **nie**



## Indien dit 'n VRAAG is:

- Indien dit 'n vraag is, wat jy moet oorskryf in die negatief, maar nie beantwoord nie, sal jy slegs 2 negatiewe vorms hê.

VOORBEELD:

- ➢ Het jy die boek in die rak gesit?
  Het jy **nie** die boek in die rak gesit **nie**?

Downloaded from Stanmorephysics.com

# 4.7. ONTKENNENDE VORM:

- Indien dit ’n VRAAG is, sal jy 3 negatiewe hê as jy die vraag in die ontkenning **BEANTWOORD**.
- Nee – as antwoord op die vraag, gevolg deur die ander twee **nie**’s soos in ’n gewone sin.
- Die **JY** verander na **EK** as ek op ’n vraag antwoord.



VOORBEELD:

- ➢ Is jy moeg?
  **Nee**, ek is **nie** moeg **nie.**

## BEVEL in die NEGATIEF:

- ’n Bevel kan uitgeken word aan die **uitroepteken** aan die einde van die sin, sowel as die werkwoord waarmee die sin begin.
- Om dit in die negatief te skryf, maak ons gebruik van MOENIE.

VOORBEELD:

- ➢ Skryf die brief dadelik!

  **Moenie** die brief dadelik skryf **nie!**

- As daar ’n ‘**asseblief**’ (please) in die bevel is, verander die ‘moenie’ na ‘moet nie’ met die ‘asseblief’ wat tussen-in staan.

VOORBEELDE:




- ➢ Gee asseblief vir die man kos!
  **Moet** asseblief **nie** vir die man kos gee **nie!**
- ➢ Maak *asseblief* die deur toe!
  **Moet** *asseblie*f **nie** die deur toemaak **nie.**

Downloaded from Stanmorephysics.com

# 4.7. ONTKENNENDE VORM:

## SEKERE WOORDE VERANDER IN DIE NEGATIEWE VORM:

- ✓ HIERDIE VERANDERING VIND BY DIE EERSTE 'NIE' PLAAS.
- ✓ DIE TWEEDE 'NIE' BLY ONVERANDERD EN GAAN STEEDS NA DIE EINDE VAN DIE SIN.

**WOORDE WAT VERANDER**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| iemand | → | niemand ________ | nie. | (somebody - nobody ) |
| êrens | → | nêrens __________ | nie. | (somewhere - nowhere ) |
| ooit | → | nooit ____________ | nie. | (ever - never) |
| iets | → | niks _____________ | nie. | (something - nothing) |
| een | → | geen ____________ | nie. | (one - none) |
| moet | → | moenie __________ | nie. | (must - mustn't) |
| nog | → | nie meer ________ | nie. | (more - no more) |
| (al)reeds | → | nog nie _________ | nie. | (already - not yet) |
| al | → | nog nie _________ | nie. | (already - not yet) |
| al iemand | → | nog niemand ____ | nie. | |
| al êrens | → | nog nêrens ______ | nie. | |
| al ooit | → | nog nooit _______ | nie. | |
| al iets | → | nog niks ________ | nie. | |
| al een | → | nog geen _______ | nie. | |
| óf ... óf | → | nóg _____________ | nóg(either . or - neither .. nor) | |
| sowel as | → | nóg _____________ | nóg | |

VOORBEELD:

- Iemand het in die saal gespeel.
  **Niemand** het in die saal gespeel **nie.**

Downloaded from Stanmorephysics.com

# 4.7. ONTKENNENDE VORM: Oefeninge

## AS DAAR 'N DUBBEL NEGATIEF IN DIE SIN IS:

- As daar twee woorde in die sin is, wat negatief moet wees, verander ons slegs die eerste woord.

  VOORBEELD:

  - Was iemand ooit Mars toe?
    Nee, **niemand** was **ooit** Mars toe **nie**. (Ons kan nie sê: 'Nee, **n**iemand was **n**ooit ...' )
  - Daar is een persoon êrens wat my kan help.
    Daar is **geen** persoon **êrens** wat my kan help **nie**.

ONTKENNING OEFENINGE:

4.7.1 Herskryf die volgende sinne in die ONTKENNENDE VORM.

1. Sy is nog in Zimbabwe.
2. Hy skryf môre eksamen.
3. Help my, asseblief.
4. Óf Megan óf Lushinka kom vanaand kuier.
5. Sy sê dat sy iets gehoor het.
6. Koop daardie boek.
7. Ek het besef dat ek dit moet doen.
8. Êrens in die huis is daar rotte.
9. Hy het die hele kas uitgepak.
10. Het jy al ooit 'n motor self bestuur?
11. Is die skoolhoof nog siek?
12. Hulle was almal siek.
13. Maak asseblief die klaskamer aan die kant.
14. Ek het besef dat hy die hele dag weg was.
15. Loop tog asseblief stadiger!




**[15]**

Downloaded from Stanmorephysics.com

# 4.7. ONTKENNENDE VORM: Oefeninge

4.7.2 Beantwoord die volgende vrae. Begin elke antwoord met *Nee, ...*

1. Verstaan jy die werk?
2. Het jy al ooit dié tydskrif gekoop?
3. Weet jy wat aangaan?
4. Was hulle al hier?
5. Eet hy altyd so baie?
6. Het sy gesê waarheen ons moet gaan?
7. Het jy my boek êrens gesien?
8. Weet iemand hoe laat die partytjie begin?
9. Het jy besef dat hy die hele dag weg was?
10. Het jy al uitgevind waar hy woon? **[10]**





4.7.3 Skryf die volgende sinne oor in die ONTKENNENDE VORM.

1. Volgens die weerburo gaan dit vir die volgende twee weke aanhoudend reën.
2. Die *Titanic* lê nog diep êrens op die see se bodem en vergaan.
3. Matthew het gevra of hulle al ooit probeer help het.
4. Die diepsee-sleepboot *John Ross* het die *Titanic* alreeds probeer opspoor.
5. Daar was toe al 'n ander sleepboot.
6. Nicole is reeds onrustig oor die kind.
7. Het die seun sy huiswerk gedoen?
8. Wayne het sy bes gedoen; gevolglik het hy goeie vordering gemaak.
9. Ashley dra vandag 'n dik jas, want dit is so koud.
10. Wees tog asseblief geduldig met Patrick.
11. Maak asseblief die yskas oop.
12. Óf ek óf jy sal die koek moet eet.
13. Bly dadelik stil!

Downloaded from Stanmorephysics.com

# 4.7. ONTKENNENDE VORM: Oefeninge

14. Mike het iets in sy sak.
15. Hulle was almal by die konsert.
16. Hy het al die hele kas uitgepak.
17. Iemand moet vir die kaartjies betaal.
18. Êrens in die kasteel is 'n troon.
19. Maak die deur toe.
20. Phillip is steeds in die eerste span.
21. George is mal oor sport.
22. Iemand moet die klok lui.
23. Help my asseblief nou!
24. Praat asseblief stadig!




25. Hy wil 'n hamer leen om die spyker in te slaan.
26. Laura is bang dat 'n vreeslike fout kan insluip as hulle haar punte optel.
27. Is dit 'n goeie antwoord?
28. Sal jy êrens 'n baadjie kan leen?
29. Die leerder weet waar om die krag aan te skakel.
30. Hy ken al sy werk wat hy vir die eksamen moes leer. **[30]**

## 4.7.4 Beantwoord die vrae in die ONTKENNENDE VORM.

1. Moet ons al gereed wees?
2. Het Michelle reeds die eksamen afgelê?
3. Is die man nog daarin geïnteresseerd?
4. Het Brandon enige foute raakgesien?
5. Het hy gesê wie jy moet roep en wanneer?
6. Is die man wat daar staan, jou pa?
7. Sal jy êrens 'n motor kan leen?

Downloaded from Stanmorephysics.com



8. Het jy al uitgevind waar sy woon?
9. Het jy iets gekoop om te eet?
10. Verstaan jy die werk wat julle nou in Afrikaans doen?
11. Is sy nog 'n onderwyseres?
12. Het Skye nog iets gesê?
13. Het jy al ooit oorsee gereis?
14. Het hy al iets in die water gevind?
15. Is hulle al hier?

**[15]**

4.7.5 Skryf die sinne oor soos aangedui. Die sinne is op die prent gebaseer.




1. Betoog hulle nog steeds? **(Nee,** ...)
2. Het die owerhede al gereageer? **(Nee,** ...)
3. Gaan hulle iets aan die saak doen? **(Nee,** ...)
4. Is almal tevrede oor die tolgeld? **(Nee, ...)**
5. Het hulle al ophou betoog? **(Nee,** ...)
6. Is hulle altyd so luidrugtig soos vandag? **(Nee,** ...)
7. Gaan hulle enigiets bereik deur te betoog? **(Nee,** ...)
8. Hou asseblief op skree! **(Skryf in die ontkenning.)**
9. Hulle betoog om hulle tevredenheid uit te spreek. **(Skryf in die ontkenning.)**
10. Die vrou, sowel as die man, glo hulle gaan suksesvol wees. **(Nee,** ...)
11. Hulle is beide tevrede en gelukkig. **(Skryf in die ontkenning.)**
12. Hulle gaan of suksesvol wees, of geïgnoreer word. **(Skryf in die ontkenning.)**
13. Is daar êrens iemand wat omgee? **(Nee,** ... )
14. Is daar nog êrens plekke sonder tolhekke? (**Nee,** ...)
15. Het hulle die nodige personeel om die werk te doen? (**Nee**,….)


**[15]**

Downloaded from Stanmorephysics.com

# 4.8. VOEGWOORDE:

ONS GEBRUIK VOEGWOORDE OM BASIESE

SINNE TE VERBIND.







**GROEP 1:**

- Voegwoorde word gebruik waar ons sinne verbind sonder dat enige woordorde veranderinge plaasvind.
- Woorde wat tot die groep behoort vorm die AKRONIEM:

**SON MOWED**

**S**owel .... as → as well as

**O**f ... óf → either or

**N**óg ... nóg → neither nor




**M**aar → but

**O**f → or

**W**ant → because

**E**n → and

**D**og → but



Downloaded from Stanmorephysics.com

# 4.8. VOEGWOORDE:

## GROEP 1:

- Geen verandering vind by sinne plaas nie.
- Verbind bloot die twee sinne en maak die 2de sin se hoofletter 'n klein lettertjie.

VOORBEELD:

- Julle het verlede week lekker vakansie gehou.

  Julle het op die strand gespeel. (**Voegwoord**: want)

  Julle het verlede week lekker vakansie gehou, **want** julle het op die strand gespeel.

## GROEP 2:


- Verbinding word gevorm met werkwoord van 2de sin wat langs voegwoord kom staan.
- Woorde wat tot die groep behoort vorm die AKRONIEM:

### 3 D's ADDING ANT

**D**us → then
**D**aarom → therefore
**D**erhalwe → therefore

**A**nders → otherwise
**D**an → then
**D**aarna → then
**I**ntussen → meanwhile
**N**ietemin → nevertheless
**G**evolglik → as a result

**A**l → although
**N**ogtans → nevertheless
**T**og → even so



Downloaded from Stanmorephysics.com

# 4.8. VOEGWOORDE:

## GROEP 2:

- Die werkwoord van die TWEEDE sin kom staan reg langs die voegwoord.
- Die **;** word voor die voegwoord gebruik.



VOORBEELD:

- Meneer Cawood was oorsee.

  Hy het baie geld spandeer. (**Voegwoord**: daarom)

  Meneer Cawood was oorsee**; daarom het** hy baie geld spandeer.

## GROEP 3:

- Verbinding word gevorm met werkwoord (v1) van die 2de sin wat na die v2 posisie van die 2de sin gaan.
- Woorde wat tot die groep behoort vorm die AKRONIEM:



**WIT HAAS STD**

**W**aarom /Hoekom → why
**I**ndien → In case
**T**erwyl → while

**H**oewel /Alhoewel → although
**A**sof → as if
**A**s → if
**S**odra → as soon as




**S**edert → since
**T**ensy → unless
**D**aar → because

Downloaded from Stanmorephysics.com

# 4.8. VOEGWOORDE:

Die dat- woorde:

| | | | |
|---|---|---|---|
| sodat | → so that | nadat | → after |
| voordat | → before | dat | → that |
| totdat | → until | omdat | → because |

Al die betreklike voornaamwoorde

## GROEP 3:

- Die werkwoord gaan na die einde van die tweede sin, **na die V2 posisie**, voor die infinitief en die nie.
- ALHOEWEL: Begin die sin met die voegwoord en die werkwoord skuif na die einde van die eerste sin, dus 2 werkwoorde langs mekaar.
- Voor die voegwoord kom ’n **,**

VOORBEELDE:

- Die kinders is uitgerus.
  Hulle het ’n lang vakansie gehad. (**Voegwoord**: omdat).

  Die kinders is uitgerus**, omdat** hulle ’n lang vakansie gehad **het.**

- Die seun is baie moeg.
  Hy het baie geslaap. (**Voegwoord:** alhoewel)

  **Alhoewel** hy baie geslaap **het, is** die seun baie moeg.

## OPSOMMEND:

Groep 1: Geen verandering.Voegwoorde: want, en, maar, dog

Groep 2: Werkwoord van 2de sin kom staan langs die voegwoord.
Voegwoorde: Alle d-woorde, nogtans, anders, gevolglik

Groep 3: Werkwoord (v1) van 2de sin gaan na die v2 posisie van die 2de sin.
Voegwoorde: -dat woorde,vraagwoorde, sodra, alhoewel

Downloaded from Stanmorephysics.com

# 4.8. VOEGWOORDE: Oefening

VOEGWOORDE OEFENING:

4.8.1 Verbind die sinne met die voegwoorde tussen hakies en sorg dat die leestekens en woordorde korrek is.

1. Jy leer nie. Jy gaan druip. (dus)
2. Hy het die lotto gewen. Hy koop deesdae net wat hy sien. (daarom)
3. Hy was nie siek nie. Hy was afwesig. (tog)
4. Jy moet nou dadelik loop. Jy sal nie betyds wees nie. (anders)
5. Hy skaats goed. Hy is so lomp. (alhoewel)
6. My fiets het gebreek. Ek moes maar loop. (omdat)
7. Ek is moeg. Dit is laat. (want)
8. Ek is lief vir Wiskunde. Ek hou van Afrikaans. (nogtans)
9. Sam moet bank toe gaan. Sy kan winkel toe gaan. (voordat)
10. Dean gaan weer speel. Hy word vir die span gekies. (mits)
11. Dit reën. Die riviere kom af. (en)
12. Die weerkantoor voorspel mooi weer. Dit hou aan met reën. (maar)
13. Dit was baie droog. Die mense is bly oor die reën. (daarom)
14. Daar was groot skade. Die mense het nie gekla oor die reën nie. (alhoewel)
15. Dit het wel tot ‘n rookverbod gelei. Aanvanklik was dit net op die treine van toepassing. (alhoewel)
16. Die atletiekbyeenkoms was ’n groot sukses. Die beamptes en onderwysers het hard gewerk. (want)
17. Paul se ma sê dat hy nie mag uitgaan nie. Hy sluip by die voordeur uit. (daarom)
18. Ek sal moet huistoe gaan. My broer kom my haal. (sodra)
19. Ons sal môre gaan krieket speel. Ons het nie tyd nie. (tensy)
20. Die stad se busdienste kry groot aftrek. Daar is daagliks miljoene mense wat met taxi’s elke spitsuur vervoer word. (tog)

**[20]**

Downloaded from Stanmorephysics.com

# 4.9. DIREK EN INDIREKTE REDE:

Direkte rede word gebruik om die persoon se direkte woorde weer te gee




Die seun sê: "Ek wil gaan swem."



Indirekte rede word gebruik as iemand se direkte woorde oorvertel word.



Hy sê dat hy wil gaan swem.

Downloaded from Stanmorephysics.com

# 4.9. DIREKTE EN INDIREKTE REDE:

## STAPPE WAT GEVOLG WORD AS EK VAN DIREKTE REDE OORGAAN NA INDIREKTE REDE:

**Stap 1:**

- Is hierdie sin 'n VRAAGSIN of 'n STELLING?
- Indien dit 'n stelling is gaan ek die voegwoord DAT gebruik.
- Indien dit 'n Vraagsin is gaan ek OF gebruik of die VRAAGWOORD.
- Die DAT of die OF gaan in die plek van die **:**

**Stap 2:**

- Verloor die aanhalingstekens en die dubbelpunt.

  Jan sê: **"**Ek is moeg vir die boek.**"**

  Jan sê **DAT** Ek is moeg vir die boek. Dat het die plek geneem van die **:**

**Stap 3:**

- Verander die Eerste en Tweede persoon na die DERDE persoon.

  Jan sê: " **Ek** is moeg vir die boek."

  Jan sê dat **HY** is moeg vir die boek.

| **DIREKTE REDE** : Voornaamwoorde | **INDIREKTE REDE** : Verandering |
|---|---|
| ek/jy | hy/sy |
| joune/myne | syne/hare |
| ons/julle | hulle |

**Stap 4:**

- Omdat my sin nou 'n voegwoord soos DAT of OF bygekry het moet my werkwoord nou na die v2 se plek gaan .

  Jan sê: "Ek is moeg vir die boek."

  Jan sê **dat hy** moeg vir die boek **is.**

- **ONTHOU DIE TYD VERANDER NIE.**

Downloaded from Stanmorephysics.com

# 4.9. DIREKTE EN INDIREKTE REDE:

**Stap 5:** VERANDER DIE TYDWOORDE

- gister → die vorige dag
- môre → die volgende dag
- vandag → daardie dag
- verlede week → die vorige week
- hierdie → daardie
- môreoggend → die volgende oggend
- ons s'n, julle s'n → hulle s'n
- volgende jaar → die jaar daarna
- oormôre → twee dae later
- eergister → twee dae gelede/tevore
- nou → toe
- hier → daar
- vanaand → daardie aand


Die pot verwyt die ketel.



Iemand anders verwyt vir foute wat jy self ook het.

**Stap 6:** UITROEP IN INDIREKTE REDE

- AG NEE! AI! AI TOG! → TELEURGESTELD
- FOEI TOG! SIES TOG! → SIMPATIEK
- WAT! NOOIT! GOEISTE! → VERBAAS
- VERVLAKS! DEKSELS! → ONTSTELD
- ASSEBLIEF! → BELEEFD
- DANKIE! → WAARDEREND
- EINA! VERVLAKS! → MET 'N UITROEP VAN PYN
- WONDERLIK! HOERA! → OPGEWONDE
- MAGGIES! SJOE! → BEÏNDRUK
- GMPF! → ONGELOWIG
- JA! → BEVESTIGEND
- NEE! → ONTKENNEND



Downloaded from Stanmorephysics.com

# 4.9. DIREKTE EN INDIREKTE REDE:

**Stap 7:** BEVELSIN

- By die bevelsin moet die inleidende woorde begin met: . . . beveel . . .
- Die werkwoord verander dan na 'n infinitief.

VOORBEELD:

- Die onderwyser sê: "Klas, bly stil!"
  Die onderwyser beveel die klas om stil te bly.
- "Eet jou toebroodjies!" sê die ma.
  Die ma sê vir die kind/hom/haar om sy/haar toebroodjies te eet.

VOORBEELDE VAN UITROEPSINNE:

**UITROEPE IN INDIREKTE REDE**

| | |
|---|---|
| • Hy vra vir Sannie: "Sies tog, het jy seergekry?" | • Hy vra met 'n uitroep van simpatie of Sannie seergekry het. |
| • Hulle skree: "Hoera! Môre is dit vakansie!" | • Hulle skree opgewonde dat dit die volgende dag vakansie is. |
| • "Gmpf, dink jy ek glo jou?" vra Ma. (vir hom) | • Ma vra met ongeloof of hy dink dat sy hom glo. |
| • Sy sê: "Ja, ons bly al tien jaar in Kaapstad." | • Sy sê bevestigend dat hulle al tien jaar in Kaapstad bly. |
| • Pa vra: "Sal julle asseblief julle voete afvee?" | • Pa vra beleefd of hulle hulle voete sal afvee. |
| • "Allawêreld, dis darem 'n besonder mooi motor!" sê Pa. | • Pa sê beïndruk dat dit darem 'n besonder mooi motor is. |
| • Jan skree: "Eina! Die doring het my seergemaak!" | • Jan skree met 'n uitroep van pyn dat die doring hom seergemaak het. |
| • Ma sê: "Dankie dat jy my gehelp het, Susan." | • Ma bedank Susan dat sy haar gehelp het. |

Downloaded from Stanmorephysics.com

# 4.9. DIREKTE EN INDIREKTE REDE: Oefeninge

## 4.9.1 Skryf die volgende sinne oor in die INDIREKTE REDE.

1. Monique sê: "Ek wil graag die volgende film oor Fiela gaan kyk."
2. Liam sê: "Ek gaan volgende week in Italië kuier."
3. Jannie vra: "Wanneer kan ons na die winkel toe gaan?"
4. Jessica sê: "Die seuns is besig om op die veld rugby te speel."
5. Gia vra: "Wanneer sluit die skool vir die Junievakansie?"
6. Oliver sê: "Ek wens ek kon weer vir die rugbyspan speel."
7. Daniel vra: "Wie gaan almal na die vertoning kyk?"
8. Gadi sê: "Die swemmers het gister baie goed geswem."
9. Grace vra: "Hoekom kan ek nie Saterdag hokkie speel nie?"
10. Dominique vra: "Gaan die Springbokke vandag weer verloor?"

**[10]**

## 4.9.2 Skryf die volgende sinne oor in die INDIREKTE REDE.

1. "Eina, ek het in 'n doring getrap!" sê David.
2. "Foei tog! Ek kan sien jy kry baie swaar," sê die vrou aan die bedelaar.
3. Die seun roep: "Kom hiernatoe!"
4. Peter vra: "Waarheen gaan jy en jou ma môre, Joanna?"
5. "Wat is vandag daardie man se plan, Charles?" vra Luke.
6. Natalia sê:"Eina! Bryni het my met 'n speld gesteek."
7. Die matrieks sê: "Ons werk is vanjaar baie moeiliker as verlede jaar."
8. Kyle vra:"Grant, kan jy my nou sê waar hierdie meisies oormôre gaan wees?"
9. "Ja, ek het haar gister sien stap," antwoord Barbara.
10. "Jou pes! Nou kom hier moeilikheid!" roep Luca.
11. Leila sê aan Darylle: "Verlede week het ek niks geleer nie, want my kêrel het my te besig gehou."
12. "Maak die skryfbord skoon, Dylan!" beveel die onderwyser.
13. "Ons mag dit nie doen nie," sê Tony.
14. Javiera sê aan Scarlet: "Jy kan die boek môre aan my teruggee."
15. Leica sê: "Ek het die brief al gister gepos." **[15]**

Downloaded from Stanmorephysics.com

# 4.9. DIREKTE EN INDIREKTE REDE: Oefeninge




(bron: Onbekend)




(Bron:Beeld 26/9/16)

## 4.9.3 Skryf die volgende sinne in die INDIREKTE REDE.


1. Die man skreeu: “Ons het vandag elke druppel nodig.”
2. Die man beveel: “Anna, gebruik die emmer vir die reën!”
3. Die skilpad sê: “Jippie! Dit het uiteindelik gereën.”
4. Die skilpad wil weet: “Wanneer gaan die droogte ophou?”
5. Die man sê: “Ag nee! Die kospryse is te hoog.”
6. “Ons het nog baie om voor dankbaar te wees,” sê die man.
7. Sy sê: “Ja, ons land het ongelukkig ’n rommelstatus.”
8. Die man vra: “Kan jy verduidelik waarom julle die universiteite beskadig?’’
9. Die vrou vra: “Waarom sê jy die land is leierloos?”
10. Die man het gesê: “Ons gaan almal môre lekker braai.” **[10]**

## 4.9.4 Skryf die volgende sinne in die DIREKTE REDE.

1. Tiaan het gevra of iemand sy nuwe selfoon gesien het.
2. Samantha het gesê dat sy die vorige dag daardie boek by die boekwinkel gekoop het.
3. Die seun ontken dat hy die selfoon gesteel het.
4. Jeremy beveel Alice om vinnig die deur toe te maak.
5. Sean het gevra of hulle die volgende dag die rugbywedstryd gaan speel. **[5]**

Downloaded from Stanmorephysics.com

# 4.10.LYDENDE EN BEDRYWENDE VORM:




## WANNEER GEBRUIK ONS DIE LYDENDE VORM?

- Ons gebruik dit wanneer ons iets op ’n ander manier wil sê en met die Voorwerp begin.
- As ons na Sv1TOMPv2I kyk is die O (Object) die enigste deel van Sv1TOMPv2I waarmee ek nie kan begin sonder om die gewone patroon aan te pas nie.
- Ek **ruil** in dié geval die Onderwerp en die Voorwerp.

## STAP 1:

- Ek begin met die “Object” of Voorwerp; en die “Subject” of Onderwerp neem nou die plek van die ou Voorwerp in.

  bv. Die seun skop die bal.

  Lydende vorm: **Die bal** word deur **die seun** geskop.

- As daar nie ’n voorwerp in die sin is nie, kan ons met DAAR begin.

## STAP 2:

- My nuwe voorwerp (ou onderwerp) kry nou **deur** wat saam met hom gaan.
- Hulle gaan altwee saam en niks kan tussen hulle staan nie.

  bv. Die seun skop die bal.

  *Lydende vorm:* Die bal word **deur die seun** geskop.

Downloaded from Stanmorephysics.com

# 4.10.LYDENDE EN BEDRYWENDE VORM:

## STAP 3:

- Indien die sin in die toekomende tyd is:
- Bly die **sal** op sy regte plek en die v2 kry ge- by en **word** word bygevoeg na v2.

  bv. Die seun sal môre die bal oor die muur skop.

  *Lydende Vorm:* Die bal **sal** môre deur die seun oor die muur **geskop word**.

## STAP 4:

- Indien 'n voornaamwoord voorkom word die persoonlike voornaamwoord verander.

  bv. Ek sal die man sien.

  *Lydende vorm:* Die man sal deur **my** gesien word.



Downloaded from Stanmorephysics.com

# 4.10.LYDENDE EN BEDRYWENDE VORM:

## LYDENDE EN BEDRYWENDE VORM

Lydende vorm: Wanneer 'n sin met die voorwerp begin word.

Die seun skop die bal.

| Die bal is deur die seun geskop. | Die bal word deur die seun geskop. | Die bal sal deur die seun geskop word. |
|---|---|---|
| VERLEDE TYD | TEENWOORDIGE TYD | TOEKOMENDE TYD |
| is + deur + ge-(ww) | word + deur + ge-(ww) | sal + deur + ge-(ww) + word |



HULPWERKWOORDE

wil/wou kan/kon

moet/ moes gaan

\+ deur + ge-(ww) + word

Woorde wat TYD en WYSE aandui kom voor die "deur".

Die bal word vandag deur die seun geskop.

Die bal sal vinnig deur die seun geskop word.

Die volgende VOORNAAMWOORDE VERANDER:

Ek → my Jy → jou Hy → hom Sy → haar

DAAR word gebruik as daar geen voorwerp is nie, of as daar 'n algemene onderwerp is.

Hulle sing mooi. Daar word mooi deur hulle gesing.

Almal sing in die saal. Daar word deur almal in die saal gesing.

BEVELE: MOET EN MOENIE

Leer die werk! Die werk moet geleer word.

(Bron: Depicta.co.za)

Downloaded from Stanmorephysics.com

# 4.10.LYDENDE EN BEDRYWENDE VORM:

## LET OP DIE VOLGENDE BY DIE LYDENDE VORM:

**VRAE:**

| | **BEDRYWENDE VORM** | **LYDENDE VORM** |
|---|---|---|
| Teenwoordige tyd: | 1.Eet die baba die pap?<br><br>2.Wat maak die meisie bang? | 1.Word die pap deur die baba geëet?<br><br>2.Waardeur word die meisie bang gemaak? |
| Verlede tyd: | 1.Het die man die boek gelees?<br><br>2.Hoekom het hy die blom gepluk? | 1.Is die boek deur die man gelees?<br><br>2. Hoekom is die blom deur hom gepluk? |
| Toekomende tyd: | 1.Sal die seun die bal oorskop?<br><br>2. Watter lig sal die meisie aanskakel? | 2. Sal die bal deur die seun oorgeskop word?<br><br>2.Watter lig sal deur die meisie aangeskakel word? |

**BEVELE:**

| | **BEDRYWENDE VORM** | **LYDENDE VORM** |
|---|---|---|
| | **Maak** dadelik die pap . | Die pap **moet** dadelik gemaak word. |

LET WEL:

| | **BEDRYWENDE VORM** | **LYDENDE VORM** |
|---|---|---|
| Hulle,<br>‘n Mens en<br>die mense val weg in die lydende vorm. | ‘n Mens sal die boeke lees.<br><br>Hulle sê hy is bang. | Die boeke sal gelees word.<br><br>Daar word gesê dat hy bang is. |

Downloaded from Stanmorephysics.com

# 4.10.LYDENDE EN BEDRYWENDE VORM: Oefeninge

## 4.10.1 Skryf die volgende sinne in die LYDENDE VORM.

1. Die skoolhoof onderteken die brief.
2. Julle mag nie die mense beledig nie.
3. ’n Mens behoort glase versigtig te hanteer.
4. Leeus het ’n sebra naby die kamp gevang.
5. Ons doen nie alles self nie.
6. My ma kan die kind by die skool gaan haal.
7. Soek die boek!
8. Hy sal nooit so iets sê nie.
9. Suid-Afrika kan nie meer mielies uitvoer nie.
10. Wie moet die eerste vraag beantwoord?
11. Waarom kon Damian nie die kaartjies koop nie?
12. Hulle sê hy is ’n goeie atleet.
13. Doen dit dadelik!
14. My pa het gister sy motor na die motorwerktuigkundige geneem.
15. Die juffrou kan nie meer die kinders help nie. **[15]**

## 4.10.2 Skryf nou die volgende sinne in die BEDRYWENDE VORM.

1. Alles moet goed skoongemaak word!
2. Deur wie is jy daarvan vertel?
3. Daar word geglo dat dit ’n ongeluk was.
4. Waarom is die klein kindjie so deur sy groot broer geslaan?
5. Dit hoef nie deur die kinders opgetel te word nie. **[5]**

## 4.10.3 Skryf nou die volgende sinne in óf die LYDENDE ÓF DIE BEDRYWENDE VORM.

1. Die ligte word saans elfuur deur die matrone afgeskakel.
2. ’n Mens mag nie in ’n vliegtuig rook nie.
3. *Paul van Zyl* maak ons rokke vir die matriekafskeid.
4. Die skoolhoof het die ses wenners gelukgewens.
5. Omdat Benjamin haar beledig het, het Thimna hom geïgnoreer.

**[5]**

Downloaded from Stanmorephysics.com

# 5. WOORDSOORTE:

Ons kan die woorde wat ons in die taal gebruik in verskillende groepe/soorte indeel.







Bron: R Schutte -kragpunt

Downloaded from Stanmorephysics.com

# 5. WOORDSOORTE

## Woordsoorte



| | |
|---|---|
| Selfstandige Naamwoord | **die naam van iets** bv. boom; stoel; kamer |
| Byvoeglike Naamwoord | **beskryf** die **selfstandige naamwoord** bv. mooi; oud |
| Lidwoord | word **saam** met die **selfstandige naamwoord** gebruik bv. die; 'n |
| Werkwoord | wat **word gedoen/die handeling** bv. lees; draf; speel |
| Bywoord | **wanneer, waar** of **hoe** word iets gedoen bv. saans; vinnig; binne |
| Voorsetsel | kan as **verbindingsklank** beskou word bv. bo; langs; na; onder |
| Voegwoord | **verbind** gewoonlik **sinne** met mekaar bv. want; omdat; dus |
| Telwoord | dui **getal** of **plek(posisie)** aan bv.vyf; vyfde |
| Tussenwerpsel | Druk **gevoelens** uit bv. eina; aitsa |
| Voornaamwoord | Staan in die plek van die **s.nw.** bv. my; haar; syne |





Downloaded from Stanmorephysics.com

# 5.1. SELFSTANDIGE NAAMWOORDE:




## Selfstandige naamwoorde

**Soorte:**

1. Eienaam: Suid-Afrika, Frankryk, Burger, Jessica
2. Soortname: druiwe, glas, vrugtesap, son, see
3. Abstrakte selfstandige naamwoorde: liefde, haat, ongelukkigheid, geluk
4. Versamelname: swerm bye, trop olifante, bos blomme

**Hoe ken ek 'n selfstandige naamwoord uit?**

- Meervoud
- Verkleining
- Geslag
- Kan 'n lidwoord vooraan kry
- Woorde wat op -isme, -ing, -skap, -heid eindig, is hoofsaaklik abstrakte selfstandige naamwoorde

Downloaded from Stanmorephysics.com

# 5.1.1. SELFSTANDIGE NAAMWOORDE: MEERVOUDE:

**REËL 1:**

Om 'n meervoud te vorm moet ons of 'n **-e** of 'n **-s** by die selfstandige naamwoord (noun) voeg.

byvoorbeeld: dier → diere
motor → motors
onderwyser → onderwysers

**REËL 2:**

Indien die vokaal 'n **kort** klank is en gevolg word deur 1 konsonant, **verdubbel** ons die konsonant en voeg 'n **-e** by.

byvoorbeeld: lip → lippe
man → manne
kop → koppe

**REËL 3:**

Indien die vokaal 'n **lang klank** is wat **dieselfde** lyk en deur **1 konsonant** gevolg word, verloor ons die een vokaal en voeg **-e** by.

byvoorbeeld: boot → bote
maan → mane
muur → mure





**REËL 4:**

Indien 'n woord op 'n **-f** eindig verander die **-f** na 'n **-w** en ons pas die ander meervoud reëls, indien nodig, toe.

byvoorbeeld : verf → verwe
stoof → stowe
gif → giwwe

**REËL 5:**

Indien 'n woord op 'n **-g** eindig verloor ons die **-g** en pas die ander reëls toe.

byvoorbeeld : vraag → vrae
oog → oë
ploeg → ploeë



Downloaded from Stanmorephysics.com

# 5.1.1. MEERVOUDE:

**REËL 6:**

Indien 'n woord op 'n dubbele konsonant eindig (behalwe -ng) of 'n dubbel vokaal het, kry die woord 'n **-e** in die meervoud.



byvoorbeeld: deur → deure
vark → varke
papier → papiere

**REËL 7:**

Indien die woord op **-ig** eindig kry dit **-te** in die meervoud.

byvoorbeeld : berig → berigte
gesig → gesigte
lig → ligte

**REËL 8:**

Indien die woord op 'n **o, u, i** of beklemtoonde **a** eindig kry dit 'n **'s** in die meervoud.



byvoorbeeld : foto → foto's
taxi → taxi's
pa → pa's

**REËL 9:**


Indien die woord op **-man** eindig verloor ons dit in die meervoud.

byvoorbeeld: Fransman → Franse
polisieman → polisie
buurman → bure

**REËL 10:**

Indien die woord op **-heid** eindig word dit **-hede** in die meervoud.

byvoorbeeld : moeilikheid → moeilikhede
besigheid → besighede



**REËL 11:**

Indien die woord op 'n **-r** eindig kry dit 'n **-s** in die meervoud.

byvoorbeeld: motor → motors
venster → vensters

Downloaded from Stanmorephysics.com

# 5.1.1. MEERVOUDE: Oefeninge

**REËL 12:**

As die woord meer as een lettergreep het en die klem op die eerste lettergreep val; voeg ons **-s** by

byvoorbeeld: stasie → stasies
tafel → tafels

**REËL 13:**

Ons voeg 'n **-s** in die meervoud by vir alle familielede.

byvoorbeeld: oom → ooms

neef → neefs



**UITSONDERINGS:**

| | |
|---|---|
| pad → paaie | kind → kinders |
| skip → skepe | kalf → kalwers |
| hemp → hemde | bed → beddens |
| lam → lammers | glas → glase |
| kas → kaste | gat → gate |
| nes → neste | lid → lede |
| bad → baddens | speelding → speelgoed |
| hoof → hoofde | voog → voogde |



OEFENING:

5.1.1 Gee die MEERVOUD van die volgende woorde tussen hakies.

1. Die (ma) het vir hulle kinders (speelding) by die winkel gekoop.
2. Die verskillende (bedrag) op die (artikel) het die dames deurmekaar gemaak.
3. Die (oog) van die seun het (seer) opgehad.
4. Die (brief) wat die (oupa) geskryf het is nou weg.
5. Die (foto) van die (berg) is baie mooi.

**[10]**

Downloaded from Stanmorephysics.com

# 5.1.2. SELFSTANDIGE NAAMWOORDE: VERKLEINWOORDE:

**REËL 1:**

Om ’n verkleinwoordjie te vorm moet ons altyd ’n **-ie**; of **-tjie**; of **-jie** of **-kie** of **-pie** by die selfstandige naamwoord (noun) voeg.

byvoorbeeld: blaar → blaartjie
hond → hondjie
oom → oompie



**REËL 2:**


Indien ’n woord op ’n **o, u, i** of beklemtoonde **a** eindig voeg ons ’n **-’tjie** by.

byvoorbeeld: foto → foto’tjie
taxi → taxi’tjie
impi → impi’tjie
balju → balju’tjie

**REËL 3:**

Indien ’n woord op ’n **-m** eindig en ’n lang vokaal het of 2 konsonante of 2 lettergrepe voeg ons **-pie** by.

byvoorbeeld: Arm → armpie (2 konsonante)
Boom → boompie (lang vokaal)
Besem → besempie (2 lettergrepe)



**REËL 4:**

Indien die woord op ’n **-d** of **-t** eindig voeg ons net **-jie** by.

byvoorbeeld: hoed → hoedjie
skoot → skootjie
boot → bootjie



Downloaded from Stanmorephysics.com

# 5.1.2. VERKLEINWOORDE:

**REËL 5:**

Indien die woord op 'n **k,p,f,g,s**, eindig en 'n kort vokaal het, verdubbel die konsonant en voeg ons **-ie** by.

byvoorbeeld:

kop → koppie
bek → bekkie
rif → riffie
gesig → gesiggie
vis → vissie




**REËL 6:**

Indien die woord op 'n **k,p,f,g,s**, eindig en 'n lang vokaal (wat dieselfde is) het, verloor ons die een vokaal en voeg **-ie** by.

byvoorbeeld:

stoof → stofie
oog → ogie
knoop → knopie
rook → rokie
roos → rosie



**REËL 7:**

Indien die woord 'n kort klank het (een vokaal) en gevolg word deur 'n **b,m, n, l, r,** verdubbel ons die konsonant en voeg **-etjie** by.

byvoorbeeld:

kam → kammetjie
man → mannetjie
val → valletjie
kar → karretjie
ster → sterretjie
rib → ribbetjie



Downloaded from Stanmorephysics.com

# 5.1.2. VERKLEINWOORDE: Oefening

**REËL 8:**

Indien die woord op **-ing** eindig en uit 1 lettergreep bestaan voeg ons **-etjie** by.

byvoorbeeld: ring → ringetjie
kring → kringetjie
slang → slangetjie
wang → wangetjie




**REËL 9:**

Indien die woord op **-ing** eindig en uit meer as 1 lettergreep bestaan verloor ons die **-g** en voeg **-kie** by.

byvoorbeeld: koning → koninkie
doring → dorinkie

**UITSONDERINGS:**

pad → paadjie
gat → gaatjie
glas → glasie
mandjie → mandjietjie




OEFENING:

5.1.2 Gee die VERKLEINING van die volgende woorde tussen hakies.

1. Daar is 'n (klein gat) in haar (klein skoen).
2. Die (klein roomys) kom in 'n (klein glas).
3. Sy sit onder die (klein skadu) van die (klein boom) en eet.
4. Haar (klein oë) blink en sy het 'n (klein glimlag).
5. In die (klein pad) loop die (klein skilpad).

**[10]**

Downloaded from Stanmorephysics.com

# 5.1.3. SELFSTANDIGE NAAMWOORDE: GESLAG: MANLIK EN VROULIK

**REËL 1:**

Die manlike woord eindig op **-aris,** die **-is** val weg en **-esse** word die vroulike vorm.

bv. bibliotekaris → bibliotekaresse

sekretaris → sekretaresse

**REËL 2:**

Die manlike woord eindig op **-er.** Die **-er** val weg en **-ster** word die vroulike vorm.

bv. swemmer → swemster

skrywer → skryfster

leier → leidster

tikker → tikster



**REËL 3:**

Die manlike woord eindig op **-tor** of **-teur.** Die **-tor** en **-teur** val weg en **-trise** word die vroulike vorm.

bv. lektor → lektrise

akteur → aktrise

redakteur → redaktrise



**REËL 4:**

Die vroulike vorm word gevorm deur **-in** by te voeg.

bv. held → heldin

vriend → vriendin

kelner → kelnerin

koning → koningin

Downloaded from Stanmorephysics.com

# 5.1.3. GESLAG:

**REËL 5:**



Die vroulike vorm word gevorm deur **-es** by te voeg.

| | | |
|---|---|---|
| bv. | bestuurder | → bestuurderes |
| | eienaar | → eienares |
| | prins | → prinses |
| | sanger | → sangeres |

**REËL6:**

Die vroulike vorm word gevorm deur **-e** by te voeg.

| | | |
|---|---|---|
| bv. | prinsipaal | → prinsipale |
| | assistent | → assistente |
| | eggenoot | → eggenote |
| | president | → presidente |

**FAMILIELEDE EN ANDER:**

| **Manlik** | | **Vroulik** |
|---|---|---|
| vader | → | moeder |
| oupa | → | ouma |
| seun | → | dogter |
| seun | → | meisie |
| kleinseun | → | kleindogter |
| broer | → | suster |
| oom | → | tante |
| oupagrootjie | → | oumagrootjie |
| skoonvader | → | skoonmoeder |
| skoonseun | → | skoondogter |



Downloaded from Stanmorephysics.com

# 5.1.3. GESLAG:

| | | |
|---|---|---|
| swaer | → | skoonsuster |
| man | → | vrou |
| neef | → | niggie |
| broerskind | → | susterskind |
| meneer | → | mevrou |
| bruidegom | → | bruid |



**DIERE:**

**Groot diere**: bv. olifante → bul; koei

**Kleiner diere**: bv. leeu/tier/voëls → mannetjie; wyfie

**Bokke** : ram → ooi

NOG DIERE:


| **Manlik** | | **Vroulik** |
|---|---|---|
| beer | → | sog |
| bul | → | koei |
| haan | → | hen |
| reun | → | teef |
| hings | → | merrie |
| ram | → | ooi |
| mannetjie | → | wyfie |
| bulkalf | → | verskalf |



Downloaded from Stanmorephysics.com

# 5.1.3. GESLAG: Oefeninge:

OEFENING:5.1.3:



## DWARS:

1. skoonsuster-----------------------------------
5. heldin -------------------------------
7. teef ------------------------------
8. swemster --------------------------------
11. dame -------------------------------
12. slavin ---------------------------------
15. moeder ----------------------------------
16. gravin ----------------------------------
18. eienares -----------------------------------
21. niggie -----------------------------------
23. pianiste -----------------------------------
24. ouma -----------------------------------
25. soliste --------------------------------------

\-

## AF:

2. weduwee -------------------------------
3. ooi ---------------------------------------
4. orreliste---------------------------------
6. leidster-----------------------------------
9. vrou ---------------------------------
10. sangeres ---------------------------------
13. suster -----------------------------------
14. meisie -----------------------------------
17. merrie -----------------------------------
19. prinses-----------------------------------
20. hen -------------------------------------
22. koei -------------------------------------
23. ma ---------------------------------------

Downloaded from Stanmorephysics.com

# 5.1.4. SELFSTANDIGE NAAMWOORD: VERSAMELNAME:

**’n VERSAMELNAAM is ’n selfstandige naamwoord wat ’n versameling dinge van dieselfde soort aandui. Hier is ’n aantal voorbeelde van versamelname:**

- **’n Versameling skepe wat saamvaar of saamhoort, is ’n vloot**
- **’n Groot versameling visse staan bekend as ’n skool**
- **’n Menigte vlieënde bye of vlieënde voëls bymekaar vorm ’n swerm**
- **’n Versameling kleintjies (van byvoorbeeld ’n teefhond) wat saam gebore word, is ’n werpsel**
- **’n Klomp rowers saam vorm ’n bende**
- **’n Versameling gedigte, verhale of ander prosawerke in een boek is ’n bundel gedigte, verhale of ander prosawerke**
- **’n Versameling wasgoed is ’n bondel wasgoed**
- **’n Lywige boek wat die versamelde of ’n aantal werke van ’n skrywer bevat, is ’n omnibus**
- **’n Versameling vrugtebome wat saam in ’n netjies uitgelegde tuin geplant is, word ’n boord genoem**
- **’n Groep berge vorm ’n gebergte of ’n bergketting**
- **’n Versameling vee of wilde diere wat saamlewe,word ’n trop of kudde genoem**
- **Al die lidmate in een afgebakende gebied wat saam een kerk besoek, vorm ’n gemeente**
- **Al die ministers wat saam met die president aan die hoof van die regering staan, vorm die kabinet**
- **Die versameling mense wat saam aan ’n sakeonderneming of inrigting verbonde is, is die personeel**
- **’n Versameling kuikens wat op een slag saam (deur ’n hen of ’n broeimasjien) uitgebroei is, is ’n broeisel**
- **’n Veragtelike klomp mense saam is ’n gebroedsel**

Downloaded from Stanmorephysics.com

# 5.1.4. VERSAMELNAME:

- **Die versameling mense in die onderste lae van die bevolking is die gepeupel of die gespuis of die hoipolloi**
- **’n Versameling mense wat bloedverwante is (of deur ’n huwelik of huwelike heg aan mekaar verbind is) staan bekend as ’n familie – maar ’n pa, ’n ma en hul kind of kinders vorm saam ’n gesin. (Om na ’n gesin te verwys as ’n familie is ’n Anglisisme)**
- **Die versameling vroue van die sultan is ’n harem**
- **’n Versameling pêrels wat in ’n lyn ingeryg is, is ’n snoer pêrels**
- **’n Versameling skote wat afgevuur word, is ’n sarsie skote**
- **Al die mense wat saam in ’n ingeslote ruimte soos ’n saal na byvoorbeeld ’n opvoering, ’n uitvoering, ’n voorlesing of ’n toespraak luister, is die gehoor**
- **Baie mense wat saam na ’n spreker waar ook al luister, is ’n skare toehoorders**
- **Al die mense wat saam na ’n radio-uitsending luister, is die luisteraars**
- **Al die mense wat saam na ’n televisie-uitsending kyk, is die kykers**
- **Al die mense wat saam na iets kyk wat werklik voor hulle gebeur, byvoorbeeld ’n straatgeveg, is toeskouers**
- **’n Groot skare mense (of engele) is ’n legioen**
- **’n Versameling motors en mense agter ’n lykswa is ’n stoet**
- **’n Versameling brode in die pan is ’n baksel**
- **’n Versameling mense wat sing, is ’n koor**
- **’n Versameling koffers, pakkies en ander los dinge wat ’n reisiger met hom saamneem, is sy bagasie**

## NOG VOORBEELDE:

| | | |
|---|---|---|
| ’n bol wol | ’n baal hooi | ’n hoop klippe |
| ’n string krale | ’n stapel hout | ’n nes muise/slange |
| ’n stel kaarte | ’n blok woonstelle | ’n paneel dokters |
| ’n skare engele | ’n regiment soldate | ’n pak lekkers |
| ’n groep dansers | ’n bos sleutels | ’n kolonie pikkewyne. |
| ’n versameling boeke | ’n span atlete/spelers | ’n eskader vliegtuie |
| ’n bank water | ’n oes mielies | ’n plantasie bome |

Downloaded from Stanmorephysics.com

# 5.2. BYVOEGLIKE NAAMWOORDE:




## Byvoeglike naamwoorde

Soorte:

1. **Attributiewe** byvoeglike naamwoorde:
   Hulle staan **voor** die selfstandige naamwoord wat dit beskryf.
   bv. Die slim leerder het 'n A-gemiddeld behaal.

2. **Predikatiewe** byvoeglike naamwoorde:
   Hulle staan **na** die selfstandige naamwoord wat dit beskryf.
   bv. Die vleuel in die hokkiespan is aantreklik.

Hoe ken ek 'n byvoeglike naamwoord uit?

- Trappe van vergelyking
- Intensiewe vorme
- Verbuiging

Downloaded from Stanmorephysics.com

# 5.2. BYVOEGLIKE NAAMWOORDE:

## BYVOEGLIKE NAAMWOORDE:

’n Byvoeglike naamwoord is ‘n “beskrywende woord”. Dit beskryf die voornaamwoorde en selfstandige naamwoorde.

ATTRIBUTIEF: Die byvoeglike naamwoorde is voor die selfstandige naamwoorde.



Die blou pot is op die stoof. Dit is ’n mooi rok.

PREDIKATIEF: Die byvoeglike naamwoord is na die selfstandige naamwoord

Die blare is groen. Die motor is blitsvinnig.



INTENSIEWE VORM:

baie droog → kurkdroog

baie dun → plankdun



TRAPPE VAN VERGELYKING:

klein → kleiner → kleinste

lank → langer → langste




FIGUURLIKE GEBRUIK:

Gerrie Pretorius is ’n gesoute reisiger.




## BYVOEGLIKE NAAMWOORDE:

| | |
|---|---|
| Die pad is *breed* → die *breë* pad | Die glas is *dof* → die *dowwe* glas |
| Die kind is *doof* → die *dowe* kind | Die gras is *droog* → die *droë* gras |
| Die voël is *dood* → die *dooie* voël | Die ouma is *gaaf* → die *gawe* ouma |
| Die seep is *glad* → die *gladde* seep | Die film is *goed* → die *goeie* film |
| Die meisie is *jonk* → die *jong* meisie | Die water is *koud* → die *koue* water |
| Die dame is *lank* → die *lang* dame | Die dam is *leeg* → die *leë* dam |
| Die seun is *moeg* → die *moeë* seun | Die gebou is *nuut* → die *nuwe* gebou |
| Die oupa is *oud* → die *ou* oupa | Die kos is *sleg* → die *slegte* kos |

Downloaded from Stanmorephysics.com

# 5.2.1. BYVOEGLIKE NAAMWOORDE: TRAPPE VAN VERGELYKING:




Ons kry drie trappe:

1) **Stellende** – beskrywing net soos dit is.

2) **Vergrotende/vergelykende trap** – dit is as twee dinge met mekaar vergelyk word.
   - Ons voeg **-er** by die woord.

3) **Oortreffende trap** – dit is as meer as twee dinge met mekaar vergelyk word.
   - Ons voeg -**ste** by die woord.

*Die **grootste verandering** vind plaas by die **Vergelykende trap/Vergrotende trap** omdat ons hier **'er'** aanlas wat dikwels die vokaal beïnvloed*.

Die ***Oortreffende trap*** is slegs die *Stellende trap* + **-ste**

Downloaded from Stanmorephysics.com

# 5.2.1. TRAPPE VAN VERGELYKING:

**REËL 1:**

Indien die woord ’n kort vokaal het en op een konsonant eindig verdubbel ons die konsonant en voeg **-er** by.

bv. dik → dikker → dikste

dom → dommer → domste

slim → slimmer → slimste

vet → vetter → vetste




**REËL 2:**

Indien ons ’n dubbel vokaal het wat dieselfde is en een konsonant aan die einde van die woord verloor ons die een vokaal en voeg **-er** by.

bv. skoon → skoner → skoonste

laat → later → laatste

**REËL 3:**


Indien die woord op ’n **-f** eindig, verander die konsonant in ’n **-w** en die **ander reëls word toegepas.**

bv. laf → lawwer → lafste

gaaf → gawer → gaafste

doof → dower → doofste

dof → dowwer → dofste




**REËL 4:**

Indien die woord op ’n **-r** eindig kry ons ’n **-der** wat bygevoeg word.

bv. lekker → lekkerder → lekkerste

dapper→ dapperder → dapperste

Downloaded from Stanmorephysics.com

duur → duurder → duurste

# 5.2.1. TRAPPE VAN VERGELYKING:

**REËL 5:**

Indien die woord 'n dubbel vokaal het en op 'n **-g** eindig **verloor ons die -g** en **pas die ander reëls toe.**



bv. droog → droër → droogste

moeg → moeër → moegste

leeg → leër → leegste

laag → laer → laagste

**REËL 6:**

Indien die woord 'n kort vokaal het en op 'n **-g** eindig, voeg ons **-ter** by.

bv. dig → digter → digste

sleg → slegter → slegste

sag → sagter → sagste

**REËL 7:**

Indien 'n woord op 'n **-d eindig** verloor ons die **-d** en voeg ons **-er** by **en pas die ander reëls toe**.



bv. koud → kouer → koudste

breed → breër → breedste

**REËL 8:**

Indien 'n woord op 'n **-u** eindig voeg ons 'n **-wer** by in die vergelykende trap en

**-uste** in die oortreffende trap.

bv. slu → sluwer → sluuste

ru → ruwer → ruuste

Downloaded from Stanmorephysics.com

# 5.2.1. TRAPPE VAN VERGELYKING:

**REËL 9:**

Indien die woord op 'n **-e** eindig gebruik ons **meer** en **mees** vir die verskillende trappe.

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| bv. | tevrede | → | meer tevrede | → | mees tevrede |
| | opgewonde | → | meer opgewonde | → | mees opgewonde |
| | beskeie | → | meer beskeie | → | mees beskeie |

**REËL 10:**

As die woord op 'n **-s** eindig voeg ons nog steeds **-ste** in die oortreffende trap by.

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| bv. | los | → | losser | → | los**ste** |
| | skaars | → | skaarser | → | skaars**ste** |
| | trots | → | trotser | → | trots**ste** |

**UITSONDERINGS:**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| kwaad | → | kwater | → | kwaadste |
| baie | → | meer | → | die meeste |
| goed | → | beter | → | beste |
| dikwels | → | meermale | → | die meeste |
| bietjie | → | minder | → | minste |
| lank | → | langer | → | langste |
| jonk | → | jonger | → | jongste |
| nuut | → | nuwer | → | nuutste |





Downloaded from Stanmorephysics.com

# 5.2.1. TRAPPE VAN VERGELYKING:

1. Wanneer jy twee mense of voorwerpe vergelyk, word die **VERGELYKENDE TRAP** altyd gebruik.
   Wanneer jy egter meer as net twee mense of voorwerpe vergely, moet jy van die **OORTREFFENDE TRAP** gebruik maak.

   bv. Ek studeer baie vakke op skool. Engels is (maklik) makliker **as** Afrikaans, maar Wiskunde is **die** (moeilik) moeilikste.

2. Wanneer jy die woord '**as**' in die sin sien word daar van jou verwag om die Vergelykende trap te gee.

   bv. Die seun is (groot) groter **as** sy suster.

3. Wanneer jy die woorde '**Hoe** ... **hoe**' in die sin sien moet jy weereens die Vergelykende trap verskaf.

   bv. Die kinders het hard gewerk en hulle het goed gedoen.
   **Hoe** harder die kinders gewerk het, **hoe** beter het hulle gedoen.

4. Wanneer jy die woord '**die**' voor die byvoeglike naamwoord in die sin sien, word daar van jou verwag om die Oortreffende trap te gee.

   bv. Die kinders het hard gewerk en hulle het baie geld verdien.
   Die kinders wat **die** hardste werk, sal **die** meeste geld verdien.

OEFENINGE:

5.2.1 Gee die korrekte vorm van die woorde tussen hakies.


1. Al het die gesin soms probleme, is dit (maklik) as almal saamstaan.
2. Die (fluks) leerling, is nie altyd die (tevrede) leerling in die klas nie.
3. Hy is die (hoflik) seun in die klas.
4. Hoe (hard) jy probeer, hoe (goed) gaan dit met jou.
5. As jy (gesond) eet, sal jy (baie) energie hê.
6. Ek is die (trots) op die leerlinge wat (swak) as hulle maats is, maar wat beter as hulle doen.

**[10]**

Downloaded from Stanmorephysics.com

# 5.2.1. TRAPPE VAN VERGELYKING: Oefeninge

## TRAPPE VAN VERGELYKING




### DWARS


1. dom ..............................................domste
3. swak ........................................... swakste
5. wakker .................................... wakkerste
8. goed .................................................. beste
9. grof ................................................ grofste
12. laf ........................................................ lafste
14. skaam ...................................... skaamste
16. vaal ............................................... vaalste
17. breed ..........,............................... breedste
18. leeg ................................................ leegste

### AF:

1. doof ,................................................ doofste
2. mak ................................................. makste
4. koud ............................................... koudste
6. droog ......................................... droogste
7. goed beter .........................................
9. gek .................................................... gekste
10. wyd .................................................... wydste
11. laat .................................................... laatste
13. ryk ....................................................... rykste
15. laag ................................................. laagste

Downloaded from Stanmorephysics.com

# 5.2.2. BYVOEGLIKE NAAMWOORDE: INTENSIEWE VORM:

 + fris = perdfris

**Die intensiewe vorm word altyd as EEN WOORD geskryf; behalwe wawyd oop / wawyd wakker.**

Die intensiewe vorm het geen trappe van vergelyking nie.

Daar word gewoonlik van jou verwag om die korrekte vorm van die woord tussen hakies te gee bv. Die man was (baie moeg) <u>doodmoeg</u> toe hy daar aankom.

Die intensiewe vorm is dikwels dieselfde as die vergelyking bv. so koud soos ys. Intensiewe vorm = yskoud.

Intensiewe vorm waar **dood** gebruik word:

| | | |
|---|---|---|
| goed (good) | → | doodgoed |
| lekker (nice) | → | doodlekker |
| moeg (tired) | → | doodmoeg |
| onskuldig (innocent) | → | doodonskuldig |
| skaam (shy) | → | doodskaam |
| seker (sure) | → | doodseker |
| siek (sick) | → | doodsiek |
| stil (quiet) | → | doodstil |
| swak (weak) | → | doodswak |
| tevrede (satisfied) | → | doodtevrede |
| bang (scared) | → | doodbang |
| bleek (pale) | → | doodsbleek |
| eenvoudig (simple) | → | doodeenvoudig |
| eerlik (honest) | → | doodeerlik |
| gaar (cooked) | → | doodgaar |
| gelukkig (happy) | → | doodgelukkig |
| gewoon (normal) | → | doodgewoon |



Downloaded from Stanmorephysics.com

# 5.2.2. INTENSIEWE VORM:

Intensiewe vorm waar **bloed** gebruik word:

| | | |
|---|---|---|
| jonk (young) | → | bloedjonk |
| min (few) | → | bloedmin |
| rooi (red) | → | bloedrooi |
| weinig (few) | → | bloedweinig |

Algemene Intensiewe vorme:


| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| alleen (alone) | → | stoksielalleen | mak (tame) | → | hondmak |
| beroemd (famous) | → | wêreldberoemd | mooi (pretty) | → | wondermooi |
| bekend (known) | → | alombekend | | → | popmooi |
| bitter (bitter) | → | galbitter | nakend (naked) | → | poedelnakend |
| blank (pale) | → | lelieblank | nat (wet) | → | papnat |
| blou (blue) | → | potblou | nodig (need) | → | broodnodig |
| breed (wide) | → | hemelsbreed | nuut (new) | → | splinternuut |
| deur (through) | → | dwarsdeur | orent (upright) | → | penorent |
| dig (tight) | → | potdig | oop (open) | → | wawyd oop |
| dik (thick) | → | trommeldik | reguit (straight) | → | pylreguit |
| donker (dark) | → | pikdonker | rond (round) | → | koeëlrond |
| droog (dry) | → | kurkdroog | ryk (rich) | → | skatryk |
| dun (thin) | → | plankdun | ryp (ripe) | → | papryp |
| duur (expensive) | → | peperduur | sag (soft) | → | papsag |
| fris (healthy) | → | perdfris | skoon (clean) | → | silwerskoon |
| fyn (fine) | → | haar/piekfyn | skoon (pretty) | → | beeldskoon |
| geel (yellow) | → | goudgeel | skraal (skinny) | → | rietskraal |
| gek (mad) | → | seepglad | snel (swift) | → | blitssnel |
| glad (smooth) | → | spieëlglad | soet (sweet) | → | stroopsoet |
| goedkoop (cheap) | → | spotgoedkoop | suinig (stingy) | → | vreksuinig |
| graag (keen) | → | dolgraag | suur (sour) | → | asynsuur |
| groen (green) | → | grasgroen | swaar (heavy) | → | loodswaar |
| hard (hard) | → | kliphard | swart (black) | → | pikswart |
| helder (clear) | → | kristalhelder | vaal (grey) | → | asvaal |
| hoog (high) | → | hemelhoog | vas (firm) | → | rotsvas |
| klein (small) | → | piepklein | verlief (in love) | → | dolverlief |
| koud (cold) | → | yskoud | vet (fat) | → | spekvet |
| krom (crooked) | → | hoepelkrom | vol (full) | → | prop/stampvol |
| lam (lame) | → | boeglam | vreemd (strange) | → | wildvreemd |
| lank (tall) | → | paallank | vry (free) | → | voëlvry/skotvry |
| leeg (empty) | → | dolleeg | vrot (rotten) | → | papvrot |
| lelik (ugly) | → | skreeulelik | warm (hot) | → | vuurwarm |
| lewendig (lively) | → | springlewendig | wit (white) | → | sneeu/spierwit |
| lig (light) | → | veerlig | wyd (wide) | → | wawyd |
| lui (lazy) | → | vreklui | | | |

Downloaded from Stanmorephysics.com

# 5.2.2. INTENSIEWE VORM: Oefeninge

**5.2.2**

**41 INTENSIEWE VORME**




| **DWARS** | | **AF** | |
|---|---|---|---|
| 3. baie styf | → | 1. baie goedkoop | → |
| 5. baie swart | → | 2. baie wyd | → |
| 6.baie warm | → | 4. baie regop | → |
| 7. baie geel | → | 6. baie lig | → |
| 9. baie reguit | → | 8. baie warm | → snik…….. |
| 13. baie droog | → | 10. baie maer | → |
| 15. baie stil | → | 11. baie arm | → |
| Of baie bang | → | 12. baie dood | → |
| 16. baie groen | → | 14. baie sag | → |
| 17. baie koud | → | | |
| 18. baie glad | → | | |

Downloaded from Stanmorephysics.com

# 5.3. VOORNAAMWOORDE:

## Voornaamwoorde

Soorte:

1. **Persoonlike voornaamwoord**
bv. ek, ons, hy, sy, hulle

2. **Betreklike voornaamwoord**
bv. My fiets – myne, joune, ons s'n

3 **Vraende voornaamwoord**
bv. Wie staan daar?

4. **Aanwysende voornaamwoord**
bv. hierdie, daardie, dié

5. **Betreklike voornaamwoord (het betrekking op die voorafgaande saak)**
bv. waarop, wat, waarin, waarvan

6. **Onbepaalde voornaamwoord**
bv. iemand, niemand, sommige

7. **Wederkerende voornaamwoord (die onderwerp en die voorwerp is dieselfde persoon.)**
bv. Ek skaam my.

8. **Wederkerige voornaamwoord**
bv. Ons groet mekaar.

Downloaded from Stanmorephysics.com

# 5.3. VOORNAAMWOORDE:

## Voornaamwoorde

## Persoonlike V.nw

Dit verwys na iemand spesifieks. Dit word in die plek Van die s.nwe en eiename gebruik.

jy; hy; sy; ek; hulle; julle; u

bv. Julle is baie besig.

Sy word elke oggend vroeg wakker.





## Besitlike V.nw

Dit verwys na iets wat iemand besit.

my; myne; jou; joune; sy; hulle s'n

bv. Die hond het my huiswerk opgeskeur.

Die motor is myne.



## Betreklike V.nw

Dit verwys na iets wat met mense te doen het.

Wat; waarop; waarin; van wie; waarvan

bv. Die motor waarin hy ry is rooi.

Die gebou waarop hy staan is baie hoog.

Downloaded from Stanmorephysics.com

# 5.3.1.VOORNAAMWOORDE: PERSOONLIKE VOORNAAMWOORDE:




**ONDERWERP:**

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| I | → | ek | → | bv. | Ek het ’n huis. |
| you | → | jy | → | bv. | Jy het ’n huis. |
| he | → | hy | → | bv. | Hy het ’n huis. |
| she | → | sy | → | bv. | Sy het ’n huis. |
| we | → | ons | → | bv. | Ons het ’n huis. |
| they | → | hulle | → | bv. | Hulle het ’n huis. |
| you | → | julle | → | bv. | Julle het ’n huis. |
| you | → | u | → | bv. | U het ’n huis. |

Downloaded from Stanmorephysics.com

# 5.3.2. VOORNAAMWOORDE:
# BESITLIKE VOORNAAMWOORDE:




| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| me, my | → | my | → | bv. | Dis my huis. |
| him / his | → | hom / sy | → | bv. | Dis sy huis. |
| her | → | haar | → | bv. | Dis haar huis. |
| your, you | → | jou | → | bv. | Dis jou huis. |
| our, us→ | → | ons | → | bv. | Dis ons huis. |
| their | → | hulle | → | bv. | Dis hulle huis. |
| your, you | → | julle | → | bv. | Dis julle huis. |
| your / you | → | u | → | bv. | Dis u huis. |
| mine | → | myne | → | bv. | Die huis is myne. |
| his | → | syne | → | bv. | Die huis is syne. |
| hers | → | hare | → | bv. | Die huis is hare. |
| your | → | joune | → | bv. | Die huis is joune. |
| ours | → | ons s’n | → | bv. | Die huis is ons s’n. |
| theirs | → | hulle s’n | → | bv. | Die huis is hulle s’n. |
| yours | → | julle s’n | → | Bv. | Die huis is julle s’n. |
| yours | → | u s’n | → | Bv. | Die huis is u s’n. |

Downloaded from Stanmorephysics.com

# 5.3. VOORNAAMWOORDE: Oefeninge

## 5.3.1 Vul die ontbrekende VOORNAAMWOORD(E) in.

1. Ek is op soek na Christine. Het jy ...... dalk gesien?
2. ’n Mens mag nie motor bestuur as ..... nie ’n rybewys het nie.
3. Ek het my boek gekry, maar Fazlin weet nie waar ...... is nie.
4. Die mense wat langs (me).......bly, het ons gehelp om in te trek.
5. Ek weet wat ...... eie telefoonnommer is, maar ek weet nie wat Lani ....... is nie.
6. Julle seiljag is baie groter as .......
7. Ronelle gebruik Grace se naelvyltjie omdat sy nie weet waar ...... is nie.
8. Die TV-program waarna jy kyk is vir …….. baie vervelig.
9. Die verslaggewer geniet ...... werk.
10. Mnr. Mostert het eerste pouse gehardloop en ...... dyspier beseer.

**[10]**

## 5.3.2 Kies die korrekte VOORNAAMWOORD(E) tussen hakies.

1. Jy moet (joune, jou) nuwe skoene aantrek.
2. Die motor lê op (haar, sy, dit se) sy.
3. Sy sê (hare, haar, haar s’n) is mooier as (hy, sy, syne, hom).
4. Hierdie kos is (onse, ons s’n, ons sinne).
5. Pia is ’n vriendin van (my, myne).
6. Sy het (sy,haar,hare) horlosie verloor.
7. Die seun het (hom,syne,sy) boek in die klas vergeet.
8. Die mense van die winkel het (hulle s’n,ons,hulle) klere verkoop.
9. ’n Mens moet (sy, jou, haar) huiswerk na skool doen.
10. ’n Goeie vriend van (hare, my, hy) wil hê (jou, ek, haar) moet na haar baba kyk.

**[10]**

Downloaded from Stanmorephysics.com

# 5.3.3. VOORNAAMWOORDE: BETREKLIKE VOORNAAMWOORDE:




## BETREKLIKE VOORNAAMWOORDE:

1. Betreklike voornaamwoorde (relative pronouns) word gewoonlik as voegwoorde gebruik om sinne te verbind.

   bv. Die meisie **wat** gewen het, is ’n Suid-Afrikaner.
   Die borde **waaruit** hulle eet, is baie koud.
   Die gat **waardeur** die hond gekruip het, is maar klein.
   Die man **op wie** sy verlief is, is baie gaaf.
   Die persoon **aan wie** ek geskryf het, is in die Vrystaat.

2. Wanneer gebruik ons ***wat*** en wanneer ***wie***?
   <u>WAT vir mense (who):</u>

   Die man **wat** so kwaad is, is nie ons vriend nie.

   <u>WAT vir diere (which):</u>

   Die perd **wat** my pa gekoop het, is nie oud nie.

   <u>WAT vir lewelose voorwerpe of dinge (which):</u>

   Die beursie **wat** ek verloor het, is nie myne nie.

   <u>WIE vir mense slegs na ’n voorsetsel, bv. aan, op, vir ens. (whom):</u>

   Die man <u>op</u> **wie** sy verlief is, is aantreklik.
   Die meisie <u>aan</u> **wie** hy die blomme gegee het, is siek.

Downloaded from Stanmorephysics.com

# 5.3.3.BETREKLIKE VOORNAAMWOORDE:

Betreklike voornaamwoorde (relative pronouns) word gewoonlik as voegwoorde gebruik om sinne te verbind:

**VERBINDING MET VOORNAAMWOORDE**

- ※ Jy bestudeer die twee sinne goed.
- ※ Vind die "iets" wat in albei sinne genoem word
- ※ Is dit 'n voorwerp (dooie dinge of diere) of is dit 'n mens?
- ※ Is daar 'n VOORSETSEL (preposition) in die TWEEDE sin?
- ※ Het die voorsetsel iets te doen met die voorwerp/mens of nie?
- ※ Stop sin 1 waar die woord is wat herhaal word
- ※ Voeg sin 2 se inhoud in na die regte voornaamwoord
- ※ Voltooi die res van sin 1



**WAT IS DIT WAT JY MOET DOEN?**

- ※ DIE STOEL IS MOOI. EK SIT OP DIE STOEL
- ※ DIE STOEL IS WAT HERHAAL WORD
- ※ DIT IS 'N VOORWERP; NIE 'N MENS NIE
- ※ STOP JOU EERSTE SIN NA DIE WOORD "STOEL"
- ※ SIT DIE TWEEDE SIN NOU IN NADAT JY DIE REGTE VOORNAAMWOORD GEBRUIK HET
- ※ VOLTOOI MET DIE RES VAN SIN 1

Downloaded from Stanmorephysics.com

# 5.3.3.BETREKLIKE VOORNAAMWOORDE:

## VOORNAAMWOORDE

| VOORWERPE | MENSE |
|---|---|
| = WAAR + VOORSETSEL | = VOORSETSEL + WIE |
| WAAROP | OP WIE |
| WAARIN | IN WIE |
| WAARMEE | MET WIE |
| WAARVOOR | VIR WIE |
| WAARVAN | VAN WIE |
| WAARUIT | UIT WIE |
| WAARDEUR | DEUR WIE |
| WAT | WAT |

**OPPAS VIR DIE VOLGENDE:**



- "WHOSE" = WIE SE (MENSE) EN WAARVAN (VIR VOORWERPE).
- GEBRUIK "WAT" AS DAAR NIE 'N VOORSETSEL IS NIE.
- JY MAG NOOIT "WIE" ALLEEN GEBRUIK NIE:

✓ DIE MAN <u>WAT</u> DAAR LOOP, IS MY OOM.

X DIE MAN <u>WIE</u> DAAR LOOP, IS MY OOM.

- ONTHOU DIE WERKWOORD SKUIF – SOOS GROEP 3.
- DAAR IS ALTYD 'N KOMMA TUSSEN DIE TWEE WERKWOORDE IN DIE MIDDEL VAN DIE SIN.

(Bron: J Van Zyl –kragpunt)

Downloaded from Stanmorephysics.com

# 5.3.3. BETREKLIKE VOORNAAM-WOORDE: OEFENINGE:

5.3.3.1 Verbind die volgende sinne met die korrekte BETREKLIKE VOORNAAMWOORD.

**OEFENING**

1. **Dis die hek. Die hond het oor die hek gespring.**
2. **Die mes is skerp. Ek sny die vleis met die mes.**
3. **Ons het jare in die ou huis gebly. Die ou huis word gesloop.**
4. **Hier is die rek. Ek skiet katte met die rek.**
5. **Ek voel jammer vir die leerder. Hy sukkel om te leer.**
6. **Die dogter is skaam. Ek gaan saam met haar uit.**
7. **Die seun het sy been gebreek. Ek praat met die seun.**
8. **Dis die onderwyseres. Sy is maar baie kwaai.** **[8]**

5.3.3.2 Verander die woord(e) tussen hakies, *indien nodig,* sodat elke sin korrek is.

1. Die boom (wat) voor ons huis staan, is deur my oupa geplant.
2. Die atleet (wat) ons baie (van) verwag, is nog jonk.
3. Die spook (wat) hy my (van) vertel het, was toe ‘n hond.
4. Die pille (wat) ek nie (sonder) kan klaarkom nie, is nou peperduur.
5. Die gat (wat) die hond wil (deur) kruip, is klein. **[5]**

5.3.3.3 Verbind die sinne met BETREKLIKE VOORNAAMWOORDE.

1. Hier woon die seun. Ek het aan die seun ’n brief gegee.
2. Die boek is interessant. Ons lees die boek nou.
3. Ek ken die mense. Julle praat van hulle.
4. Die hoof straf die seuns. Die seuns rook in die klaskamers.
5. Die fliek is interessant. Ons het die fliek gisteraand gesien. **[5]**

Downloaded from Stanmorephysics.com

# 5.4. WERKWOORDE:




## WERKWOORDE

Soorte:

1. Selfstandige werkwoorde:
   - 1.1 Oorganklik (bevat 'n direkte voorwerp in die sin)
     bv. Die muis eet die kaas.
   - 1.2 Onoorganklik (het nie 'n direkte voorwerp in die sin nie)
     bv. Die muis eet stadig.

2. Hulpwerkwoorde: (word saam met hoofwerkwoord gebruik).
   - 2.1 Hulpwerkwoord van TYD:
     bv. Die muis het die kaas geëet.
   - 2.2 Hulpwerkwoord van vorm (lydende vorm).
     bv. Die kaas is deur die muis geëet.

3. Koppelwerkwoorde: (bevat die funksie van koppeling)
   Koppelwerkwoorde: is, word, skyn, blyk, lyk, heet, voorkom.
   bv. Die muis is baie lui.

4. Infinitief: (is 'n vorm van die selfstandige werkwoord wat nie aandui dat die aksie deur iemand verrig word nie).
   - 4.1 Die infinitief **te:** bv. Jy gaan slaag deur te leer.
   - 4.2 Die infinitief **om te:** bv. Dit is wys om te leer.

Hoe herken ek 'n werkwoord:

Werkwoord dui die handeling aan.
Werkwoord kry gewoonlik **ge**- in die verlede tyd.
As **ek** alleen saam met werkwoord voorkom moet dit sin maak.
bv. Ek slaap. Ek swem.

Downloaded from Stanmorephysics.com

# 5.4. WERKWOORDE:

## Werkwoord

Die werkwoord dui die handeling aan of veroorsaak beweging.

### Hoofwerkwoorde

Hierdie woorde kan op hulle eie as gesegde staan.

sit, loop, staan, lag, speel



bv. Die olifant speel die tromme.

### Hulpwerkwoorde



Hierdie woorde dui gewoonlik tyd aan en kan nooit alleen in 'n sin staan nie.

sal, wil, kan, moet, het

. Die meisie sal môre saam met die dolfyne swem.

### Koppelwerkwoorde

Hierdie werkwoorde koppel die onderwerp aan die byvoeglike naamwoord of bepaling.


lyk, blyk, skyn, is, word



Nemo is 'n vis.

Downloaded from Stanmorephysics.com

# 5.4.1. WERKWOORDE:




Bron: Depicta.co.za

Downloaded from Stanmorephysics.com

# 5.4.1. WERKWOORDE: INFINITIEF:

As ons in Afrikaans die Engelse "to" wil gebruik soos in "to dance, to play, to drink" gebruik ons "om te dans", "om te speel" en "om te drink".
Dit is die mees algemene gebruik van die infinitief.

- Die Infinitief vorm die **I** van S v1TOMPv2 **I** (Woordorde).
- Die infinitief beantwoord gewoonlik die HOEKOM vraag.
- Die infinitief is gewoonlik die maklikste om uit te ken, want alles van OM tot die einde van die sin is die Infinitief.

Daar kan ander woorde na "om" verskyn, maar na "te" kry ons net die werkwoord(e).

Voorbeeld: Dit sal my help om die moeilike werk te kan verstaan.
(kan = hulpwerkwoord; verstaan = hoofwerkwoord)

Die infinitief in Afrikaans verskil van dié in Engels. In Engels staan die "to" altyd direk voor die werkwoord (bv. to sing). In Afrikaans staan die voorwerp tussen die **om** en die res van die infinitief, bv. Sy het die man gevra **om** die boek vir haar **te lees**.

Wanneer die sin wat 'n infinitief bevat in die verlede tyd of toekomende tyd geskryf word, word die **infinitief nie** verander **nie.**

bv. Die seun **is** besig om die boek **te lees**.
Die seun **was** besig om die boek **te lees**.
Die seun **sal** besig **wees** om die boek **te lees.**

Hy **spaar** geld om Parys toe **te gaan**.
Hy **het** geld **gespaar** om Parys toe **te gaan**.
Hy **sal** geld **spaa**r om Parys toe **te gaan**.

By die volgende kry ons **nie "om" nie:**

"is, was, sal…..te"
"behoort… te"
"blyk ……te"
"lyk …….te"
"skyn………te"
"hoef net… te" en
"hoef nie … te … nie".



Downloaded from Stanmorephysics.com

# 5.4.1. INFINITIEF: Oefeninge:

OEFENINGE:

5.4.1.1 Gee die korrekte vorm van die INFINITIEF.




1. Ek is moeg daarvoor (leer).
2. Edward het ons gewys wat (doen).
3. Sy weet nie hoe dit (afrol) nie.
4. Sy het hom gevra saam na die fliek (gaan).
5. Dit was aangenaam in die biblioteek (lees). **[5]**

5.4.1.2 Skryf die volgende sinne oor in die INFINITIEF en begin met die woorde tussen hakies.

1. Hy moet gereeld oefen om fiks te bly. (Hy behoort….).
2. Sy moet haar spanmaats ondersteun. (Sy hoef nie…..).
3. Die beste tennisspeler sal die enkelspel wen. (Die beste tennisspeler behoort….).
4. Dit moet die waarheid wees. (Dit blyk……).
5. Die toeskouers kan die spelers aanmoedig. (Die toeskouers behoort…..).
6. Hy neem elke dag aan sport deel. (Hy hoef nie…………).
7. Die swemmer moet elke dag vier lengtes swem. (Die swemmer behoort…..).
8. Dit is ’n baie goeie skeidsregter. (Dit behoort…….).
9. Hy kan weer hard werk. (Hy sien uit daarna….).
10. Die onderwyser word siek. (Die onderwyser is besig…….). **[10]**

5.4.1.3 Verbind die volgende sinne met **om….te.**

1. Hy glimlag in die oggend. Hy probeer vriendelik wees.
2. Hy waai sy hand. Hy groet die leerders.
3. Die dokter dra altyd handskoene. Die handskoene beskerm sy hande.
4. Sy groot oë is naby mekaar. Sy oë kan goed sien.
5. Sy spaar haar geld. Sy kan Parys toe gaan. **[5]**

Downloaded from Stanmorephysics.com

# 5.5. BYWOORDE:




## BYWOORDE

Soorte:

1. Bywoord van tyd: Wanneer?
   bv. Hy het gister die doel aangeteken.

2. Bywoord van plek: Waar?
   bv. Hy het langs die muur weggekruip.

3. Bywoord van wyse: Hoe?
   bv. Die man kom stadig om die draai.

Hoe ken ek 'n bywoord uit?

* Deur die vrae: waar? hoe? en wanneer? te vra.
* Trappe van vergelyking

Downloaded from Stanmorephysics.com

# 5.5. BYWOORDE:

## BYWOORDE

’n Bywoord beskryf die werkwoord, byvoeglike naamwoord, ’n ander bywoord of ’n voorsetsel.



bv. Pieter loop stadig oor die straat.
Die trollie hardloop vinnig by die pad af.
Hulle sit styf langs die gebou.

**BYWOORDE VAN WYSE** antwoord die vraag **HOE?**

bv. STADIG; VINNIG; HOOG; SAG; MOEILIK, ens.

**BYWOORDE VAN TYD** antwoord die vraag **WANNEER?**

bv. GISTER; DIKWELS; DADELIK; ONMIDDELLIK
NOU; SELDE; VANDAG; MÔRE, ens.

**BYWOORD VAN PLEK** antwoord die vraag **WAAR?**

bv. HIER; DAAR; BINNE; BUITE; ÊRENS; NÊRENS; OP; SUID, ens.

**BYWOORD VAN GRAAD**

bv. AMPER; MINDER; BIETJIE; BAIE; HEELTEMAL KWALIK; TE; SO; ens.

**BYWOORDE HET TRAPPE VAN VERGELYKING.**

Downloaded from Stanmorephysics.com

## 5.5. BYWOORDE:

# Bywoorde

## Bywoorde van Wyse/Manier

om dit te bepaal vra ons die vraag

HOE?

bv. Hy slaan die bal hard oor die muur.



## Bywoord van plek

om dit te bepaal vra ons die vraag

WAAR?

bv. Die kinders speel buite met die bal.



## Bywoord van Tyd

om dit te bepaal vra ons die vraag

WANNEER?

bv. Jy eet soggens ontbyt.



Downloaded from Stanmorephysics.com


# 5.5. BYWOORDE: Oefeninge

## 5.5.1 Vul die korrekte BYWOORDE van tyd, plek en manier in.

1. Ek sal jou .......... sien. (pas; gister; onlangs; binnekort)
2. Ons speel .......... die huis. (in; binne; agter; om)
3. Hy speel die harp .......... . (goed; eergister; binnekort)

## 5.5.2 GEE EEN WOORD VIR.

1. in die nag
2. elke week
3. hierdie dag
4. twee dae gelede
5. op die regte tyd
6. al die tyd
7. op geen tyd nie
8. hierdie dae
9. op dieselfde tyd
10. in min woorde
11. dit is verseker
12. nie ver hiervandaan nie **[15]**





## 5.5.3 Voltooi die woorde in die volgende sinne deur die ontbrekende BYWOORDE in te vul. Kies uit die woorde in die blokkie.

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| mooi | saans | daar | hiernatoe | naastenby |
| verreweg | nou-nou | | stadig | |

1. Santie is my maat; sy woon……………
2. Johann is ook ons maat; hy kan …………….sing.
3. Hy is ………die beste atleet in die skool.
4. Ek sal………………vir jou koffie maak.
5. Sal jy ……………..kan sê hoeveel geld jy het? **[5]**

Downloaded from Stanmorephysics.com

# 5.6. TELWOORDE:




## TELWOORDE

Ons onderskei tussen twee soorte:

### Hooftelwoorde

Dit is die getalle soos ons hulle in die algemeen ken.
bv. een, twee, drie, vier, vyf, baie, min





### Rangtelwoorde

Dit is die woorde wat 'n sekere posisie aandui.
bv. eerste, tweede, derde, laaste





Downloaded from Stanmorephysics.com

# 5.6. TELWOORDE:

## TELWOORDE

### HOOFTELWOORDE:

Dui die hoeveelheid of aantal aan




BEPAALDE HOOFTELWOORDE:

Dui op 'n bepaalde aantal.
bv. een, twee, twintig, sestig

ONBEPAALDE HOOFTELWOORDE:

Dui op 'n onbepaalde hoeveelheid.
bv. baie, meer, min, heelwat

### RANGTEWOORDE:

Dui die volgorde aan.




BEPAALDE RANGTELWOORDE:

Dui 'n bepaalde volgorde aan.
bv. eerste, tiende, twaalfde, twintigste

ONBEPAALDE RANGTELWOORDE:

Dui 'n onbepaalde volgorde aan.
bv. laaste, middelste,soveelste, minste

| | | |
|---|---|---|
| 1 | een | eerste |
| 2 | twee | tweede |
| 3 | drie | derde |
| 4 | vier | vierde |
| 5 | vyf | vyfde |
| 6 | ses | sesde |
| 7 | sewe | sewende |
| 8 | agt | agste |
| 9 | nege | negende |
| 10 | tien | tiende |

**HOOFTELWOORDE:**

- BEPAALDE HOOFTELWOORDE: bv. een, twaalf, veertien, veertig, honderd en een
- ONBEPAALDE HOOFTELWOORDE: bv. min, baie, veel, vele, talle, klomp

**RANGTELWOORDE:**

- BEPAALDE RANGTELWOORDE: bv. eerste, vierde, twintigste, drie en dertigste
- ONBEPAALDE RANGTELWOORDE: bv. laaste, middelste, minste, hoeveelste, soveelste

Downloaded from Stanmorephysics.com

# 5.6. TELWOORDE: Oefeninge

- AFSTAND, MASSA en MATE woorde word saam met 'n **telwoord** in die **enkelvoud**, gebruik.
  bv. 50 kilometer, twintig ton, tien meter

- UUR en JAAR word saam met 'n **telwoord** in die **enkelvoud** gebruik.
  bv. tien jaar, twee uur, ...

- AS DIT SONDER 'N TELWOORD IS, GEBRUIK JY DIE MEERVOUD!
  bv. Ons sukkel al **jare**; dit het ure geneem, die rok is **sentimeters** te kort!

- AS JY DIE URE EN JARE WIL BEKLEMTOON, GEBRUIK JY DIE MEERVOUD:
  Hy was vir 20 jare in die tronk! Ons het vier ure vir die ambulans gewag.

- LET OP NA DIE SPELLING VAN: vier; veertien; vier en veertig; vyf; twaalf; vyftig; honderd en veertig; ag/ agt; tagtig

## 5.6.1 KIES DIE KORREKTE ANTWOORD.




1. Ek wag al (uur; ure) vir jou!
2. Ek is 58 (jare; jaar) oud.
3. Hy sit al vir 8 (jaar; jare) in die tronk.
4. Dit het (uur; ure) geneem.
5. Ek woon al 'n paar (jaar; jare) hier.
6. Ek bly 'n paar (maand; maande) hier.
7. Die trein kom (twee ure; twee uur; twee-uur).
8. Dis al (ses uur; sesuur; ses-uur).
9. Ons het nog baie (sentimeter; sentimeters) materiaal nodig.
10. Jy het my drie (uur; ure) laat wag!
11. Die vrag weeg twintig (tonne; ton).
12. Die dorpie is 50 (kilometer; kilometers) ver.
13. Jy sal nog so drie (duim; duime) groei.
14. Hy het toe (een; eerste) in die wedren gekom.
15. Die seun sal oor (viertig; veertig) jaar die kaptein wees. **[15]**

Downloaded from Stanmorephysics.com

# 5.6. TELWOORDE: Oefeninge

5.6. 2 : Lees die onderstaande teks en beantwoord die vrae wat daarop volg.

Stuk onder top-16 op streekfees
Deur Wilna De Klerk



Agter is, van links, Wiaan Taljaard, Elize-Mari Gerber, Rozelma van der Merwe, Zander Niemand, Dirkie Cronjé, Kalinka Venter en Doaney de Beer. Voor is Pieter-Ben Smit en Salene Bekker. Foto: WYNAND BEZUIDENHOUT

1. Die Hoërskool Cradock se dramadepartement, met Melina Smit aan die stuur, het vanjaar weer uitstekend op die ATKV se tienertoneel-streekfees in Bloemfontein gevaar.
2. Uit die meer as (1.1) 3 000 deelnemers was die Cradockers se produksie een van die 16 wat gekies is om van (1.2) 5 tot (1.3) 8 Oktober by die Aardklop-kunstefees op Potchefstroom om die finale prys te gaan meeding.
3. Smit se vernuf as drama-afrigter het Cradock (1.4) 13 jaar gelede getref toe sy met 'n klein groepie leerlinge drie aande agtereenvolgens 'n sprokieskonsert in 'n vol stadsaal aangebied het.
4. Drama word al die afgelope 5 jaar as 'n vak by die Hoërskool Cradock aangebied, en daar is tussen (1.5) 12 en (1.6) 18 leerlinge per klas. Smit skryf die meeste van hul produksies self.
5. Die skool is die afgelope ses jaar al (1.7) 4 keer as die streekwenner aangewys.
6. Die oudleerling Sesethu Ntombela was in haar matriekjaar een van twee onder die top- (1.8) 16-dramaleerlinge. Sy het sedertdien rolle in (1.9) *7 Laan* en *Binnelanders* gespeel en is tans in *Generations* te sien.
7. Op die streekkompetisie in Bloemfontein het Cradock met die toneelstuk *Die prys van eiers*, deur Smit geskryf, drie goue medaljes ontvang. Een van die goues was vir die toneelstuk self, een was vir Wiaan, wat die hoofrol gespeel het, en die derde een is deur Jeandré Visser verower vir die kostuums.

Daar is min kaartjies vir die agterste rye oor. (Bron: cdn.24.co.za)

5.6.2 Skryf die nommers 1.1 tot 1.9 neer en skryf dan die getal uit in woorde.
Verwys na paragraaf 7.

1.10 Skryf 'n bepaalde hooftelwoord neer.
1.11 Skryf 'n bepaalde rangtelwoord neer.
1.12 Skryf 'n onbepaalde hooftelwoord neer.
1.13 Skryf 'n onbepaalde rangtelwoord neer. **[13]**

Downloaded from Stanmorephysics.com

# 5.7. LIDWOORDE:

## LIDWOORDE

Soorte:

**Bepaalde lidwoord:**

**DIE**

**Onbepaalde lidwoord:**

**’n**

**Verouderder vorm van die:**

**de (wat de duiwel)**

## LIDWOORDE

Lidwoorde word voor selfstandige naamwoorde gebruik.

| | |
|---|---|
| ’n **ONBEPAALDE LIDWOORD-**daar word nie na iets spesifiek verwys nie. | die **BEPAALDE LIDWOORD-** daar word na iets spesifieks verwys |
| ’n stoel, ’n kamer, ’n witbord | die skoen, die boom, die motor |
| Die lidwoord ’n word net gebruik as ons van een ding praat. | Die lidwoord die word vir een ding **en** vir meer as een ding gebruik. |
| | Die skoene. die bome, die motors |
| ’n word nooit met ’n hoofletter aan die begin van die sin geskryf nie. Die tweede woord in die sin word met ’n hoofletter geskryf. | As jy die sin met die begin word dit met ’n hoofletter geskryf. |

Downloaded from Stanmorephysics.com

# 5.8. VOORSETSELS:

## VOORSETSELS

'n Klein woordjie wat die vraag waar? of waarheen? beantwoord.





- Die tafel staan tussen die twee honde
- Die kinders sit onder die boom
- Die feëtjie sit op die blaar



## Voorsetsels

**Voorsetsels is verhoudingswoorde en verbindingswoorde.**

**Bv. Die atleet spring *oor* die hekkie.**

**Nog voorsetsels:**
**aan, agter, bo, buite, by, deur, in, met, na, om, onder, op, per, teen, ten, tot, tussen, uit, van, vir, voor**

Downloaded from Stanmorephysics.com

# 5.8. VOORSETSELS:




(Bron: Flash and Learn)




(Bron: Skool Diva)




(Bron: Flash and Learn)

Downloaded from Stanmorephysics.com

# 5.8. VOORSETSELS:

VOORSETSELS VORM OOK DIKWELS DEEL VAN VASTE UITDRUKKINGS OF KOM NA SPESIFIEKE WERKWOORDE.

VOORBEELDE

**AAN**
behoort aan
ruik aan
skryf aan
neem deel aan
aan die kant maak
verloof aan

**AGTER**
agter die muur
loop agter iemand
kom iets agter
agter geslote deure

**BY**
aankom by
koop by
loop by die deur uit
sit by my vriende

**BO**
verkies tee bo milo
bo my vuurmaakplek
bo die ouderdom van

**DEUR**
deur dik en dun
deur die wind
geskryf deur
vlieg deur die lug
deur sy nek praat

**IN**
belangstel in
in kennis stel
in Soweto
in aanmerking neem
in die waan verkeer

**LANGS**
staan langs haar
woon langsaan

**MET**
met vakansie
met opset
getroud met
gooi met
praat met
vriendelik met
behep met

**NA**
na skool
lyk na
luister na
sien uit na

**OM**
om die hoek
om elfuur
om en by
om hulp vra
vra om verskoning

**ONDER**
onder die tafel
verdeel onder
onder eend verklaar

**OOR**
baklei oor
bekommerd oor
kwart oor vyf
oor 'n uur
oor land reis
die reën is oor

**OP**
trots op
verlief op
op pad
wag op
op skool

**PER**
per motor
per trein
per bus
per kilogram
per ongeluk
per pos stuur

**TE**
te voet/perd
te veel/min

**TEEN**
teen vieruur
teen my sin
teen die muur
beskerm teen

**TEN**
ten minste
ten spyte van
ten opsigte van
ten koste van

**TER**
die beste ter wêreld
ter ere aan
ter vereffening van
ter harte neem
ter ruste lê
ter wille van

**TOT**
wag tot
tot verhaal kom
tot nou
tot my verbasing

**UIT**
bestaan uit
trek uit
leer uit my kop
drink uit 'n glas
uit dankbaarheid

**VAN**
in plaas van
van nou af
van plan om
hou van
genoeg van
ten gunste van
aan die einde van

**VIR**
bang vir
lief vir
kwaad vir
pasop vir
moeg vir
stap vir stap
een vir een
sorg vir
wag vir

**VOOR**
kwart voor
voor skool
sy staan voor my
'n skip lê voor anker

Downloaded from Stanmorephysics.com

# 5.9. TUSSENWERPSELS:




(Bron: Depicta.co.za)

Downloaded from Stanmorephysics.com

# 6. DEELWOORDE:

## DEELWOORDE

'n Deelwoord is 'n byvoeglike naamwoord of 'n bywoord wat van 'n werkwoord afgelei is.

bv. Die meisie dans. → werkwoord

Die dansende meisie → byvoeglike nw. en deelwoord

Hy loop al dansende. → bywoord en deelwoord



| TEENWOORDIGE DEELWOORD | VERLEDE DEELWOORD |
|---|---|
| Dit is besig om te gebeur. | Dit het reeds gebeur. |
| lopende water<br>blaffende hond<br>huilende babas | gekamde hare (swak verlede deelwoord)<br>gebakte beskuit (swak verlede deelwoord)<br>gebroke hart (sterk verlede deelwoord)<br>bedorwe kinders (sterk verlede deelwoord) |



- 'n Deelwoord word van 'n **WERKWOORD** afgelei**,** maar kan verskillende woordsoorte wees.
- Kyk na die funksie van die woord in die sin om die woordsoort te bepaal.
- Dit kan 'n byvoeglike naamwoord of 'n bywoord wees.
- Ons kry twee hoofsoorte deelwoorde, nl.

1) TEENWOORDIGE DEELWOORDE

2) VERLEDE DEELWOORDE



Downloaded from Stanmorephysics.com

# 6. DEELWOORDE:

## 1) TEENWOORDIGE DEELWOORDE

- Die aksie gaan nog aan.
- Dit word gevorm deur: Werkwoord + **end/ende/de**

  **-de** word gebruik vir die werkwoorde: doen, gaan, sien, slaan, staan en hulle afleidings.

  bv. Die voldoen**de** sake…..

  Die verbygaan**de** verkeer…..

  Ten spyte van moeilike omstandighede het hy staan**de** gebly.

- Behalwe vir 'n paar uitsonderings, kry alle ander werkwoorde **-end(e**)


  (**-ende** voor die s.nw. en **-end** na die s.nw.)

  bv. *Die dans**ende** ballerinas* is *mooi.*

  *Die lop**ende** water kan deur hulle gedrink word.*

  *My ouers* is *baie ondersteun**end**.*





**Uitsonderings:**

| | | |
|---|---|---|
| *versag* | → | *versagtende omstandighede* |
| *liefhê* | → | *liefhebbende moeder* |
| *sê* | → | *veelseggende glimlag* |
| *vertroos* | → | *vertroostende drukkie* |

Downloaded from Stanmorephysics.com

# 6. DEELWOORDE:


## 2) VERLEDE DEELWOORDE

- Die aksie is klaar. Dit het in die verlede tyd gebeur.
- Ons kry twee soorte verlede deelwoorde:

  A) Swak verlede deelwoord

  B) Sterk verlede deelwoord.

- Hulle is in die verlede tyd en sal dus altyd **ge-** vooraan hê; behalwe woorde wat op **ver-;her-; ont-; be-; er-** begin en op **-eer** eindig.



### A) SWAK VERLEDE DEELWOORDE:

Die swak verlede deelwoord eindig in **-te/de.**

bv. Die getroude paartjie is gelukkig.
Die geslypte diamant is gesteel.

★ Die woord eindig gewoonlik in **-te** na **-k of -p**

bv. Die gebreekte stoel word reggemaak.
Die uitgetrapte mat is lelik


★ Die woorde eindig gewoonlik in **-de** na **-f, -g of -s**

bv. Die geverfde huis lyk nou mooi.
Die gewasde baadjie is nou skoon.

★ Alle ander werkwoorde kry **-de of -e**

★ Woorde wat op **-ê** eindig kry **-gde**

bv. Die uitgelegde huis is netjies.
Die belegde geld trek rente.



Dit word gewoonlik **letterlik gebruik.**

bv. gebreekte been

Downloaded from Stanmorephysics.com

# 6. DEELWOORDE: Oefeninge



## B) STERK VERLEDE DEELWOORDE:

Die woord word gewoonlik **figuurlik gebruik.**

- Die woord eindig altyd in 'n **-e** en daar vind gewoonlik verandering van klinkers/vokale plaas.

bv. Die (bederf) **bedorwe** kinders

Die meisie ly aan 'n (breek) **gebroke** hart na haar kêrel haar afgesê het.

## DEELWOORDE OEFENINGE:

### 6.1 Vul die regte vorm van die DEELWOORD tussen hakies in.

1. Die (speel) kinders het die (slaap) kinders wakker gemaak.
2. Die kinders het die (opskep) kos net so gelos.
3. (Doen) sake het geen keer.
4. Die (voorskryf) boek is moeilik.
5. Neelsie se ma het die (vries) vleis uit die vrieskas gehaal.
6. (Wat giggel) tienermeisie kan raserig wees.
7. Die water in die bad is (wat kook) warm.
8. Die (gil) meisie hardloop in die straat af.
9. Die (vlieg) voël is hoog in die lug.
10. Jy moet die (kap) hout buite gaan haal.

. **[10]**


### 6.2 Gee die regte vorm van die DEELWOORD tussen hakies.

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1. | (uitsterf) diersoort | 2. | (verberg) skatte |
| 3. | (oortrek) rekening | 4. | (onverskrik) bergklimmer |
| 5. | (spreek) woord | 6. | (oorwin) vyand |
| 7. | (lees) professor | 8. | (verkies) president |
| 9. | (verbied) terrein | 10. | (verslyt) klere |

**[10]**

Downloaded from Stanmorephysics.com

# 7. WOORDVORMING:




## STAM :

Dit is die kleinste gedeelte van 'n woorddeel wat betekenis dra.

bv. ontwater → water

## SIMPLEKS:

Dit is 'n woord wat net uit 'n stam bestaan.

Dit kan nie in kleiner deeltjies opgedeel word nie.

Dit het ook geen voor- en agtervoegsel nie.

bv. pampoen/piering



Downloaded from Stanmorephysics.com

# 7. WOORDVORMING:

## KOMPLEKS:



Dit bestaan uit ’n stam of stamme:

bv. sportmotor (stamme = sport + motor)

Dit het ‘n stam met ’n voor- en/of agtervoegsel:

bv. eetbaar (stam = eet + agtervoegsel = baar)

Dit bestaan uit stamme en voorvoegsels of agtervoegsels:

bv.Skoolskoenloos (stam = skool + stam = skoen + agtervoegsel = loos)

## AFLEIDINGS:

Afleidings word gevorm deur:

- Voorvoegsel (premorfeem) by die stam te voeg; → bv. **wan**begrip
- Agtervoegsel (postmorfeem) by die stam te voeg; → bv. siek**erig**

### Betekenis van die voor- en agtervoegsel/morfeme

on- = nie (onwaar)

ont- = beroof van / wegneem (onthoof)

ont- = begin (ontkiem)

be- = voorsien van (beman)

her- = weer (hersien)

anti- = teen/gekant teen (anti-rugby)

ver- = verander van (vervel)

mis- = verkeerd (misverstand, mistasting)

oer- = oud/oudste /eerste (oermens)

-loos = sonder (dakloos/huisloos)

wan- = verkeerd(e) (wanopvatting)

-erig = geneig tot (siekerig/melkerig)



Downloaded from Stanmorephysics.com

# 7. WOORDVORMING:

## SAMESTELLINGS:

Dis ’n woord wat uit twee of meer stamme bestaan.

Die een stam is die **kern** en die ander stam is die **bepaler.**

Soms word ’n verbindingsklank gebruik om die woorde bymekaar te voeg.



- Soms word die woorde bloot saamgevoeg
  bv. dorp + skool → dorpskool
  meisie + skool → meisieskool
  klas + kamer → klaskamer

- Soms word ’n **-e** tussen die woorde gevoeg
  bv. boek + kennis → boek**e**kennis
  hond + hok → hond**e**hok
  vrou + dokter → vrou**e**dokter

- Soms word ’n **-te** tussen die woorde gevoeg
  bv. oos + wind → oos**te**wind
  vrug + sap → vrug**te**sap




- Soms word ’n **-s** tussen die woorde gevoeg
  bv. broek + pyp → broek**s**pyp
  toegang + kaartjie → toegang**s**kaartjie
  stad + kind → stad**s**kind

- Soms word ’n **-er** tussen die woorde gevoeg
  bv. kind + dae → kind**er**dae
  kind + kamer → kind**er**kamer

- Soms word ’n **-en(s)** tussen die woorde gevoeg
  bv. lewe + les → lew**ens**les
  sterf + uur → sterw**ens**uur

- Onthou ook dat as woorde op ’n **-f** eindig, verander die **-f** na ’n **-w**
  bv. brief + bus → brie**we**bus
  druif +sap → drui**we**sap

Downloaded from Stanmorephysics.com


# 7. WOORVORMING:

- Ons kry slegs **-ss** indien die eerste woord op 'n **-s** eindig en die volgende woord met 'n **-s** begin.

| | | | |
|---|---|---|---|
| bv. | jas + sak | → | ja**ss**ak |
| | plaas + seun | → | plaa**ss**eun |

**UITSONDERINGS:**

| | | |
|---|---|---|
| aarde + appel | → | aardsappel |
| os + wa | → | ossewa |
| skip + kaptein | → | skeepskaptein |
| skip + dokter | → | skeepsdokter |
| rib + been | → | ribbebeen |
| hoog + veld | → | hoëveld |



## Samestellings bestaan uit 'n **kern** en 'n **bepaler**.


Kern: Dit is die laaste komponent van die samestelling.

Dit is onveranderlik. Die vraag word dikwels gevra: Wat is dit?

Bepaler: Dit is die eerste deel van die samestelling.

Dit is veranderlik. Die vraag word dikwels gevra: Watter soort is dit?

In die diagram word die **kern** in die sirkel aangetref en die **bepalers** in die vierkante.



Downloaded from Stanmorephysics.com

# 7. WOORVORMING:

## SAMESTELLENDE AFLEIDINGS:

Dit is woorde wat gevorm word deur twee of meer stamme en dan word 'n voorvoegsel of agtervoegsel ook gebruik om die woord te vorm.

bv. telefoonboek (foon = stam; boek = stam; tele = voorvoegsel)

Deur die gebruik van voor-en agtervoegsels kan ons die **woordsoort** van 'n bepaalde woord verander.

1. Verander van werkwoord na 'n persoonsnaam/selfstandige naamwoord.

   bv. dans → danseres

2. Verander van selfstandige naamwoord na 'n werkwoord.

   bv. huis → verhuis

### 7.1 Beantwoord die volgende vrae deur die instruksie by elke vraag uit te voer.

1. Dui telkens die stam of basis van die volgende woorde aan:

   1. potlode 2. versekering 3. bibliotekaresse

2. Pas die woorde in kolom A by die regte begrip in kolom B.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.olifant | A. kompleks |
| 2. pylreguit | B. simpleks |
| 3. wanbalans | C. samestelling |
| 4. stowwerig | D. premorfeem/voorvoegsel |
| 5. jaagtonele | E. postmorfeem/agtervoegsel |
| 6. karakters | D. afleiding |

Downloaded from Stanmorephysics.com

# 7. WOORVORMING:

3. Vorm ’n samestelling van (lewe + verhaal).

4. Dui die kern aan: woordeboek.

5. Dui die bepaler aan: vensterraam.


6. Gee die betekenis van die onderstreepte morfeme.
   6.1 wanbalans    6.2 souterig    6.3 herwin    6.4 oerdier

7. Vorm deur middel van ’n pre- en postmorfeem ’n afleiding.
   7.1 man    7.2 volk    7.3 midde    7.4 groot

**[20]**

## 7.2 Vorm SAMESTELLINGS van die volgende woorde:

1. naald + koker
2. lamp + paal
3. hemp + mou
4. meisie + skool
5. hoog + veld
6. rib + been
7. oos + wind
8. lewe + vreugde
9. kind + dae
10. hak + skoen



**[10]**

## 7.3. Dui aan watter van die volgende woorde SIMPLEKSE en watter KOMPLEKSE is.

1. kontrole
2. magrietjie
3. misgis
4. heldin
5. lelike



**[5]**

Downloaded from Stanmorephysics.com

# 8.1. BETEKENISLEER: PARONIEME:




**PARONIEME:**

Dit is woorde wat dieselfde STAM het.

- Hulle vorm en betekenis verskil, maar daar is tog 'n ooreenkoms omdat die STAM dieselfde is.

  bv. Homoseksuele huwelike is wettig (reg volgens die wet).

  Na my mening leef sy wetties (streng volgens die wet).

  Jy is wetlik daarvoor aanspreeklik (ooreenkomstig die wet).



**Dit reën katte en honde.**

Downloaded from Stanmorephysics.com

# 8.2. BETEKENISLEER: SINONIEME:

**SINONIEME:**


Dit is woorde met min of meer dieselfde betekenis.

- miskien → dalk
- angs → vrees
- beveel → gebied
- vrolik → opgeruimd
- skade → verlies
- taak → opdrag
- tans → nou
- arriveer → aankom
- vragmotor → lorrie
- besope → dronk
- lawaai → geraas

| SINONIEME | | ’n Sinoniem is ’n woord met die dieselfde of amper dieselfde betekenis as ’n ander woord. | |
|---|---|---|---|
| afkraak | beledig | luuks | weelderig |
| amp | beroep | moedig | dapper |
| antiek | outyds | nors | onvriendelik |
| begaaf | talentvol | noukeurig | presies |
| beveel | gebied | onmiddellik | dadelik |
| bevrees | bang | puik | uitstekend |
| blaps | fout | pyn | lyding |
| eentonig | vervelig | rusie | geskil |
| effek | uitwerking | selfbewus | skaam |
| eienaardig | vreemd | skade | verlies |
| elegant | smaakvol | taak | opdrag |
| faam | roem | talent | aanleg |
| gaping | opening | treurig | hartseer |
| handig | vaardig | verkeerd | foutief |
| item | artikel | vrekkerig | suinig |
| knap | bekwaam | vrolik | opgeruimd |

Downloaded from Stanmorephysics.com

# 8.2. BETEKENISLEER: SINONIEME:




(bron: Flash and Learn)

Downloaded from Stanmorephysics.com

# 8.3. BETEKENISLEER: ANTONIEME:

**ANTONIEME**

Dit is woorde met die TEENOORGESTELDE BETEKENIS.

- beknop → ruim
- beroemd → onbekend
- bietjie → baie
- binne → buite
- bloedjonk → stokoud
- bly → spyt
- hard → sag
- ingang → uitgang
- suinig → vrygewig
- siek → gesond
- maklik → moeilik




| ANTONIEME | | ’n Antoniem is ’n woord met die teenoorgestelde betekenis as ’n ander woord. | |
|---|---|---|---|
| alles | niks | eenvoudig | ingewikkeld |
| aanskakel | afskakel | eerlik | skelm |
| aantrek | uittrek | fluks | lui |
| agter | voor | gaaf | onvriendelik |
| begin | einde | gevaarlik | veilig |
| beter | slegter | heel | stukkend |
| bietjie | baie | krom | reguit |
| bitter | soet | lig | swaar |
| daal | styg | meeste | minste |
| dapper | lafhartig | nadeel | voordeel |
| deurmekaar | netjies | oorlog | vrede |
| diep | vlak | skoon | vuil |
| dieselfde | verskillend | vriend | vyand |
| droog | nat | vrolik | hartseer |
| duur | goedkoop | wen | verloor |

Downloaded from Stanmorephysics.com

# 8.3. BETEKENISLEER: ANTONIEME:

## ANTONIEME

'n Antoniem is 'n woord met die teenoorgestelde betekenis as 'n ander.



Downloaded from Stanmorephysics.com

# 8.4. BETEKENISLEER: HOMOFONE:

**HOMOFONE:**

Dit is woorde wat eenders KLINK, maar verskillend gespel word.

Dit is twee verskillende woorde met verskillende betekenisse.

VOORBEELDE:

- bod (aangebode geldsom op ’n veiling), → bot (kortaf en onbeleef; ook uitspruit, gesê van plante)
- bond (vereniging), → bont (veelkleurig; ook pelswerk)
- boordjie (die boonste deel van die nek van ’n hemp), → boortjie (’n werktuigie waarmee jy al draaiende ’n gaatjie kan maak)
- boud (agterste, dik liggaamsdeel), → bout (dit word met ’n moer vasgedraai)
- brei (doen dit met velle of ’n sportspan), → bry (die klank “r” met die kleintongetjie uitspreek)
- dokter (geneesheer, meervoud *dokters),* → doktor (iemand wat die hoogste akademiese graad verwerf het, meervoud *doktore)*
- end (die einde), → ent (die loot van een boom in die spleet van ’n ander bevestig; ook ’n stuk van ’n pad)
- faal (misluk), → vaal (vervelend, vuilwit, bleekgeel, gryserig of bleekbruin)
- feit (geen verdigsel nie), → fyt (pynlike sweer aan ’n vinger)
- fel (hewig, byvoorbeeld soos die son kan neerbak), → vel (huid van mense of diere; ook omkap, soos in “bome word gevel”; ook regterlik beslis, soos in “die vonnis word gevel”)
- fier (vol regmatige trots), → vier (feestelik deurbring; ook een minder as vyf)
- fiets (waarop jy trap-trap kan ry), → viets (netjies en sjiek)
- fonds (geld wat vir ’n bepaalde doel byeengebring word), → vonds (iets wat gevind is)
- fors (kragtig), → vors (koning)
- kruit (in ’n patroon), → kruid (in ’n tuin)

Downloaded from Stanmorephysics.com

# 8.4.BETEKENISLEER: HOMOFONE:

- lid (een van die mense in ’n geordende groep waaraan hy of sy behoort), → lit (’n deel van byvoorbeeld ’n vinger of ’n riet)
- lood (metaal), → loot (jong tak van ’n plant; ook deur die lot aanwys)
- luid (hard klinkend), → luit (tokkelinstrument)
- mied (opgestapelde hoop hooi of iets anders), → miet (klein larwe of wurmpie in byvoorbeeld meel)
- nood (haglike toestand), → noot (musiekgeluid; ook papiergeld)
- peil (diepte of hoogte van iets vasstel), → pyl (wat met ’n boog afgeskiet word; ook soos in “iemand pyl op iets af”)
- pond (Britse geld of ou gewigsmaat), → pont (platboomvaartuig wat gebruik kan word om ’n rivier oor te steek)
- rant (klipperige hoogte), → rand (buitekantste omtrek van ’n voorwerp; ook ’n muntstuk; ook ’n denkbeeldige oorgangsgrens, soos in “op die rand van die graf of van bankrotskap”)
- reier (moerasvoël), → ryer (iemand wat ry)
- ryk (welgesteld en vermoënd), → reik (jou hand uitstrek tot, soos in “reik na die sterre”)
- seine (tekens), → syne (behoort aan hom)
- skud (heftig heen en weer of op en af ruk), → skut (iemand wat skiet; ook ’n plek waar verloopte vee gehou word)
- steil (baie skuins op en af, miskien soos ’n bergpad), → styl (van ’n skrywer; ook van hare)
- vermaard (beroemd), → vermaerd (wat maer geword het)
- vly (jou saggies en gerieflik neerlê), → vlei (moerassige laagte; ook iemand heuning om die mond smeer)
- want (omdat), → wand (muur)
- wei (gras vreet, soos die beeste op die veld), → wy (skenk, soos in “wy jou aandag aan hierdie saak”)
- ys (bevrore water), → eis (gebiedend aandring op iets)

Downloaded from Stanmorephysics.com

# 8.4. BETEKENISLEER: HOMOFONE:


## HOMOFONE

**DOKTER**




**opgeleide persoon in Geneeskunde.**

**BREI**



**om wol met penne in een te werk.**

**FIETS**



**vervoermiddel waarmee jy trap-trap kan ry**

**DOKTOR**




**iemand wat die hoogste akademiese graad verwerf het.**

**BRY**



**die klank “r” wat met die kleintongetjie uitgespreek word.**

**VIETS**



**om baie netjies en deftig te wees.**

**RYK**



**’n persoon wat baie geld het.**

**NOOD**



**’n gevaarlike of haglike toestand.**

**RYS**



**’n kossoort wat uit klein wit/bruin korreltjies bestaan**

**REIK**



**om die hande na iets uit te steek.**

**NOOT**



**word gebruik om klanke te definieer**

**REIS**



**’n rit/tog van een plek na ’n ander.**

Downloaded from Stanmorephysics.com

# 8.5. BETEKENISLEER: HOMONIEME:

**HOMONIEME**

’n HOMONIEM is ’n woord wat dieselfde klink en dieselfde gespel word as ’n ander woord—maar ’n heeltemal ander betekenis en oorsprong het.

VOORBEELDE:

- as (dit wat oorbly as iets verbrand het), → as (van ’n motor), → as (as dit so is; indien dit so is)
- beroep (betrekking) → beroep (versoek om hulp)
- bloei (Bloed wat vloei) → bloei (dra van bloeisels)
- brak (hond), → brak (souterig)
- by (insek wat heuning maak), → by (in die nabyheid)
- duur (kos baie geld) → duur (aanhou)
- eg (nie vals nie), → eg (plaaswerktuig), → eg (huwelik)
- geld (betaalmiddel), → geld (van toepassing wees op, byvoorbeeld “dit geld nie vir jou nie”)
- gids (iemand wat vir ander weg wys) → gids (boek met inligting vir besoekers)
- graaf (waarmee ’n mens spit), → graaf (edelman)
- haar (uitgroeisel uit vel) → haar (dui op besitting van vroulike persoon)
- hou (ek hou van jou) → hou(hy slaan my)
- kaap (hoë berggebied) → kaap (seeroof pleeg; iemand ontvoer)
- kan (in staat wees), → kan (houer waarin bv. die koffie is)
- kant (uiterste rand), → kant (fyn weefsel)
- kap (wat jy met hout kan doen), → kap (deksel oor die masjien van ’n motor)
- ken (’n deel van die gesig), → ken (weet van)
- kies (opening tussen die tandvleis en die wang), → kies (’n keuse doen)
- kom (skottel), → kom (iets of iemand nader)

Downloaded from Stanmorephysics.com

# 8.5. BETEKENISLEER: HOMONIEME:

- leer (toestel met sporte waarteen jy kan opklim), → leer (godsdienstige stelsel, soos in “die leer van Christus”), → leer (die gelooide of gebreide vel van diere)
- lewer (orgaan in die liggaam), → lewer (verskaf)
- maat (afmeting), → maat (kameraad
- meer (in groter hoeveelheid), → meer (groot binnelandse watermassa)
- noot (musiekgeluid), → noot (papiergeld)
- peuter (met iets vroetel) → peuter (‘n jong kind)
- roer (beweeg), → roer (ou woord vir ’n geweer)
- rys (graansoort), → rys (styg)
- staaf (blok van metaal of ’n ander materiaal), → staaf (bevestig)
- steel (handvatsel van byvoorbeeld ’n besem, byl of hamer), → steel (diefstal pleeg)
- stem (geluid wat jy met keel ens. voortbring) → stem (standpunt inneem)
- swael (voëltjie) → swael (liggeel delfstof )
- toon (klank van bepaalde hoogte) → toon (uitsteeksels aan jou voet)
- tog (’n reis), → tog (soos in “kom tog nou”)
- vas (nie los nie), → vas (sonder kos bly)
- voor (waarin die water loop), → voor (nie agter nie)
- wees (om sonder ouers te wees) → wees (om te wees)*to be*
- weer (nog ‘n keer) → weer (gesteldheid van die lug wat wind, ens. betref)
- weg (’n pad of straat) → weg (dit is nie meer daar nie)
- wieg (kinderbedjie) → wieg (plek van oorsprong)

Downloaded from Stanmorephysics.com

# 8.5. BETEKENISLEER: HOMONIEME

## HOMONIEME

**Leer**



Toestel waarteen jy kan opklim

**vertrek**



'n Gedeelte van 'n huis of gebou

**kap**



Deksel oor die masjien van 'n motor

**Leer**



Spandeer tyd om van iets te leer

**vertrek**

Om weg te gaan van 'n spesifieke plek



**Kap**



Wat jy met hout kan doen

**noot**



Word gebruik om klank te definieer

**steel**

Die handvatsel van 'n besem



**graaf**



'n Man wat tot die adelstand behoort

**noot**



Papiergeld

**steel**



Om diefstal te pleeg

**graaf**

Dit word gebruik om mee te spit



Downloaded from Stanmorephysics.com

# 8.5. BETEKENISLEER: HOMOFONE EN HOMONIEME

## HOMONIEME EN HOMOFONE

**Homonieme** klink dieselfde, word dieselfde gespel, maar hulle betekenis verskil.

noot (musiekgeluid)


noot (papiergeld)

lui (die klok lui – klank)



lui (wil nie werk nie)



by (naby) by (insek)



maat (vriend)

maat (eenheid van lengte)

**Homofone** klink dieselfde, maar hulle spelling en betekenis verskil.

reis (rit wat jy onderneem)



(graansoort)

ryk (baie geld hê)



reik(te strek na iets)

as (waarop 'n wiel draai)



as (stof wat oorbly na dit gebrand het.)

weer (nog 'n keer)



weer(die toestand van die lug)

Downloaded from Stanmorephysics.com

# 8. BETEKENISLEER: Oefeninge

## 8.1 Gee die SINONIEME vir die woorde tussen hakies.

1. Hulle (moderne) huis is deur ’n argitek ontwerp.
2. Die man het (gedurende) die koorsang die saal verlaat.
3. Die (skraal) meisie is baie lief daarvoor om te draf.
4. Die (dronk) man was verantwoordelik vir die lelike ongeluk.
5. Ma sê altyd ons moet nie so baie (lawaai) maak nie. **[5]**

## 8.2 Gee die ANTONIEME vir die woorde tussen hakies.

1. Wanneer sal die prys van die vrugte weer begin (styg).
2. Ek hou nie van (gaar) groente nie.
3. (Praat) is ook ’n antwoord.
4. Die onderwyser is (tydelik) by die skool aangestel.
5. Mense moet die natuur (vernietig). **[5]**

## 8.3. Gebruik elke keer die HONONIEM van die onderstreepte woord in ’n sin.

1. Die netbaloefening sal vanmiddag twee uur <u>duur.</u>
2. Ek <u>ken</u> haar al vandat ons in graad 1 is.
3. Jy moet asseblief die <u>lig</u> afskakel as jy die klas verlaat.
4. Die seun <u>ly</u> aan ’n ongeneeslike siekte.
5. Die man het gister van die <u>leer</u> afgeval toe hy die muur geverf het. **[5]**

## 8.4. Kies die korrekte woord (HOMOFOON) tussen hakies.

1. My suster se man is my (swaer/swaar).
2. Die seun het teen die muur (geleun/geleuen).
3. Die man is (lit/lid) van die politieke party.
4. Mnr. Mandela se gesig verskyn op die nuwe (nood/noot).
5. Die meisie het die (rys/reis) verbrand. **[5]**

Downloaded from Stanmorephysics.com

# 8.BETEKENISLEER: Oefeninge:

## 8.5 Volg telkens die instruksies tussen hakies.

1. Sy is die <u>mooiste</u> in die klas. (antoniem)
2. Dit is werklik 'n baie <u>mooi</u> geskenk. (sinoniem)
3. Dit is 'n baie <u>gesonde</u> persoon. (antoniem)
4. Ek kan nie in die <u>wanorde</u> werk nie. (sinoniem)
5. Sy is uiters <u>hoflik.</u> (antoniem) **[5]**

## 8.6 Kies die korrekte woord tussen hakies. (HOMOFONE)

1. Gavin het vir Hanna 'n (vaal/faal) trui vir haar verjaarsdag gegee.
2. Die (doktor/dokter) moes die operasie so vinnig as moontlik doen.
3. Hulle sê dat jy moet droom en na die sterre (reik/ryk).
4. Die boek is (seine/syne) wat hy hier vergeet het.
5. Gavin het die Amerikaanse (styl/steil) nagevolg. **[5]**

## 8.7 Kies die korrekte woord tussen hakies. (HOMOFONE)

1. Die opdraand is baie (styl/steil).
2. Die man het vir sy (swaar/swaer) gaan kuier.
3. Die ma is besig om die baba te (voed/voet).
4. My (hard/hart) klop vinniger as ek bang is.
5. Jy moet asseblief die kamer (vee/feë). **[5]**



Downloaded from Stanmorephysics.com

# 9. AFKORTINGS:

**Afr.** → Afrikaans

**antw.** → antwoord

**Apr.** → April

**asb.** → asseblief

**Aug.** → Augustus

**ATKV** → Afrikaanse Taal- en Kultuurvereniging

**bg.** → bogenoemde

**bl.** → bladsy

**b.o.** → blaai om

**bv.** → byvoorbeeld

**BTW** → Belasting op toegevoegde waarde

**b.v.p.** → been voor paaltjie

**C** → Celsius

**CV** → curriculum vitae

**dept.** → department

**Di.** → Dinsdag

**d.i.** → dit is

**dr.** → dokter

**d.w.s.** → dit wil sê

**ens.** → ensovoorts

**e-pos** → elektroniese pos

**Feb.** → Februarie

**DBV** → Dierebeskermingsvereniging

**hfst.** → hoofstuk

**Jul.** → Julie

**k.b.a.** → kontant by aflewering

**Ma.** → Maandag

**memo.** → memorandum

**m.b.t.** → met betrekking tot

**mev.** → mevrou

**nr.** → nommer

**nm.** → namiddag

**o.a.** → onder andere

**oef.** → oefening

**OTM** → outomatiese tellermasjien

**p.j.** → per jaar

**SA** → Suid-Afrika

**Sa.** → Saterdag

**t.** → ton

**tel.** → telefoon

**vgl.** → vergelyk

**vlg.** → volgende

**Vr.** → Vrydag

**w.** → week

**ww.** → werkwoord

**www** → wêreldwye web

Downloaded from Stanmorephysics.com

# 10.WERKSVELLE:

## WERKSVEL NO 1:

**1. Skryf die volgende sinne oor en verbeter die SPELLING van al die woorde wat verkeerd gespel is. Onderstreep die woorde wat jy verbeter het.**

1.1 Sy het my nie geäntwoord nie en voor die spieel gaan staan.

1.2 Sy het mooi fotos van haar kerel geneem.

**2. Verbeter die WOORORDE in die volgende sinne.**

2.1 Ek wil nie met my fiets na die partytjie Saterdagaand ry nie.

2.2 Ons gaan om te leer bestuur na 'n bestuurskool elke middag.

**3. VERBIND die volgende sinne deur gebruik te maak van die VOEGWOORD tussen hakies.**

3.1 Jy moet eers hiermee help. Jy mag gaan swem. (dan)

3.2 Hy het baie geld geërf. Hy koop deesdae net wat hy sien. (daarom)

**4. Skryf die volgende sinne oor in die VERLEDE TYD**.

4.1 Sy wens hom geluk met sy verjaarsdag.

4.2 Dis die verkeerde boek wat jy koop.

**5. Skryf die volgende sinne oor in die TOEKOMENDE TYD.**

5.1 Al die reëlings word betyds getref.

5.2 Ons is bang en wil nie kyk nie.

.

**6. Gee die VERKLEINWOORDE van die selfstandige naamwoorde.**

6.1 Op die toring wapper 'n vlag.

6.2 Op hierdie blad is nie 'n foto nie.

Downloaded from Stanmorephysics.com

# 10.WERKSVELLE:

**7. Gee die MEERVOUD van die selfstandige naamwoorde.**

7.1 Die politikus sit in die kafee en gesels met die Engelsman en die gimnas.

7.2 Hulle hou nie van die spel nie en soek nou die slaanding.

**8. BEANTWOORD die volgende vrae in die ONTKENNENDE vorm.**

8.1 Het sy reeds die eksamen afgelê?

8.2 Het hy enige foute raakgesien?

**9. Skryf in die ONTKENNENDE VORM.**

9.1 Joanne dra vandag 'n dik jas, want dit is koud.

9.2 Maak asseblief die yskas se deur toe.

**10. Gee die VERGROTENDE TRAP van die woord tussen hakies.**

10.1 John is beslis die (goed) speler van die twee.

10.2 Die see is vandag (ru) as gister.

10.3 Hoe (moeg) ek is, hoe (vroeg) gaan ek in die aand slaap.

10.4 Die stoel waarop hy sit,is baie (laag) as die bank.

10.5 Dit is vanjaar (droog) as verlede jaar.

**11. Gee die OORTREFFENDE TRAP van die woord tussen hakies.**

11.1 Dit is die (duur) boek wat ek nog gekoop het.

11.2 Hierdie soek is die (los) skoen wat ek nog ooit gedra het.

11.3 Dit is die (slu) man wat ek al ontmoet het.

11.4 Dit is die (goed) konsert wat ek al bygewoon het.

11.5 Sy spog nooit oor haar prestasies nie, want sy is die (beskeie) meisie wat ek ken.

Downloaded from Stanmorephysics.com

# 10.WERKSVELLE:

## WERKSVEL NO 2:

**1. Skryf die volgende sinne oor en verbeter die SPELLING van al die woorde wat verkeerd gespel is. Onderstreep die woorde wat jy verbeter het.**

1.1 Die graad-6-klase het nie die paas-eiers geeet nie, want hulle is almal op ‘n dieet.

1.2 In die vroêe more om ses uur is dit nog ys koud, maar twee-uur later is dit al lekker warm.

**2. Verbeter die WOORORDE in die volgende sinne.**

2.1 Ek sal jou by die huis kom oplaai, mits is daar genoeg petrol in my kar.
2.2 Om skoolklere te koop gaan die seuns stad toe per trein Woensdag.

**3. VERBIND die volgende sinne deur gebruik te maak van die VOEGWOORD tussen hakies.**

3.1 Tommy hou van rugby. Hy wil nie rugby speel nie. (nogtans)
3.2 Dit is beslis ‘n wondermiddel. ‘n Mens kan opgewonde raak.(waaroor)

**4. Skryf die volgende sinne oor in die VERLEDE TYD**.

4.1 Wanneer die verpleegster die verband afhaal , is die wond gesond.
4.2 Ek het ’n splinternuwe fiets.

**5. Skryf die volgende sinne oor in die TOEKOMENDE TYD.**

5.1 Die toeskouers moedig hulle span aan.
5.2 Die man loop vrolik en fluit.

**6. Gee die VERKLEINWOORDE van die selfstandige naamwoorde.**

6.1 Die mossie het ’n ring om sy been.
6.2 Die seun het ’n mooi blou hemp en broek aan.

**7. Gee die MEERVOUD van die selfstandige naamwoorde.**

7.1 Op die brug het die papegaai en die groot padda die pa laat skrik.
7.2 Ons drink koeldrank uit die koppie want die glas is stukkend.

**8. BEANTWOORD die volgende vrae in die ONTKENNENDE vorm.**

8.1 Het jy al uitgevind waar die man woon?
8.2 Moet ons al gereed wees?

Downloaded from Stanmorephysics.com

# 10.WERKSVELLE:

**9. Skryf in die ONTKENNENDE VORM.**

9.1 Pippa is reeds onrustig oor die baba.
9.2 Het Gonrad nog iets oor sy sussie gesê?

**10. Gee die VERGROTENDE TRAP van die woord tussen hakies.**

10.1 Ek is vandag (kwaad) as gister, omdat hy weer nie sy werk gedoen het nie.

10.2 Die lig van die kers is (dof) as die lig wat in die kamer brand.

10.3 Hy is vanaand (besope) as gister, maar hy het (vroeg) huistoe gegaan as gisteraand.

10.4 Die kos is (sleg) as die kos wat ek gisteraand gehad het.

**11. Gee die OORTREFFENDE TRAP van die woord tussen hakies**.

11.1 Die sout wat my ma vandag oor die kos gegooi het is die (grof) wat jy kry.

11.2 Die bendeleier is die (wreed) man wat ek nog leer ken het.

11.3 Ek is die (lief) vir my ma.

11.4 Dit is die (baie) wat ek nog vir 'n boek betaal het.

11.5 Die vrugte is die (vars) wat jy kan kry.

**12. Vorm SAMESTELLINGS van die woorde tussen hakies.**

12.1 Die (hok + hond) is te groot vir die hond.

12.2 Die motor het die (paal + lamp) omgery toe hy die pad beister geraak het.

12.3 Die (verhaal + lewe) van Hemelbesem is baie interessant.

12.4 Elke aand om agtuur is dit (eet+tyd) in ons huis.

12.5 Die (kop + ent) van die bed staan teen die muur.

**13. Vul die KORREKTE LIDWOORD in indien nodig.**

13.1 Meeste mense loop nie in pad nie.

13.2 Hy ry met motor na sy werk en soms haal hy trein wat om vyfuur vertrek.

13.3 Seun het in see gaan swem en is deur haai aangeval.

13.4 Mens moet studeer as jy eksamen wil deurkom.

13.5 Liedjies wat deur sanger Francois van Coke gesing word is, is baie gewild.

Downloaded from Stanmorephysics.com

# 10.WERKSVELLE:

## WERKSVEL NO 3:

**1. Skryf die volgende sinne oor en verbeter die SPELLING van al die woorde wat verkeerd gespel is. Onderstreep die woorde wat jy verbeter het.**

1.1 Daar waai twee vlaë voor die skool.

1.2 Die naweek het hy na die Ooskaap gegaan.

**2. Verbeter die WOORORDE in die volgende sinne.**

2.1 Die kinders doeke bring vandag vir die organisasie Atlantic Hope.

2.2 Gister die klein babatjie was in die boks baie honger gevind.

**3. VERBIND die volgende sinne deur gebruik te maak van die VOEGWOORD tussen hakies.**

3.1 Die babatjie kry kos. Die kinders van Hoërskool Kampsbaai skenk baie kos. (omdat)

3.2 Die babatjie gaan na die nuwe ouers. Hy is drie maande oud. (wanneer)

**4. Skryf die volgende sinne oor in die VERLEDE TYD**.

4.1 Die naweek hou ons lekker vakansie.

4.2 Mercedes wen die Formule 1 resies.

**5. Skryf die volgende sinne oor in die TOEKOMENDE TYD.**

5.1 Die naweek moet ons teen Westerford in die sportdagbyeenkoms wen.

5.2 Kudu wil die naweek ook na die wedstryd kom kyk.

**6. Gee die VERKLEINWOORDE van die selfstandige naamwoorde.**

6.1 Die kind sal vandag sy fiets teen die muur staanmaak.

6.2 Ons gaan ’n mandjie na die tuin neem as ons ’n piekniek hou.

Downloaded from Stanmorephysics.com

# 10.WERKSVELLE:

**7. Gee die MEERVOUD van die selfstandige naamwoorde.**

7.1 Die Israeli het die mooi foto van die stad in Italië geneem.
7.2 Die kind gaan die volgende paar week per taxi na die skool reis.

**8. BEANTWOORD die volgende vrae in die ONTKENNENDE vorm.**

8.1 Het jy gister die boek in die rak gesit?
8.2 Het jy al die fliek "Beaty and the Beast" gaan kyk?

**9. Skryf in die ONTKENNENDE VORM.**

9.1 Skakel die lig in die sitkamer aan!
9.2 Die seun het iemand in die huis gesien.

**10. Gee die VERGROTENDE TRAP van die woord tussen hakies.**

10.1 Die man is (geslepe) as die skelm wat reeds gevang is.
10.2 Die boek wat hy lees is (nuut) as die een wat jy in jou hand het.

**11. Gee die OORTREFFENDE TRAP van die woord in hakies.**

11.1 Wayde van Niekerk is die (vinnig) atleet in die 200 meter.
11.2 Hy is ook die (hardwerkende) persoon wat ek ken.

**12. Gee die SINONIEM vir die volgende vetgedrukte woorde**.

12.1 Jy moet **dadelik** die huiswerk in jou boek doen.
12.2 Brad Pitt is die **mooiste** man wat ek nog gesien het.

**13. Gebruik die HOMONIEM van die vetgedrukte woord in 'n sin sodat die betekenis daarvan duidelik na vore kom.**

13.1 Die **vier** leerders het die boeke in die kaste gepak.

13.2 Jy moet **weer** die boeke in die kas terugpak.

13.3 Die verwer het die **leer** gebruik om op die dak te kan klim.

13.4 Ek het my ma se **geen** wat blou oë bepaal, van haar gekry.

Downloaded from Stanmorephysics.com

# 10.WERKSVELLE:

## WERKSVEL NO 4:

**1. Skryf die volgende sinne oor en verbeter die SPELLING van al die woorde wat verkeerd gespel is. Onderstreep die woorde wat jy verbeter het.**

1.1 Die see is spieel glad en blink in die son.
1.2 Dit gaan heel moontlik more reen.

**2. Verbeter die WOORORDE in die volgende sinne.**

2.1 Die mense al die water in die Wes-Kaap gister gebruik het .
2.2 Die seun die toneelstuk moes gister in die saal gelees het.

**3. VERBIND die volgende sinne deur gebruik te maak van die VOEGWOORD tussen hakies.**

3.1 Die leerders is baie stil. Hulle skryf hulle vraestel drie eksamen. (omdat)
3.2 Hulle het baie hard geleer. Die leerders sal baie goed in die eksamen doen.(daarom)

**4. Skryf die volgende sinne oor in die VERLEDE TYD**.

4.1 Wanneer ons teen Muizenberg speel, sal ons hulle wen.
4.2 Tom wil liewer met die tegniesie aspekte van die drama betrokke raak.

**5. Skryf die volgende in die TOEKOMENDE TYD:**

5.1 Ons speel vanmiddag ‘n wedstryd teen ‘n uitnodigingspan.
5.2 Kudu is in die video wat die matriekleerders maak.

**6. Gee die VERKLEINWOORDE van die selfstandige naamwoorde.**

6.1 Die skip gaan in die hawe van die klein dorp vasmeer.
6.2. Die rook van die vuur het die pad so beïnvloed dat die mense moes stilhou.

**7. Gee die MEERVOUD van die selfstandige naamwoorde.**

7.1 Louise het vir Thomas gevra om die gloeilamp in die kamer te verander.
7.2 Die skoolkind het koeldrank by die winkel in die laaste twee straat gaan koop.

**8. BEANTWOORD die volgende vrae in die ONTKENNENDE vorm.**

8.1 Is dit die pad wat ons môre moet vat?
8.2 Wil jy nog steeds die boek in die biblioteek gaan uitneem?

**9. Skryf in die ONTKENNENDE VORM.**

9.1 Skakel asseblief die TV aan!
9.2 Het die man in die spens weggekruip?

Downloaded from Stanmorephysics.com

# 10.WERKSVELLE:

**10. Gee die VERGROTENDE TRAP van die woord tussen hakies.**

10.1 Die muur is (laag) as die muur in die klas.
10.2 Karlien is (oud) as haar boetie Bobby.

**11. Gee die OORTREFFENDE TRAP van die woord tussen hakies.**

11.1 Winternag is volgens alle Suid-Afrikaners die (mooi) gedig.
11.2 Shorty en Bob was van die (jonk) kinders wat op Skipskop was.

**12. Gee die SINONIEM vir die volgende vetgedrukte woorde**.

12.1 Die mense was **ongelukkig** toe hulle hoor hulle moet Skipskop verlaat.
12.2 Die spreker in die gedig het baie **eensaam** gevoel.

**13. Gebruik die HOMOFONE van die vetgedrukte woord in 'n sin sodat die betekenis daarvan duidelik na vore kom.**

13.1 Die mense moes na die Noorde **reis**.
13.2 Die **vier** kinders gaan vannaand fliek toe.
13.3. Ek **eis** dat jy die naweek nie gaan dans nie.

**14. Skryf die volgende sinne almal oor in die INDIREKTE REDE.**

14.1 Die seun vra: " Mag ek asseblief van die pannekoek kry?"
14.2 Louise sê vir Tom: "Jy moet maar vanaand aan jou pa verduidelik."
14.3 Die man sê: " Ek het net die kom hoor of julle vanaand wil gaan fliek."
14.4 Die meisie vra: "Watter boeke moet ons saam bring?"
14.5 Hanna vra vir Sharon: "Hoekom wil jy by Yann gaan sit?"

**15. Kies telkens die korrekte woord tussen hakies**

15.1 Die pasiënt se toestand is (kritiek /krities).
15.2 Hy het 'n (graad/ graat) in tale by die Universiteit van Stellenbosch behaal.
15.3 (Reik/ ryk) uit na arm mense.
15.4 Hy vertel 'n ( leun / leuen/ leen)
15.5 My hare het (gebleik / blyk) in die son.

**16. Voltooi die volgende deur die gegewe opdrag uit te voer.**

16.1 Vorm 'n samestelling van (eet + tyd).
16.2 Dui die kern aan: woordeboek.
16.3 Dui die bepaler aan: hangkas.
16.4 Vorm deur middel van 'n pre- en postmorfeem 'n afleiding : ken
16.5 Kies die korrekte woord tussen hakies: Dit het 8 (jaar / jare) geneem om die boek te skryf.

Downloaded from Stanmorephysics.com

# 10. WERKSVELLE:

## WERKSVEL NO 5:

**1. Skryf die volgende sinne oor en verbeter die SPELLING van al die woorde wat verkeerd gespel is. Onderstreep die woorde wat jy verbeter het.**

1.1 Die Sharks het vandag teen die Kings van die Ooskaap verloor.
1.2 Dit was vandag moedersdag daarom het ma hulle by die restaurant gaan eet.

**2. Verbeter die WOORORDE in die volgende sinne.**

2.1 Die kinders vir hulle ma vandag geskenke koop.
2.2 Gister die skool om die kinders meer tyd te gee vir die naweek gesluit het.

**3. VERBIND die volgende sinne deur gebruik te maak van die VOEGWOORD tussen hakies.**

3.1 Die skool sluit vroeg. Die kinders kan 'n lang naweek hê. (sodat)
3.2 Die toets was baie moeilik. Ek het nie hard genoeg geleer nie. (omdat)
3.3 Jy moet nou dadelik loop. Jy sal nie betyds wees nie. (anders)
3.4 Hy het baie geld geërf . Hy koop deesdae net wat hy sien. (daarom)
3.5 Dit is beslis 'n wondermiddel.'n Mens kan opgewonde raak. (waaroor)

**4. Skryf die volgende sinne oor in die VERLEDE TYD**.

4.1 Ons kyk na die pragtige landskap.
4.2 Die skilder lê die sonsondergang op doek vas.

**5. Skryf die volgende in die TOEKOMENDE TYD:**

5.1 Ek bring die grootste deel van die jaar in Europa deur.
5.2 Die leerlinge skryf die aantekeninge van die bord af.

**6. Gee die VERKLEINWOORDE van die selfstandige naamwoorde.**

6.1 My broer het die duif op die brug sien sit.
6.2 Die ouma het haar koffie uit 'n koppie gedrink.

**7. Gee die MEERVOUD van die selfstandige naamwoorde.**

7.1 Langs die kus het die groot skip gesink.
7.2 Die mooi hemp het my skoonma by die winkel met die baie venster gekoop.

**8. BEANTWOORD die volgende vrae in die ONTKENNENDE vorm.**

8.1 Het jy reeds die eksamen afgelê?
8.2 Was daar enige goeie antwoorde?

Downloaded from Stanmorephysics.com

# 10.WERKSVELLE:

**9. Skryf in die ONTKENNENDE VORM.**
9.1 Help my asseblief nou!
9.2 Ek het besef dat hy die hele dag weg was.

**10. Gee die INTENSIEWE VORM van die woord tussen hakies.**
10.1 Vir my is hy (vreemd).
10.2 Sy ouers is (arm).

**11. Gee die VERGROTENDE TRAP van die woord tussen hakies.**
11.1 Hy het in die boom, wat (hoog) as die dak is , geklim.
11.2 Sy vertrek met die trein,wat (vroeg) as die vliegtuig is.

**12. Gee die ANTONIEM vir die volgende vetgedrukte woorde**.
12.1 Die **begin** van die verhaal is baie spannend.
12.2 Die seun was baie **lui** en het hard gewerk om sukses te behaal.

**13. Vul die ontbrekende VOORSETSEL in.**
13.1 Die boere smag nou…..reën.
13.2 Ek gaan ’n brief …. my vriendin in Engeland skryf.
13.3 Hy is getroud …….my tannie se dogter.
13.4 Kyk …. jou horlosie as jy wil weet hoe laat dit is.
13.5 Hulle het …… hulp geroep.

**14. Gee die SINONIEM vir die volgende vetgedrukte woorde.**
14.1 Hy maak seker dat hy altyd **stiptelik** by die klas is.
14.2 Sy is baie **gelukkig** om weer eerste in die klas te staan.

**15. Vorm ’n SAMESTELLING van die woorde in hakies.**
15.1 Die swemmer het ’n (held + daad) verrig om die drenkeling te red.
15.2 Dit was (kind + speletjies) om die wedstryd te wen.
15.3 Die (lewe + redders) het hulle kompetisie in Kampsbaai gehou.

**16. Skryf die volgende oor in die INDIREKTE REDE.**
16.1 Die seun sê: “ Ek het gister lekker rugby by die skool geoefen.”
16.2 Die juffrou vra: “Jannie, het jy jou huiswerk gedoen?”
16.3 Die seun vra: “Wanneer is die volgende wedstryd?”
16.4 Die meisie vra: “Mag ek asseblief die koerant kry om te lees?”

**17. Is die volgende ‘n stelling ’n FEIT of ’n MENING?**
17.1 Die damme in die Wes-Kaap is nou net 10% vol.
17.2 Die droogte is veroorsaak deur die mense wat water gebruik om hul tuine nat te maak.

Downloaded from Stanmorephysics.com

# 10.WERKSVELLE:

## WERKSVEL NO 6:

**1. Skryf die volgende sinne oor en verbeter die SPELLING van al die woorde wat verkeerd gespel is. Onderstreep die woorde wat jy verbeter het.**

1.1 Die leerder se gunstelling sport is hokkie.

1.2 Jy moet asseblief onmiddellikke die regte besdtanddelle vir die koek gaan haal.

**2. Verbeter die WOORORDE in die volgende sinne.**

2.1 Die seun gister het gekry in die biblioteek sy boek.

2.2 Ziev speel in die musiekblyspel gister die hoofrol het.

**3. VERBIND die volgende sinne deur gebruik te maak van die VOEGWOORD tussen hakies.**

3.1 Jessica het baie hard geoefen. Sy speel die hoofrol in die musiekblyspel. (omdat)

3.2 Joshua hou baie van Waterpolo. Hy wil baie graag elke dag oefen. (dus)

**4. Skryf die volgende sinne oor in die VERLEDE TYD**.

4.1 Wanneer die matriekeksamen begin is dit September.

4.2 Julien is die skurk in die verhaal en speel sy rol baie oortuigend.

**5. Skryf die volgende in die TOEKOMENDE TYD.**

5.1 Die naweek speel ons teen Groote Schuur en dit is ons laaste inter-skole.

5.2 Die matrieks sien baie uit na hulle matriekdans en is baie opgewonde.

**6. Gee die VERKLEINWOORDE van die onderstreepte selfstandige naamwoorde:**

6.1 Die gelukbringer by die atletiekbyeenkoms in London was 'n ystervark.

6.2 Die vuur wat in die kaggel brand is baie warm.

**7. Gee die MEERVOUD van die onderstreepte selfstandige naamwoorde.**

7.1 Die atleet wat aan die verskillende kompetisie deelgeneem het is baie moeg.

7.2 Die skool wat aan die spelkompetisie deelneem sal almal sertifikaat ontvang.

**8. BEANTWOORD die volgende vrae in die ONTKENNENDE vorm.**

8.1 Het Usain Bolt die vierhonderd meter aflos voltooi?

8.2 Het jy al enige vertonings by die skool bygewoon?

**9. Skryf in die ONTKENNENDE VORM.**

9.1 Die meisie het iets by die skool vergeet.

9.2 Die seun het alreeds die boek gelees.

**10. Gee die VERGROTENDE TRAP van die woord tussen hakies.**

10.1 Engeland was in die aflos (vinnig) as Amerika.

10.2 Die kinders moet in die oggend (vroeg) opstaan sodat hulle betyds vir skool is.

10.3 Dit gaan vandag (koud) as gister wees.

Downloaded from Stanmorephysics.com

# 10.WERKSVELLE:

**11. Gee die OORTREFFENDE TRAP van die woord tussen hakies.**

11.1 Die maan is vanaand die (mooi) wat dit nog ooit was.

**12. Gee die SINONIEM vir die volgende vetgedrukte woorde**.

12.1 Ziev het die woorde vir die opvoering **maklik** geleer.

12.2 Die man is baie **ryk.**

**13. Kies die korrekte HOMOFOON in die volgende sinne**.

13.1 Die juffrou is weer vandag in 'n slegte (**bui/by).**

13.2 Die kinders moet in die klas wees as die klok (**ly/lui/lei**).

13.3 Die seun het die (**vier/vuur**) kinders saam met hom gebring.

**14. Skryf die volgende sinne almal oor in die INDIREKTE REDE.**

14.1 Ma vra: "Wanneer kan ons die volgende boek bestel?"

14.2 Lani sê: " Ek is die oudste en ek kan eerste kies."

14.3 James sê: "Ek hou van die geklik van die treinwiele op die spore."

14.4 Annemie sê: "Ek sal nooit alles opeet nie."

14.5 Die kondekteur vra: "Kan ek vir julle iets bring om te drink."

**15. Gee die regte vorm van die DEELWOORDE tussen hakies.**

15.1 Die (loop) water moet opgevang word, omdat water skaars is.

15.2 Die seun het 'n (gebreek) hart, want sy meisie het hom verlaat.

15.3 Die seun het in die (gebreek) glas getrap en sy voet gesny.

15.4 Die (speel) kinders het die bal oor die muur geskop.

15.5 Die vrou het die (koop) trui vir haar seun gegee.

**16. Verbind die volgende sinne met die korrekte BETREKLIKE VOORNAAMWOORD.**

16.1 Die vliegtuig kan nie opstyg nie. Die vlerke van die vliegtuig is beskadig.

16.2 Die sitplekke op die vliegtuig is maar klein. Ons moet almal in die sitplekke inpas.

16.3 Die man is seker haar oupa. Die dogtertjie sit by die man.

16.4 Die lugwaardin is baie behulpsaam. Die passasier praat met haar.

16.5 Die man het sy dyspier seergemaak. Die gelukbringer het met hom gespeel.

**17. Kies die korrekte woord tussen hakies.**

17.1 Dit het my 10 (jaar/jare) geneem om die boek klaar te maak.

17.2 Die seun het (hom/sy) boek in die skool vergeet.

17.3 Die man is verlief (in/op) die meisie wat langs hom woon.

17.4 Jy kan met die trein tot in Johannesburg (rys/reis).

17.5 Die meisie het haar (help/hulp) by die winkel aangebied.

17.6 Die regte (klere/kleure) moet in die skildery gebruik word.

Downloaded from Stanmorephysics.com

# 10.WERKSVELLE:

## WERKSVEL NO 7:

**1. Skryf die volgende sinne oor en verbeter die SPELLING van al die woorde wat verkeerd gespel is. Onderstreep die woorde wat jy verbeter het.**

1.1 Die (gaping/ gaaping) tussen Hanna se tande was vir haar ‘n groot probleem.

**2. Verbeter die WOORORDE in die volgende sinne.**

2.1 Saterdag die sokkerspan het op die Hokkieveld teen Groote Schuur gespeel.

2.2 Oor twee weke die matrieks sal in die seminaarkamer eksamens om te slaag skryf.

**3. VERBIND die volgende sinne deur gebruik te maak van die VOEGWOORD tussen hakies.**

3.1 Die leerders moet baie vriendelik teenoor mekaar wees. Dit is hierdie week RAK-week (wanneer)

3.2 Die mense kom vandag die skool besoek. Die saalbyeenkoms is vandag aan die begin van die skooldag. (daarom)

**4. Skryf die volgende sinne oor in die TOEKOMENDE TYD**.

4.1 Thomas kry die hoofrol teenoor Alex en is baie bly daaroor.

4.2 Hanna wil die hoofkarakter in haar eie storie wees.

**5. Skryf die volgende in die VERLEDE TYD.**

5.1 Die naweek speel ons teen Groote Schuur en dit is ons laaste inter-skole.

5.2 Die matrieks sien baie uit na hulle matriekdans en is baie opgewonde.

**6. Gee die VERKLEINWOORDE van die onderstreepte selfstandige naamwoorde:**

6.1 Die <u>meisie</u> wat die <u>bal</u> geskop het het ‘n <u>doel</u> aangeteken.

6.2 Hy het ‘n <u>foto</u> van die <u>ring</u> wat hy vir haar gegee, het geneem.

**7. Gee die MEERVOUD van die onderstreepte selfstandige naamwoorde.**

7.1 Die <u>taxi</u> het die <u>pad</u> wat na Johannesburg toe gaan, versper.

7.2 Die <u>vuur</u> het baie <u>huis</u> in die <u>gebied</u> om Knysna afgebrand.

**8. BEANTWOORD die volgende vrae in die ONTKENNENDE vorm.**

8.1 Het die sokkerspan enige doele aangeteken?

8.2 Het jy al iets van die eksamen gehoor?

**9. Skryf in die ONTKENNENDE VORM.**

9.1 Jy moet asseblief probeer om water te mors.

9.2 Die leerders gaan volgende week alles wat hulle geleer het onthou.

**10. Gee die VERGROTENDE TRAP van die woord in hakies.**

10.1 Die seun wat (moeg) as sy vriendin is, het die vorige aand (laat) gaan slaap.

Downloaded from Stanmorephysics.com

# 10.WERKSVELLE:

**11. Gee die OORTREFFENDE TRAP van die woord tussen hakies.**

11.1 Jessie was die (lank) meisie in die span.
11.2 Mnr Nelson Mandela was die (goed) leier wat Suid-Afrika nog gehad het.

**12. Gee die ANTONIEM vir die volgende vetgedrukte woorde**.

12.1 Ziev het die woorde vir die opvoering **maklik** geleer.
12.2 Die man is baie **ryk.**

**13. Kies die korrekte HOMOFOON in die volgende sinne**.

13.1 Jy kan met die vliegtuig na Japan( **reis/rys**)

**14. Skryf die volgende sinne almal oor in die INDIREKTE REDE.**

14.1 Ma vra: "Wie het Saterdagaand die mooiste gelyk?"
14.2 Lani sê: "Die kelner het die bord op die grond laat val."
14.3 James sê: "Ek wil graag weer na die fliek kyk."
14.4 Annemie sê: "Ek het gister die koekies gebak."
14.5 Die onderwyser vra: "Wanneer begin julle matrieks om eksamen te skryf?"

**15. Gee die regte vorm van die DEELWOORDE tussen hakies.**

15.1 Die kind het hom met die (kook) water verbrand.
15.2 Die (slaap) kinders het nie die geraas gehoor nie.
15.3 Die (verdwaal) kind het nie sy huis gekry nie.
15.4 Die wedstryd tussen die Leeus en die Sharks was baie (opwen).
15.5. Die (gekraak) venster moet dadelik vervang word.

**16. Verbind die volgende sinne met die korrekte BETREKLIKE VOORNAAMWOORD.**

16.1 Die seun speel vir die beste span. Hy is in die eerste span van sy skool.
16.2 Die rommel stort oor die waterval. Die mense gooi die rommel in die rivier.
16.3 Die juffrou se tas is baie swaar. Die tas is vol boeke.
16.4 Die kat het in die bos geslaap. Die kat het gister verdwaal.
16.5 Die atleet is op die lughawe guldelik ontvang. Die atleet het baie goed in die verspring gedoen.

**17. Kies die korrekte woord tussen hakies.**

17.1 Neelsie weet nie wat harde werk (beteken/bedoel) nie.
17.2 Die vroue het (sy/haar) boek in die skool vergeet.
17.3 Hy is bekommerd (vir/oor) sy swak punte in die eksamen.
17.4 Hy (ken/weet) waar die naaste winkel is.
17.5 Die mense betaal elke (keur/keer) dieselfde bedrag.
17.6 Die (liewe/lewe) van die man was baie interessant.

Downloaded from Stanmorephysics.com

# 11.BIBLIOGRAFIE:

Waar moontlik is erkenning gegee waar inligting van internet net so geneem is.

Anders is van die volgende bronne gebruik gemaak:

BOEKE:


1. Johan ANKER: 2006 AFRIKAANS UITGESPEL;Kaapstad Nasou via Afrika
2. Beryl LUTRIN: 1999 AFRIKAANS HANDBOOK AND STUDY GUIDE; Birman Park; BERLUT BOOKS.
3. Marianne Bezuidenhout: AFRIKAANS ADDISIONELE TAAL in ‘n NUETEDOP; 2009; Allcopy Publishers
4. Suerette Maartens: AFRIKAANS: Jou alles in een opsomming.
5. Marianne Peacock: 1994 PRESTEER IN AFRIKAANS TWEEDE TAAL; Maskew Miller Longman.
6. R STANLEY: 2008 AFRIKAANS SONDER GRENSE STUDIEGIDS;Kaapstad Maskew Miller.
7. Ollie MEGA: 2014 LADUMA REEKS; Kaapstad Ollie Mega BK.
8. NOORD KAAP ONDERWYSDEPARTEMENT: GR 12 STUDIEGIDS; Strukture en konvensies Hersiening Augustus 2017.
9. Flash to Learn
10. Depicta.com
11. R. Schutte: Kragpunt a-z Taalleer
12. M. Swanepoel: Kragpunt Stompi
13. J.van Zyl: Kragpunt Afrikaans
14. Google images.
15. Wes-Kaap Onderwysdepartement




Downloaded from Stanmorephysics.com